# Vrye Weekblad

8 Februarie 1991 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)




## Kry die boere regtig so swaar?



## Winnie is al gewoond aan warm water



Waarheen is alternatiewe Afrikaanse musiek op pad?

Desmond Tutu oor FW se Damaskus-ervaring






Burgemeester van die global village: CNN se Ted Turner



'n Renoster in die nag... bedreig deur die wet

# Die wet moet verander

VOORDAT wetgewing nie drasties verander word nie, sal veral Suider-Afrika, maar ook die res van Afrika hard geslaan word deur veral Oosterse, maar ook Amerikaanse wilddiewe en smokkelaars.

Bewaringskundiges sê die wet, soos dit tans in Suid-Afrika bestaan, is heeltemal onvoldoende en vol teenstrydighede.

Vandeesweek het twee Taiwanese in die Johannesburgse landdroshof skuldig gepleit op aanklagte van die onwettige besit van 51 renosterhorings en ses olifanttande. Indien dié ware verkoop sou word, kon Peter Liu en Nathanial Fortoen tot R10 miljoen op die swartmark behaal het. Hoewel beide skuldig bevind is, is hulle net 'n boete van R750 of drie maande tronkstraf opgelê.

Die boetes kon nie groter wees nie omdat die wet bepaal dat die maksimum straf R1 500 of 18 maande tronkstraf of beide is.

Kort daarna is 'n persoon in die Krugerwildtuin betrap wat 'n olifant en agt ander diere doodgemaak het. Hy is 'n boete van R31 150 of vyf jaar tronkstraf opgelê.

Die afgelope twee jaar het Kaapland, Transvaal en Vrystaat se ordonnansies onveranderd gebly. Natal en die Nasionale Parkeraad se regulasies is egter sodanig gewysig dat 'n maksimum boete van R100 000 of tien jaar tronkstraf of beide vir dié tipe misdaad opgelê kan word.

Dié versuim geskied hoewel die departement van Omgewingsake reeds op 17 Oktober 1987 'n konsepordonnansie aan die verskillende provinsies gestuur het waarin hulle gevra is om die voorstelle in hul ordonnansies in te sluit.

Die voorstelle het behels dat die maksimum straf vir die jag, vang, besit, vervoer, koop, verkoop, skenk of ruil van renosters (of enige deel van renosters) met 'n maksimum van 10 jaar tronkstraf of R100 000 of albei beboet moet word.

Op 3 Maart 1989 het die Departement van Omgewingsake ook as koördineerder opgetree tydens 'n ontmoeting van al die provinsies en die Nasionale Parkeraad. Toe is eenvormige strawwe vir die doodmaak van renosters voorgestel en alle liggame betrokke het voorstelle aanvaar om boetes te verhoog tot 10 jaar tronkstraf, R100 000 of albei.

Die hoof van Natuurbewaring in Kaapland, dr Johan Neethling, sê "daar is nie voete gesleep" in sy departement oor die wysiging van die regulasies nie.

Daar is geen rede waarom dit so lank neem vir die Kaapprovinsie om die regulasies te verander nie, sê Neethling: "Ons moes al die administratiewe prosedures volg en het in die verlede baie ander wetwysigings gehad om te doen."

Die LUK vir Gesondheidsdienste en Natuurbewaring van die Transvaal, Fanie Ferreira, sê ook dat sy departement nie hul voete gesleep het nie.

"Ek wil die versekering gee dat ek oor dié ding broei. Dit is 'n moeilike saak en die ouens is met baie ander dinge ook besig."

Oor die gevolge van ligte strafoplegging sê Ferreira: "Ja, daar was implikasies. Dié mense kom intussen weg. Maar daar is baie 'ja, maar's' in dié saak. Maar, dit is nie 'n verskoning nie."

Die DP-LP vir Bryanston en woordvoerder oor Omgewingsake, Rupert Lorimer, meen dat strafmaatreëls van 10 jaar tronkstraf, R100 000 of beide ook nie genoeg is nie en stel voor dat skuldiges ook verplig moet word om drie maal die waarde van hul vrag te betaal.

"Hulle moet hard geslaan word omdat een swartrenoster se horing soveel as 'n half miljoen rand elk kan behaal. Met die huidige strawwe loop die smokkelaars laggend weg.

"Die polisie werk soos honde om die skuldiges aan te keer en dan word dié belaglike strawwe opgelê. Die ligte straf wat smokkelaars opgelê word, is weens grootskaalse nalatigheid van die kant van die provinsiale beamptes. Hulle moet 'n slag van hul vereelte boude afklim."

Marilyn Dougall van die Trust Bedreigde Natuurlewe sê die huidige strawwe "is hopeloos onvanpas".

"Ons het die afgelope twee jaar en langer reeds aanbevelings gedoen oor verhoogde strafmaatreëls vir smokkelary, maar indien wetgewing nie gewysig word nie, sal renosters en olifante in Suid-Afrika en die res van Afrika heeltemal uitgewis word - soos met die swartrenoster gebeur het," sê sy.

**- PEARLIE JOUBERT**

# Die smokkelkonings bly op vrye voet

'N GROOT Taiwanese in- en uitvoermaatskappy is verantwoordelik vir die onwettige handel van ivoor en renosterhorings in Suid-Afrika.

Uit dié maatskappy se kantoor in Johannesburg word 'n sindikaat beheer wat met ivoor en renosterhorings smokkel, sê bewarings- en polisiebronne. Die meeste smokkelaars in ivoor en renosterhoring wat die laaste tyd in Suid-Afrika aangekeer is, is Taiwanese.

Die renosterhorings en ivoor kom uit Namibia, Zambië, Angola, Mosambiek, Suid-Afrika en die Zambezi-vallei.

Peter Liu, of die "One-armed Chinaman", soos hy in die onderwêreld bekend staan, en Nathanial Fortoen, wat vandeesweek skuldig bevind is weens die onwettige handel in R4 miljoen se renosterhorings en olifanttande, is volgens Vrye Weekblad se ondersoek net 'n klein afdeling in dié reuse sindikaat smokkelaars.

Liu en Fortoen is in besit van 51 renosterhorings en ses olifanttande betrap. Die ivoor en renosterhorings word onder meer na Taiwan uitgevoer, maar ook na Europa.

Die hoof van dié maatskappy besit glo saam met sy familie ivoorkerffabrieke in Taiwan en Liu en Fortoen is volgens inligting deel van dié sindikaat hoewel hulle onbelangrike skakels in die ketting vorm.

Liu, wat blykbaar 'n geruime tyd reeds by dié bedryf betrokke is, is glo "uitverkoop om die grootbase te beskerm".

Die rede waarom die hoof van dié sindikaat nog nie aangekeer is nie, is omdat die hoof van die maatskappy bekend is daarvoor dat hy vir jare reeds sanksies teen Suid-Afrika omseil, word beweer.

In Mosambiek was daar in 1981 ongeveer 54 800 olifante. In 1989 was daar net 17 000 olifante oor. In Namibia is die olifant-bevolking aan die styg.

Zambië is een van die lande wat die hardste geslaan is deur wilddiewe - asook deur die sindikaat waarvan Liu en Fortoen deel was. In 1981 was daar 160 000 olifante en in 1989 net 32 000.

Dwarsdeur Afrika was daar in 1981 ongeveer 1 194 331 olifante. Tans is daar net 610 000 oor.

**- PEARLIE JOUBERT**

# Stakings dreig weer by hospitale

DIE stakings wat verlede jaar hospitale lamgelê het, dreig om weer uit te breek nadat verpleegsters en werkers wat aan die stakings deelgeneem het, voor die tugkomitee van die SA Raad op Verpleging gedaag is.

Talle gesondheidswerkers het dié week by verskeie hospitale in Johannesburg en omliggende gebiede, tydens hul etensuur teen die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleegsters betoog. En hulle dreig: as die raad se aksies nie gestaak word nie, gaan hulle verder.

Die algemene gevoel is voorts dat daar van die Raad op Verpleging en die SA Verpleegstersvereniging, ontslae geraak moet word. Alle verpleegsters in die land is verplig om by die vereniging aan te sluit en hulle te onderwerp aan die reël dat hulle nie mag staak nie. Dit is ingevolge die Verplegingswet van 1950.

Baie van die betogende werkers is lede van die National Education, Health and Allied Worker's Union (Nehawu), met 'n ledetal van 50 000. Dié vakbond sê dat die gedragskodes vir verpleegsters vir hulle irrelevant is, omdat daar eers aandag geskenk moet word aan die werkers se behoeftes en belange.

Volgens Monde Mditshwa, nasionale organiseerder van Nehawu, is verlede jaar in onderhandelinge met hospitaalowerhede ooreengekom dat werkers nie voor die tugkomitee sou verskyn weens hul deelname aan die staking nie. Nehawu en gesondheidswerkers meen dat hierdie ooreenkoms verbreek is. Die Raad op Verpleging antwoord hierop dat hulle onafhanklik is en daarom nie aan dié ooreenkoms gebind was nie.

Maar Mditshwa sê die Raad is hoegenaamd nie gewillig om met Nehawu te praat nie. "Ons het geen toegang tot hulle nie, die Transvaalse Provinsiale Administrasie het wel toegang tot die raad. Ons het die TPA dus genader en hulle gevra om die implikasies van die raad se aksie aan hulle te verduidelik."

Tot dusver was daar egter nog geen reaksie nie. Die Raad op Verpleging se adjunk-registrateur, Dawid Harmse, bevestig hulle is nog nie deur die TPA genader nie.

Hoewel die datums nog nie vasgestel is nie, gaan die tugoptredes beslis voort, sê hy. Aan die moontlikheid dat die betogings kan ontaard in stakings, het die raad nog nie aandag geskenk nie, sê hy.

Nehawu sê dat hulle nie gaan staan en toekyk hoe verpleegsters geviktimiseer word nie. "Ons hoop in dié stadium dat werkers nie hul werk hoef te stop nie, ons sal probeer om dit te verhoed."

Tot dusver word die etensuurbetogings gebruik as 'n teken van verset, om die boodskap oor te dra "dat ons weerstaan wat julle doen, as dit nie stop nie sal ons meer doen," volgens van die verpleegsters. Die derde betrokkene by die dispuut, die Verpleegstersvereniging, loop ook sterk deur.

"Die Verpleegstersvereniging het 'n 'holier than thou'-posisie ingeneem," sê Mditshwa. "Hul enigste belangstelling is die instandhouding van gesondheid teen die hoogste standaard, wat nie onderbreek mag word nie. Wát die onderbreking veroorsaak het, stel hulle nie in belang nie. Hulle staan net reg om diegene wat bietjie uit pas is, aan te val".

Die vereniging is 'n "puppet body" wat geen geloofwaardigheid het nie. Hy het 'n reputasie dat hy staan en toekyk hoe die Raad op Verplegings verpleegsters intimideer, en verteenwoordig dus nie die belange van die verpleegsters nie, beweer 'n ander lid van Nehawu.

**- IRENE LOUW**

## Dit was nie net ek nie, sê Oshry

DIE leier van luit-genl Lothar Neethling se regspan tydens sy lastereis teen Vrye Weekblad, adv Willy Oshry, QC, sê dat hy nie alleen die besluit geneem het om drie veiligheidspolisiemanne as getuies te roep nie, maar dat dit 'n besluit was wat deur die hele span geneem en deur die generaal goedgekeur is.

Oshry, wat intussen onthef is as Neethling se advokaat vir 'n appèlaansoek, het gereageer op 'n berig in verlede week se Vrye Weekblad dat daar ongelukkigheid bestaan oor sy besluit om brig Willem Schoon, kapt Paul van Dyk en maj Koos Vermeulen nie as getuies te roep nie.

"Die besluit om nie die getuies te roep nie, was nie eensydig deur my gemaak nie. Dit was 'n gesamentlike besluit van die regspan en is later ondersteun deur adv Piet Kemp, wat namens die minister van Wet en Orde opgetree het.

"Generaal Neethling was tevrede om sy saak by sy eie getuienis te berus en wou op geen manier met die veiligheidspolisie verbind word nie. Ons het sy besluit aanvaar," sê Oshry.


**Rekeningbestuurder**

**Vrye Weekblad het 'n vakature vir 'n ervare rekeningbestuurder. Ons soek iemand met goeie administratiewe kwaliteite en rekenaaropleiding (Accfin of Lotus 1-2-3) om by ons opwindende span te kom aansluit.**

**Ons gee nie om hoe oud jy is, watter geslag of kleur jy is of watter taal jy praat nie.**

**Ons bied 'n goeie vergoedingspakket en 'n lekker werksomgewing aan.**

**Skakel Cathy Fennessy by (011) 836 2151 om 'n afspraak te maak.**

# AWB sukkel steeds om die hel los te kry

**INA VAN DER LINDE sê iets van die grootse AWB-teater van vroeër het verlore gegaan. Die humor ontbreek en die retoriek is niks meer as holklinkende woorde nie**

IN die nuwe politiek is selfs die AWB nie meer wat hulle was nie.

Weg is die skares van oor die 4 000 wat in vroeër jare op 'n weeksaand die stadsaal van Pretoria so volgepak het dat sommige buite op die dak van die balkon deur die vensters moes hang vir 'n vlugtige blik op die "Boere" se eie volkspoeët, Eugene Ney TerreBlanche.

Die orator wat in staccato-masjiengeweersarsies honend die PW-bewind as "bang mannetjies" en "kaboutertjies" kon afmaak, het Woensdagaand in Pretoria maar sowat 2 000 toehoorders getrek, die HNP-ondersteuners van Jaap Marais ingesluit.

Dit was opmerklik dat die HNP en die AWB, wat die afgelope jaar orals saam vergadering hou, hul afsonderlike identiteite sterk bly handhaaf. Die manne met die pakke, of oopknoopehemde en gewone broeke, vergesel van vroue, informeel-deftig geklee in die ou politieke styl, is HNP's. Op die verhoog sit hulle regs.

Die kakie-manne en hul robuust-geklede vroue, baie met weermagbroeke en stewels, is AWB's. Op die verhoog sit hulle links.

Die opmars vooraf van Kerkplein af, was 'n AWB-"eiesake". Die klein groepie van sowat 300 was hoofsaaklik kakie-draers. Die rede vir die swak opkoms by die opmars, verklaar TerreBlanche, was omdat dit eintlik maar gegaan het om die bekendstelling van die sogenaamde WEN KOMMANDO.

Wat maar al te veel lyk na die ou Aquilawag met 'n trom-majoor vooraan 'n troepie tromslaners wat al te mooi kan roffel.

'n Pamflet word uitgedeel met 'n oproep om by die WEN KOMMANDO aan te sluit: "Die oorwinning lê nie in die hand van die oormag nie, maar in die hand van die Here, en die Here gee aan hulle wat in sy naam veg, al is hulle hoe min." Woorde glo van pres Paul Kruger tydens die Anglo-Boereoorlog.

Van die troepe wat die agterste wes dek, lyk maar bra gehawend. Soos 'n peleton wat die oorlog verloor het. In die skaretjie agter die WEN KOMMANDO word dan en wan die dreunsang, "AWB, AWB, AWB" gehoor. En "Ringe ringe rosy, FW het 'n ousie". Eers huiwerig en later manhaftiger.

Van "die hel is los", soos 'n plakkaat by die stadsaal lui, het nie veel gekom nie.

Maar TerreBlanche het nog sy oomblikke in die poësie wat hy vóórdrá:

Die léwe is 'n stryd. Elke dag van die léwe is één geweldige stryd. Die termiét op die grónd die stry om aan die léwe te bly. Hy wérk en árbei en hy máák bymekáár. Die diére stry op die dróë vlákte in die gróót dróóg. Só is in die léwe van 'n méns...

Só is die léwe van 'n vólk... Die geskiédenis van die Bóérvolk is ook vól daarvan. Altyd stryd. Stryd van protestánt om sy gelóófsbelydenis te laat bly stáán. Op die pynbánk rék hulle die rékstang uitmekáár sodat die sénuwee en die spiére eintlik bréék en die béén en die líggaam úitmekáár geskéúr word. Met sy verstárde líppe bely hy nóg waaraan hy gló. Stryd teen die ónméétlike séé en die gróót oséáne en die kléin sképies wat hulle wégvoer na dónker Afriká om ook dáár te stry...."

Dis die Groot Trek en Slagtersnek. Dan word die stryd die "via de la Rosa", die "versuiwering sodat die reste uitgepuur word, sodat die edele en die suiwere besit neem van hulle, sodat hulle selfs met God praat:.." (hoë crescendo en ruspunt). "Met God 'n verbond aangaan en in die naam van die Skepper veg...".

Anders as andere volke het die Boervolk Afrika beskaaf, sê Terre'Blanche:

Hy het téén rúiters en bómme met kanónne...deur die lánd gekrúié. Met 'n káálvoet by die kúdde, met 'n wiégie in 'n wá, met hóénders in téntkappe is Afriká beskááf.

En nou is dit FW de Klerk wat ontrou geword het aan die tradisie, die volk, die kiesers. "Al trou wat hy heel waarskynlik sal hê, mnr die voorsitter, hy sal die voorreg hê om 'n glasie dop te klink as sy seuntjie met die Kleurling trou..." (hoor~! hoor!, phuuut, phuut, handeklap).

"Hierdie verbeeldinglose klein politieke leuenaar en konkelaar die gaan vat die Progressiewe Party se beleid net soos hy daar staan...

"Daar kom nie 'n verkiesing nie. Dis die volk se grond waaroor hulle praat, dis die vryheid van ons mense. Dis die gelofte wat ons aan die lewende Skepper gemaak het wat hulle bereid is om weg te konkel en bereid is om 'n kompromie aan te gaan met die kommuniste en die duiwel en die hel!" (hier en daar 'n hoor! hoor!)

Hy lewer 'n pleidooi vir regse eenheid, en dreig met "'n nuwe Bloedrivier". Maar die staande ovasies is minder, die hoor-hoors al meer gedemp. Iets van die grootse AWB-teater van vroeër het verlore gegaan, en iets van die humor.

Met tye was die magsvertoon bloot vervelig - en holklinkend, die retoriek bied niks behalwe dreigemente van "stryd" nie. En vir sy ondersteuners troos dit klaarblyklik nie meer nie.



Dié lewe is 'n stryd

*(Foto: Lise Joubert)*

# Parlement mag nie oor Neethling praat

'N DEBAT wat die afgelope maande wyd in die koerante, op televisie en deur die publiek gevoer is, mag nie in die Parlement bespreek word nie. Die waarnemende Speaker het gister bevind dat die Demokratiese Party nie die Neethling-uitspraak verder mag ophaal nie.

Die waarnemende Speaker en NP-LP, dr Helgard van Rensburg, het bevind dat die saak sub judice is. Dit verhoed die Demokratiese Party om vrae te stel en 'n debat te voer oor luit-genl Lothar Neethling se regskostes, sy posisie in die polisie en die implikasies van die hofuitspraak.

Kort nadat regter Johan Kriegler verlede maand in die Randse Hooggeregshof bevind het dat Neethling, hoof van wetenskaplike en tegniese dienste van die SAP, gif aan kapt Dirk Coetzee verskaf het en moordbendes wel bestaan het, het Neethling gesê dat hy gaan appelleer en dat die saak sub judice is.

Die polisie, die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, en die minister van Justisie, Kobie Coetsee, het kort hierna geweier om op die uitspraak kommentaar te lewer omdat die saak sub judice sou wees.

'n Johannesburgse media-prokureur, Mark Rosin, het gister gesê die saak kan onmoontlik sub judice wees omdat die appèl nog nie voor enige hof dien nie en geen bevinding van enige hof dus nadeling beïnvloed kan word nie.

Die DP-LP vir Houghton en self 'n regsgeleerde, Tony Leon, het kort voor die Speaker se beslissing gesê dat dit baie jammer sal wees indien die Parlement nie die Neethling-uitspraak kan bespreek nie.

"Die Parlement is die hoogste besluitnemende liggaam in Suid-Afrika, en hy behoort dieselfde debatte te kan voer as wat in koerante, oor die SAUK en M-Net aandag geniet. Die Neethling-uitspraak is sonder twyfel in die openbare belang," het Leon gesê.

Van Rensburg het gesê dat die Parlement oor die algemeen die sub judice-beginsel wyer toepas as wat andersins die geval is. Hy sê die Parlement moet 'n groter mate van selfdissipline toepas. Daarbenewens het Neethling reeds kennis van appèl gegee en 'n datum vir die aanhoor daarvan is reeds vasgestel.

**- JACQUES PAUW**

# Nou koukus die KP oor eenheid

ANDRIES TREURNICHT, die leier van die Konserwatiewe Party, het dié week naarstigtelik "operasie eenheid" geloods om versoening en vrede binne die parlementêre koukus te probeer bewerkstellig.

Op 'n vergadering van die koukus gister is die ernstige interne krisis vanweë diepe verskille oor strategie en beleid bespreek.

Dit volg op die onthullings verlede week dat die KP-koukus diep verdeeld is oor die vraag of die party wel aan die komende veelpartykonferensie oor 'n nuwe grondwet moet deelneem.

Vrye Weekblad was die eerste om te berig dat "die oomblik van waarheid" vir die KP aangebreek het en dat hy in die volgende weke voor 'n pynlike dilemma te staan kom vanweë sy volgehoue weiering om met die ANC te onderhandel.

Die KP-koukus is glo in drie groepe verdeel: Die "Ou Garde" onder leiding van Ferdie Hartzenberg, die onderleier wat verbete vasskop teen beleidsaanpassings en onderhandelinge met die ANC; die "Nuwe Regses" onder leiding van Van der Merwe wat nuwe strategieë voorstaan; en 'n derde groep, wat simpatieë met die "Nuwe Regses" sou hê.

'n KP-LP sê dié week aan Vrye Weekblad: "Ek het dié week oproepe van verskeie KP-lede gekry wat sê die benaming 'ou garde' is inderdaad verkeerd. Want hulle moet eintlik 'Nuwe HNP' genoem word. Die HNP klou na 24 jaar nog steeds krampagtig vas aan die Ou Verwoerdbeleid wat hulle in alle opsigte net so wil toepas ondanks al die veranderde realiteite."

Treurnicht speel 'n sentrale rol om die groeiende twis te besweer. Verskeie LP's sê dat sy eerste doelwit is om eenheid ten alle koste te behou.

Hy besef egter blykbaar dat die interne debat nie kunsmatig stopgesit kan word nie, "maar hoop om die saak op 'n ander manier vorentoe te hanteer", sê een LP.

Na afloop van die koukus-vergadering gister het een verligte LP kortliks opgemerk: "Ons bly verenig, maar dit gaan goed met ons groep".

Verligte lede van die sogenaamde Nuwe Regses verwelkom die onthulling van die debat in KP-geledere: "Want daar is alle aanduidinge dat ons besig is om die argument te wen vanweë die realiteite waarvoor ons staan en die intellektuele aanvaarbaarheid van ons argumente".

In wese gaan die KP-debat oor twee sake: Eerstens oor onderhandelinge aldan nie met die ANC. Tweedens oor die grense van die blanke gedeelte van Suid-Afrika.

Die "Ou Garde" wil soveel as moontlik van die huidige 87 persent van die land vir blankes behou. Die verligtes weer, glo dat 'n drasties verkleinde blanke land as die enigste realistiese voorstel onder die omstandighede beskou kan word.

In 'n onderhoud met Vrye Weekblad verlede jaar, het Van der Merwe reeds die nuwe beleidsaanpassinge bepleit. Hy het gesê dat as die selfbeskikkingsreg van die blankes gewaarborg word, sal die KP wel aan onderhandelinge deelneem en 'n baie kleiner blanke land voorstaan.

Die Ultra-verkramptes het nou die lang messe uitgehaal om van Van der Merwe ontslae te probeer raak, beweer LP's in die verskillende kampe. So word die storie nou versprei dat hy in der waarheid met die 1982-skeuring deur die NP doelbewus in die KP-koukus "geplant" is.

Van der Merwe en Hartzenberg het albei dié week toesprake in Kaapstad gehou. In die parlement het Van der Merwe Woensdag gesê dat die KP nie aan die onderhandelinge sal deelneem nie, tensy die regering die selfbeskikkingsreg van groepe erken. Maar dit is betekenisvol dat die grootste deel van sy toespraak gewy is aan 'n intense pleidooi dat in die nuwe Suid-Afrika daar plek vir die Afrikaanse taal, Die Stem en die vlag moet wees.

"Die vlag is in my bloedstroom en gee ons hoenderervleis as dit gehys word", het hy gesê.

Die toespraak is in doodse stilte aangehoor. Agtema is hy oorval met gelukwensinge van KP-lede. In 'n openbare eenheidsgebaar het Hartzenberg opgestaan om Van der Merwe se hand entoesiasties te skud, maar ook lede van die NP en van die Afrikaanse lede van die DP het aan hom briefies van gelukwensinge gestuur. Maar dieselfde aand skop Hartzenberg vas toe hy 'n openbare politieke vergadering in Maitland toespreek. Hartzenberg beklemtoon die KP sal nie aan onderhandelinge oor 'n nuwe grondwetlike bedeling in Suid-Afrika deelneem nie. Die KP sal geen kompromie tref of onderhandel oor die blankes se reg om homself te regeer nie.

**- HENNIE SERFONTEIN**



Menseregte vir almal

# Steeds huisloos ná 40 jaar se arbeid...

**Ondanks die fabelagtige prentjie wat die toerismepamflet skilder en die feit dat die wêreld dalk binnekort weer dié kontrei se vrugte gaan eet, lyk dinge nie so rooskleurig op Villiersdorp nie. CHRISTELLE TERREBLANCHE het dié Bolandse dorpie besoek**



Plakkery op Villiersdorp

*(Foto: Philip Littleton - AFP)*

OP die Bolandse dorp Villiersdorp is daar mense wat die laaste veertig jaar reeds op die dorp werk, maar die laaste veertig jaar nog geen vaste woonplek daar het nie. Hulle en ander sonder heenkome het dié week twee keer op 'n oop stuk grond gaan plak.

Boere in die omgewing het die polisie en munisipale amptenare gehelp, onder luide aanmoediging van ander boere en inwoners, om die sowat 200 mense hardhandig te verwyder en beslag op hul boumateriaal te lê.

Altesame 49 plakkers en lede van die Villiersdorp Civic is weens betreding aangekla. Polisie-versterkings het in groot getalle van nabygeleë dorpe na Villiersdorp opgeruk.

Die optrede deur die swart en bruin gemeenskappe volg nadat maandelange vertoë aan die hoofsaaklik KP-gesinde stadsraad niks opgelewer het nie.

Villiersdorp was een van die sentra in die Boland wat die swaarste onder sanksies moes deurloop. Skandalige gebruike, soos kinderarbeid en hongerlone, het veral in die vrugtebedryf voorgekom en is lank terug reeds deur die internasionale pers onthul - met sanksieen boikotoptredes teen Suid-Afrikaanse vrugte tot gevolg.

Noudat sanksies opgehef word, sê die kritici, gaan Suid-Afrikaanse sagtevrugte binnekort weer deur verbruikers van Londen tot Sydney opgeraap word. Maar die lewensomstandighede van werkers op vrugteplase en in pakhuise het oënskynlik min verander sedert die vroeë dae van sanksies.

Die vrugteboere wil toeriste ook lok. "Die lowerryke vrugbaarheid van die Vallei is skouspelagtig, met 'n mikroklimaat en reënval waarvan vrugteboere droom," lui 'n toerismepamflet wat onlangs deur Unifruco, 'n bemarkingsmaatskappy vir die vrugtebedryf, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Toerismeraad uitgegee is.

Inwoners van Nuwedorp, die bruin township buite Villiersdorp, sê hulle voel nie baie welkom nie. Die swart werkers in die enkelkwartiere op die dorp sê hulle mag nou nog nie hul gesinne na die dorp bring nie. Daar is geen plek waar swartmense mag woon buiten die hostel nie.

Die glanspamflet gaan voort: "Vandag kan Vyeboom/Villiersdorp (albei grens aan die Theewaterskloofdam) aanspraak maak op die grootste sprong in produksie (en die inpalming van 'n ooreenstemmende porsie van die uitvoermark) binne die kortste tydperk, met 'n vrugteoes wat op die oomblik R59 miljoen per jaar op die uitvoermark werd is."

Verlede jaar het 'n rekord-oes opgelewer. Die basis van dié rykdom, skoonheid en buitengewone oeste word steeds grootliks deur seisoenale- en trekarbeid gelê. Maar wanneer hul werk klaar is, is daar geen plek vir hulle meer nie. 'n Groot deel van die werkerskorps het geen heenkome of inkomste nadat die bome en wingerde kaal gestroop is en die oes na afsetpunte weg is nie.

Intussen word die diensfooie van mense wat wel 'n heenkome het, verhoog sonder dat hulle inspraak daarin het. Teen die begin van die jaar het die munisipaliteit met stappe begin teen mense van Nuwedorp wie se diensgeld agterstallig is. Die township is propvol weens die drukte van die seisoentyd.

Die Villiersdorp Civic het aan ingrypende stappe begin dink om dit teen te staan.

'n Versoekskrif met ook ander algemene griewe oor die gebrek aan behuising te midde van ernstige sosio-ekonomiese probleme is einde verlede jaar tydens die dorp se eerste politieke optog aan die stadsklerk, Johan Serfontein, oorhandig.

Serfontein het toe aan Vrye Weekblad gesê die stadsraad en munisipaliteit sal indringende aandag daaraan gee.

Maar die eise is uiteindelik afgemaak: as die bruin en swart dorpenaars nie belastingkragtig is nie, kan hulle ook nie voorregte geniet nie. Die munisipaliteit het uiteindelik per poskaart aan die Civic laat weet dat hy later, wanneer dit hom pas, weer sal onderhandel.

Vandeesweek sê Serfontein: "Ek wil net vir u sê, ons gaan geen plakkery toelaat nie. Het jy al so iets 'n soos ordelike plakkerskamp gesien? Die munisipaliteit sal self besluit watter soort behuising vir hom aanvaarbaar is. Ons werk onverpoos om grond en dienste te verskaf. Maar soos jy weet, is dit nie plaaslike owerhede se plig om behuising te voorsien nie."

Maar die voorgestelde wooneenhede is te duur. Volgens die Civic sal geen van die dakloses die wooneenhede, van formele of informele aard, met hul karige lone kan bekostig nie. Talle verdien net R30 per week - hoofsaaklik stuk-, trekarbeids- en seisoenale lone.

"Mense eis die reg om te plak," sê vader Charles Williams van die Anglikaanse gemeente in die omgewing.

"Ons het gaan plak omdat ons nie langer kan wag dat 'n plan gemaak word nie," sê Thomas Jansen, woordvoerder van die Civic. "Die swart gesinne het nêrens om te woon nie en in die township bly die meeste mense reeds twee gesinne per huis."

Verlede Saterdag is 'n aantal plakkershutte op die oop stuk grond langs Nuwedorp opgerig. Die Civic meen aangesien die Groepsgebiedewet binnekort iets van die verlede sal wees, is daar geen rede waarom swart en bruin nie saam daar kan plak nie.

Die strukture is tydens 'n soortgelyke poging verlede jaar deur die polisie afgebreek. Inwoners sê boere van die omgewing het gehelp met die aftakeling, hoewel dit ook nie hulle grond is nie. Volgens die stadsklerk was dit die munisipaliteit wat dit afgebreek het - in samewerking met "vrywilligers" van die omgewing.

Die Civic sê 'n AWB-kommando opereer in die sogenaamde Bossieveld-area binne die munisipale gebied, waarskynlik langs die bekende Veldblomtuin en Natuurreservaat langs die dorp. Die munisipaliteit ontken dit.

Maandag is sowat 140 lede van die Civic met 'n protesskrif na die munisipaliteit, wat hulle tot middagete beset het. Dit het gepaard gegaan met 'n algemene werkstaking in die omgewing en onderhandelinge met die stadsraad oor die huishuur-vervolging, die gebrek aan behuising en beskikbare grond en die boere en stadsvaders se algemene minagting van swart en bruin inwoners.

Die onderhandelinge het op niks uitgeloop nie en die plakkers het weer gaan plak en weer is hulle verwyder. Afgesien van die 49 wat weens betreding aangekla is, is sowat 40 eendag-stakers by pakhuise en op plase in die pad gesteek.

Die res beoog om weer te plak. "Ek het die reg om hier te woon. Ek werk al 40 jaar hier as trekarbeider," sê Kleinbooi Mapete, 'n lid van die Civic.

Hy is 'n werkgewer van die Villiersdorp Koop (Mosko), wat al dekades lank van trekarbeid gebruik maak. Die werkers sê in die vyftigerjare het hulle huise gehad, maar in 1959 is die gesinne gedeporteer en is hulle in enkelkwartiere gehuisves.

Mosko se bestuurder, Raubie Raubenheimer, sê aan Vrye Weekblad die koöperasie het "baie simpatie" met die mense se griewe. Hy onthef egter die maatskappy van blaam omdat sy werkers vyf jaar na die afskaffing van instromingsbeheer nog in enkelkwartiere moet woon. Raubenheimer, self 'n lid van die stadsraad, wys die vinger na dié liggaam.

"Vra die burgemeester en stadsklerk waarom daar nie grond is nie," sê hy. Hy ontken ook die bestaan van enige werkloosheid op die dorp.

# ...en plakkery is steeds onwettig

GEBREKKIGE behuising wat mense dwing om te plak is 'n algemene probleem op Bolandse dorpe, en dreig nou al lank om in 'n volskaalse krisis te ontaard. Gemeenskapsleiers sien nie meer 'n ander uitweg as 'n algemene versetveldtog nie.

Villiersdorp is 'n tipiese voorbeeld van die probleme op die Kaapse platteland waar swartmense uitgesluit word as hul trekarbeid nie meer benut kan word nie, sê Lala Steyn van die Surplus People Project, SPP.

"Die probleem het egter aansienlik toegeneem sedert die afskaffing van invoerbeheer en die Wet op Kleurling Voorkeurarbeid," sê Steyn. "Hoewel 'n groot algemene behuisingstekort ontstaan het, is huise net nie gebou nie."

"Wat die plaaswerkers betref word 'n huis gewoonlik ingesluit in die arbeidspakket, wat beteken dat hulle moeilik van werk kan verander en dikwels uitgebuit word."

Volgens SPP word soortgelyke probleme op plekke soos Caledon, Bredasdorp, Grabouw, Hermanus en gemeenskappe aan die Weskus aangetref. Daar is geen permanente blyplek vir swartmense nie en ook geen oorgangsverblyfplek nie.

Plakkery word deur plaaslike owerhede verbied, maar hulle is nie bereid om 'n alternatief daar te stel nie.

Oor die nuwe inisiatief vir plaaslike owerhede, wat FW de Klerk in sy openingsrede in die Parlement aangekondig het, sê die munisipaliteit van Villiersdorp net dat dit nog nie "amptelik" is nie en daarom niks met hom te doen het nie.

Die inisiatief maak voorsiening vir nouer samewerking tussen voormalige groepe binne plaaslike strukture om sosio-ekonomiese probleme op gemeenskaplike vlak uit te wis.

Villiersdorp is in 1843 deur Veldkornet Pieter de Villiers gestig. De Villiers se kleinseun, Sir David Graaf, het in 1901 die De Villiers Graaf Hoërskool op die dorp gestig, een van die oudstes in Suid-Afrika en steeds die enigste hoërskool op Villiersdorp. Dit is net vir blankes.

Die kinders van Nuwedorp moet sedert die instelling van die Groepsgebiedewet, toe "Kleurlinge" uit die dorp self verskuif is, na koshuise op nabygeleë dorpe gestuur word.

Die woonbuurt het ook nog nooit 'n gemeenskapsaal of bymekaarkomplek gehad nie. Inwoners sê hul begeer 'n rugbyveld of enige ander sportterrein. Die laerskool in net vir Kleurlinge en heeltemal ontoereikend.

Regsverteenwoordigers van die Villiersdorp Civic Association sê dat onderhandelinge tussen die Civic en die munisipaliteit op 'n dooiepunt uitgeloop het weens die "reaksionêre" en "onbuigsame" houding van die stadsraad.

'n Weerklank hiervan vind 'n mens in die blanke inwoners op die dorp se retoriese uitsprake - keer op keer teenoor Vrye Weekblad - dat hulle "niks teen anderskleuriges het nie", maar wel teen mense wat nie permanente werk het nie en ander "standaarde" as hulle het.

"Ons kan nie meer sien hoe iets sonder versetoptrede bereik sal kan word nie," is die Civic-leiers se oorwoë mening.



# POLITIEKE LEIERS KAN DIE RAAMWERK VAN DIE NUWE SUID-AFRIKA UITWERK, MAAR HULLE KAN DIT NIE LAAT WERK NIE.

**NET U KAN.**

VIR VEELS TE LANK HET ONS TE VEEL GEPRAAT OOR DINGE WAT ONS VERDEEL.

DIE TYD HET GEKOM DAT ONS MET MEKAAR PRAAT OOR DIT WAT ONS KAN VERENIG — VERENIG AS 'N NASIE.

U WIL GEREGTIGHEID HÊ.

U WIL VREDE HÊ WAAR U WOON.

U WIL VOORSPOED HÊ VIR U EN U GESIN.

U WIL VOORUITGANG EN 'N BETER TOEKOMS HÊ.

U WIL VERTEENWOORDIGING EN DEELNAME IN U REGERING HÊ.

DIE OORGROTE MEERDERHEID VAN U LANDGENOTE OOK.

IN 'N REGVERDIGE NUWE SUID-AFRIKA IS DIT EENVOUDIG NIE MOONTLIK OM HIERDIE DINGE TE HÊ AS ANDER DIT NIE OOK HET NIE. EN HULLE KAN DIT NIE HÊ AS U DIT NIE HET NIE.

DIE TYD HET GEKOM DAT U ANDER SUID-AFRIKANERS VAN HIERDIE VISIE VERTEL. EN NOG BELANGRIKER, DAT U OOK LUISTER NA HULLE DROME.

DIE HOEKSTEEN VAN 'N NUWE VOORUITSTREWENDE NASIE MOET GEBEITEL WORD UIT 'N GEMEENSKAPLIKE STREWE NA VREDE EN GEREGTIGHEID.

OP HIERDIE HOEKSTEEN KAN ONS POLITIEKE LEIERS DIE NUWE SUID-AFRIKA BOU — 'N SUID-AFRIKA WAT SAL WÉRK.

WANT DAN SAL ONS MENSE DIT LÁÁT WERK.

F.W. DE KLERK

# Voëlvry se wedergeboorte...


Joos Tonteldoos... hulle wil ons insluk

**Die alternatiewes, wat hulself eers Voëlvry verklaar het, wil nou in die hoofstroom spring. Maar dis nie so maklik nie. Hoe verduidelik jy aan jou ma dat jy gisteraand Rina Hugo se hand vasgehou het? ESMA ANDERSON het met 'n paar (ex-) alternatiewes gepraat**

# ...of begrafnis

'N GROOT deurbraak vir REGTE Afrikaanse musiek, veral dié van die "alternatiewes"? Of is dit boedeloorgee, en gaan die establishment groepe wat Afrikaans gesing het soos niemand gedink het hy/sy gesing kan word nie, nou insluk?

Reeds is daar 'n ligte omstredenheid rondom die Tafelbaai-boogy, wat verlede week bekend gestel is en op 16 Maart in die Goeie Hoop-sentrum as deel van die Kaapse Fees gehou gaan word. Na 'n dreigement om te boikot deur sommige van die deelnemers, het die FAK hom glo onttrek.

Dit illustreer die dilemma vir die alternatiewes: om deel te neem aan die hoofstroom, of om nie deel te neem nie.

Johannes Kerkorrel, voorste alternatiewe van "Sit dit af"-faam, noem die boogyfees 'n belangrike geleentheid, omdat hul musiek deur die SAUK geboikot word. "Daar is geen forum waar ons musiek gehoor kan word nie. Dit is vir ons baie belangrike blootstelling. Ons wil nie musiek maak wat nooit gehoor word nie."

Joos Tonteldoos, een van die hits by laasjaar se Houtstok en 'n man wat goeie gehore in Johannesburg trek, sê ook dis 'n goeie ding. Daar's net een probleem: hy is nie genooi nie. Niemand weet presies hoekom nie. Ook nie hoekom André Letoit ook nie genooi is nie.

Tonteldoos dink positief. Mense wat gewoonlik net na establishment-kunstenaars luister, gaan nou aan meer progressiewe musiek blootgestel word. Maar hy waarsku: die gevaar bestaan dat alles wat die alternatiewes opgebou het, moontlik ingesluk kan word.

Anton Goosen, Johannes die Doper van die alternatiewes, sluit hierby aan. Organisasies soos die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) het dit nie wel met Afrikaanse musiek nie, meen hy en ander skeptici.

Volgens Goosen wou die FAK die konsert gebruik om homself polities in 'n meer gunstige lig te plaas en die establishment en alternatiewe kunstenaars bymekaar te dwing. Die alternatiewes as 't ware gekoöpteer vir die Afrikaner se saak. "Maar die issue is om die Afrikaner bymekaar te hou nie. Die issue is om die Afrikaner reg te kry om agter te kom dat hulle na 300 jaar in die land maar net 'n deel is van 'n groter bestel in dié land."

Goosen sê die alternatiewes het hieroor gedreig om te onttrek. Na onderhandelinge met M-Net, het die FAK inderdaad aan die konsert onttrek. Volgens M-Net en die FAK was die FAK slegs betrokke in 'n raadgewende hoedanigheid en het gehelp met die identifisering van kunstenaars en dat die FAK in elk geval nie verder betrokke sou wees nie.

Goosen en ander sê egter dat dit nie die hele storie is nie - dit was uit vrees vir die boikotaksie. Waarop Marius du Plooy, wat M-Net help met die organisering van die boogy, antwoord dat die FAK juis weens die beperktheid van hul rol, inskiklik kon wees en kon onttrek.

Hoe dit ookal sy, die probleme is werklik, en kan weer by soortgelyke feeste in die toekoms opduik.

Soos Goosen dit stel: "Hoe kan jy Rina Hugo en Danie Botha book saam met Johannes Kerkorrel en die Kommissie van Ondersoek? As Danie Botha sing, klap die mense gently hande, ons wil hê die mense moet dans. Ons gehore is jonger mense.

"Die probleem is dat ons verskillende tipes gehore trek en om dit saam aan te bied is soos om sokker en rugby op dieselfde tyd op dieselfde veld te speel. Dit werk nie so nie. Die rockmusiek gaan nou in die aand aangebied word en die ander mense in die dag."

'n Vraagstuk wat uitgepraat sal moet word, is die "eksklusiewe Afrikaanse karakter" van sulke musiekfeeste. M-Net het byvoorbeeld in sy persvrystelling oor die boogyfees gesê dat "anderstalige kunstenaars in Afrikaans gaan optree", wat vir baie aandui dat die nuwe inisiatiewe in die verkeerde rigting beweeg.

"Ons moet wegkom van dié eksklusiewe Afrikaanse ding, die musiek is die belangrikste, die taal maak nie soveel saak nie," sê Tonteldoos.


Anton Goosen... 'n konsert by die Taalmonument (Foto: Lise Joubert)

Goosen sê hy sal feeste nie hieroor boikot nie, maar dis nie 'n goeie idee nie. "Hoekom kan Prophets of the City nie die een Afrikaanse liedjie wat op hulle plaat is sing, en die res dan in die taal van hulle keuse nie? Musiek is die magtigste kommunikasiemiddel, waarvan taal slegs die helfte uitmaak, die musiek en note sorg vir die res. "By my konserte is daar dikwels Engelse mense, en hulle het nog nooit vir my gevra om eerder Engels te praat of te sing nie. Dis belaglik."

Kerkorrel meen egter dat dit nie hier die geval is nie. "Almal kan Afrikaans sing of praat as hulle wil. Ons moet ontslae raak van hierdie hang-ups oor Afrikaans. As ander mense vry voel om Afrikaans te sing, sal dit Afrikaans juis help bevry."

Maar wat gaan van die alternatiewes word? Wil hulle hulself regtig uit die kloue van die establishment red?

Tonteldoos meen dat die alternatiewe beweging sy doel gedien het. Dit het tot 'n groot mate reeds Afrikaans bevry van die beeld as die taal van die onderdrukker.

"Mense neem Afrikaanse rock ook nou ernstiger op. Die hele alternatiewe ding is dalk nou 'n bietjie uitgedien. Ons wil net goeie musiek maak," sê Tonteldoos.

Kerkorrel stem saam. "Toe ons daarmee begin het, het ons gesê die toekoms is alternatief. Maar nou is die toekoms en die nuwe Suid-Afrika hier. Die tyd van afbreek is verby. Ons moet nou bou aan 'n nuwe kultuur vir die nuwe Suid-Afrika."

Goosen sê: "Ons wil musiek maak met substansie en daar moet 'n alternatief wees vir die vet massa in die middel wat nie wil luister na vertaalde Duitse of Franse liedjies nie."

Kerkorrel meen dat konserte soos die boogyfees 'n stap vorentoe is in die proses waarin die kulturele onderdele van 'n nuwe Suid-Afrika aanmekaar gelas kan word. "Dis tyd dat ons ophou hamer op alternatiewe Afrikaanse musiek.

Tonteldoos: "Afrikaanse musiek en alternatiewe Afrikaanse musiek moenie meer gesien word as entiteite wat los staan van plaaslike musiek nie. Ons moet wegkom van dié 'ek speel net vir Afrikaners'-sindroom. Goeie musiek gaan nie oor die taal daarvan nie en mense besef reeds dat Afrikaanse musiek nie soos Bles Bridges hoef te klink nie."

Hy sien die gebeure op die musiekfront amper dialekties: "Die tese was nog altyd hoofstroom Afrikaanse musiek. Toe kom die antitese van die alternatiewe beweging. Ons het reeds in 'n mate die sintese gevorm. Mense weet van ons musiek en hou daarvan. Die industrie moet dit ook begin besef. 'n Mens het geld nodig om goeie musiek te maak. Ek dink nie ons musiek sal ondergaan nie. Te veel mense weet daarvan."

En hoor wat sê Goosen: "'n Rockfees by die Taalmonument sal dalk 'n goeie ding wees om te wys dat Afrikaans 'n lewendige taal is en nie 'n dooie, falliese ding wat stokstyf staan soos 'n gevriesde orgasme nie."

En die toekoms?

Die ex-alternatiewes is optimisties. Kerkorrel meen dat mense sal begin wakker skrik oor musiekstandaarde en sien wat moontlik is en gedoen kan word. Goeie plaaslike musiek sal altyd gehore trek omdat hulle kontak maak met die onmiddellike werklikheid wat hulle en die gehoor deel.

Tonteldoos meen goeie musiek sal groei, terwyl Bles Bridges se soort musiek minder gewild sal raak.

"Daar is 'n nuwe generasie musiekliefhebbers besig om te ontwikkel. Mense is meer oopkop en sal minder snert opvreet. Kwaliteit sal al hoe belangriker word. Platemaatskappye sal begin besef dat hulle meer geld beskikbaar moet stel om beter kwaliteit te verseker."

## Viva Boeremusiek!

DIE Suid-Afrikaanse Musiek Alliansie (Sama) meen hulle is demokraties, so demokraties dat hulle selfs Boeremusiek-orkeste wil nader om lede te word.

Die alternatiewes is reeds geruime tyd betrokke in onderhandelinge met Sama, wat hom vierkant in die kamp van die bevrydingsbewegings bevind. Hulle praat oor die toekoms van Afrikaanse musiek, veral oor sensuur, die opheffing van die kulturele boikot en die bevordering van inheemse musiek, waarby Afrikaanse musiek ingesluit is.

Die alternatiewes meen Sama is in 'n veel beter posisie as die FAK om Afrikaanse musiek te bevorder. Die gebrek aan politiek in Sama, is wat Joos Tonteldoos na Sama aantrek.

"Hulle kyk goed na hulle musikante. Ons het vir hulle gesê dat ons nie hulle politiek gaan bevorder nie en hulle het nie 'n probleem daarmee nie," sê Tonteldoos.

Die FAK, daarenteen, is 'n politieke organisasie, meen hy en ander alternatiewes. Die FAK stel net daarin belang om die Afrikaner se belange te bevorder.

Wat juis nie gebeur nie, sê Anton Goosen. "Die FAK bevorder 'n pseudo-kultuur van vertaalde liedjies. Hul handboek, hul Bybel, wat hulle vir kinders leer, die FAK-sangbundel, is 90 persent uitheems.

"My job is nie om Duitse kultuur te bevorder nie. Die Duitsers doen dit klaar. Of Frans of whatever. En wat my betref, 'n instansie met veertig affiliale, wat gaan vir 'n kultuur van 'hin volk'..

"Daar's niks verkeerd om 'n kultuur te bevorder nie, solank dit onder die breë sambreel van Suid-Afrikaanse musiek val, en solank dit inheemse kultuur is."

Dit sluit Boeremusiek in. "Sama strek die hand ook na Boeremusiek uit. Mens kan hulle nie uitlaat nie. Dis inheems. Dit het hier ontstaan soos Vendatromme."

Sama het verlede week ook gevra om die opskorting van die kulturele boikot, en die instelling van 'n moratorium van twaalf maande vir buitelandse kunstenaars. Die doel hiermee sal wees om finansiële hulp, optreegeleenthede vir plaaslike kunstenaars, en tegniese opleiding van buitelandse kunstenaars te vereis vir optredes in Suid-Afrika.

Die organisasie betreur die skadelike uitwerking wat die gebrek aan blootstelling van Suid-Afrikaanse kunstenaars aan buitelandse kunstenaars en andersom gehad het. Die boikot dien geen ander doel meer as 'n goedkoop "bargaining chip" nie, wat in elk geval nie meer lank sal geld nie.

Sama waarsku egter ook teen 'n halsoorkop opheffing van die boikot, omdat kommersiële instansies gereed is om die plaaslike musiekmark te oorstroom met buitelandse kunstenaars.

**- ESMA ANDERSON en PHINEUS TSHUKUDU**

# Wêreld

## Veelparty

Die instelling van 'n veelpartystelsel in Angola sal van 1 April van krag wees, sê pres Jose Eduardo dos Santos. 'n Skietstaking kan egter nog nie met Unita gesluit word met die sesde ronde samesprekinge, wat Woensdag in Lissabon begin het nie, omdat dialoog nie moontlik is terwyl Unita 'n offensief in sentraal-Angola aan die gang het nie, sê hy.

## Chinese komplot

Een van die studenteleiers tydens die betogings op Tiananmen-plein in Beijing, Liu Gang, gaan teregstaan op aanklagte van komplottery om die Chinese regering te ondermyn, word bekend gemaak. Toegang tot die hofgebou word aan buitelanders geweier.

## Libanese ontplooi

Die Libanese weermag begin magte ontplooi in dele van Suid-Libanon wat sedert 1975 buite sy beheer was. Die Siries-gesteunde regering het sy vasberadenheid vroeër al uitgespreek om sy gesag dwarsdeur die land te versprei ten einde die mag van die godsdienstige en sekulêre militias in die land te verminder.

## Spanning in Litaue

Spanning loop al hoër in Vilnius, Litaue, wanneer die Russiese president, Mikhail Gorbatsjof, verklaar dat 'n komende stemming oor onafhanklikheid vir die Sowjet-Republiek onwettig is.

## Russe afgedank

Duisende Russiese werkers word afgedank of op halfdagdiens gesit in die republieke Georgië en Armenië weens 'n tekort aan krag vir fabrieke.

# Golf-oorlog

## Volkswagenbom

Agt van die bomkoeëls wat die slagskip USS Missouri dié week na stellings in Koeweit afgevuur het, weeg soveel as 'n Volkswagen, sê 'n Amerikaanse offisier oor die eerste bombardement met die skip se sestienduimkanonne sedert die Koreaanse oorlog.

## Kitsgidse

Veertig Koeweitse vrywilligers word 'n dag lank opgelei in Londen om as gidse op te tree wanneer die geallieerdes Koeweit binneval, en om Irakese infiltreerders in die geallieerde magte uit te wys. Hulle sal ook help met die ondervraging van Irakese krygsgevangenes.

## Betrekkinge hervat

Brittanje en Sirië, albei lede van die geallieerde magte in Saoedi-Arabië, hervat vir die eerste keer in vyf jaar diplomatieke betrekkinge. Daar word gehoop dat dit tot die vrylating van Britse gyselaars in die Siries-gesteunde Libanon kan lei.

## Skikking

Stabiliteit in die Midde-Ooste sal alleen bereik word deur 'n "omvattende en regverdige" skikking van die Arabies-Israeliese konflik, sê die Siriese minister van buitelandse sake, Faroek Al-Shara. Brittanje behoort te vra vir 'n Midde-Oosterse vredeskonferensie na die oorlog, sê hy.

## Vlugtelinge

Altesame 4 250 burgers van lande soos Bangladesj, Soedan en Filippyne het al die grens tussen Iran en Irak oorgesteek, berig die Iraanse nuusagentskap Irna.

## Kartontenks

Die Irakese gebruik kamoeflering op groot skaal in Koeweit. Hulle het oral in Koeweit kartontenks en -troepedraers opgestel wat met foelie bedek is om die radar van die geallieerdes om die bos te probeer lei, sê 'n Amerikaanse offisier.




Andy In The Star (5 Februarie 1991)

## Ondersteuning

Thai Moslems is besig om die grens met Maleisië oor te steek en by militante Moslems aan te sluit wat hul by die Irakese magte wil gaan aansluit.

## Mens se reg

Amnestie Internasionaal vra vir die vrylating van 'n gewetensbeswaarde wat in die tronk gestop is nadat hy bevele in verband met die oorlog verontagsaam het. Hy het 'n weersin in oorlog ontwikkel lank nadat hy vier jaar gelede by die weermag aangesluit het, het die sersant tydens sy verhoor gesê. Gewetensbeswaar is 'n fundamentele mensereg, sê AI.

## Irak waarsku

Irak waarsku dat die "heilige oorlog" teen die belange van Westerse lande sal eskaleer en beskuldig die Westerse media daarvan dat hulle bomaanvalle minimaliseer. Franse diplomate en Amerikaanse bankiers loop deur in Athene.

## Dubbele standaarde

Die Moslems in Brittanje gaan 'n "backlash" ondervind wanneer troepe eendag terugkeer van die oorlog, sê 'n Britse onderkorporaal. Daar is wydverspreide ergernis onder troepe oor die streng Islamitiese reëls wat in Saoedi-Arabië afgedwing word, veral wat alkohol, vroue en leesstof betref. Hulle kla oor dubbele standaarde: "Hulle dwing ons om hul reëls te gehoorsaam, maar tot dusver kon Moslems in Brittanje volgens hul eie gebruike optree. En almal weet hulle gaan oor die grens na Bahrain om te gaan drink. Waarom kan hulle ons nie 'n biertjie toelaat wanneer ons miskien sterf om hul land te verdedig nie?"

## Doodstraf

Egiptiese en Soedanese werkers in Irak is tereggestel nadat hulle geweier het om in die Irakese weermag te dien, sê 'n internasionale vakbondfederasie. Aan die ander kant van die front, in Saoedi-Arabië, word buitelandse werkers met "Islamitiese geregtigheid" gedreig indien hulle die land probeer verlaat. Daar is meer as 500 000 buitelandse werkers in Irak en Koeweit, sê die federasie.

# Suid-Afrika

## Australië verslap

Australië gaan streng en tydrowende visumbeperkinge op Suid-Afrikaners verslap wanneer hulle die land wil besoek. Die afgelope vyf jaar moes aansoeke om besoek- of handelsvisums deur die Australiese ambassade in Londen geprosesseer word.

## Franse besoek

Tien hoë Franse amptenare besoek Suid-Afrika op 'n weeklange sending om nouer ekonomiese bande met Suid-Afrika te ondersoek.

## FW bring hoop

Beloftes van pres FW de Klerk oor die beëindiging van apartheid en ontmoetings tussen strydende swart groepe "het hoop vir ons almal gebring", sê pres Kenneth Kaunda van Zambië by die opening van 'n spitsberaad van die frontliniestate.

## Sanksies moet bly

Die hoof van die VVO se spesiale komitee teen apartheid sê sanksies moet ondanks FW de Klerk se voornemens om apartheid af te skaf, gehandhaaf word omdat niks gesê is oor die hersiening van veiligheidswette of die vrylating van politieke gevangenes nie.

## Vrede eerste

In 'n poging om die politieke geweld te keer wat verlede jaar 3 000 lewens geëis het, loods die SA regering 'n advertensieveldtog van R2 miljoen met die slagspreuk: "Kom ons stel vrede eerste."




Allstair Findlay In City Press (3 Februarie 1991)

## Koninklike koei

Swaziland se koning Mswati II gee 'n koei aan 'n middeljarige inwoner van 'n dorpie wat 'n luiperd met sy kaal vuiste doodgeslaan het. Hoewel die man 'n beskermde dier doodgemaak het, moet hy applous kry omdat hy geveg en doodgemaak het om 'n menslike lewe te red - sy eie, sê 'n verteenwoordiger van die koning.

## Wanbalans

Die afskaffing van die Groepsgebiedewet sal betekenisloos wees as dit nie vergesel word van 'n gelykberegtigingsprogram ("affirmative action") om die wanbalans van vier dekades se onreg te herstel nie, sê Actstop se Cas Coovadia. Dit is in elk geval net die erkenning van 'n de facto-situasie, nadat byvoorbeeld 100 000 swartmense in die Johannesburgse binnestad ingetrek het. Hy voorsien egter geen grootskaalse instroming van swartmense in wit gebiede nie.

## ANC en Azapo veg

Hewige gevegte woed tussen ondersteuners van die ANC en Azapo in Bekkersdal. Nege mense is al sedert Saterdag dood. 'n Hoë ANC-afvaardiging onder leiding van MK-bevelvoerder, Chris Hani, voer samesprekinge met Azapo en die PAC om die geweld te probeer keer.

## ANC kniehalter

Die ANC is tans die organisasie wat hervorming in Suid-Afrika die meeste terughou, sê Willem de Klerk, broer van FW, in Brussel aan die einde van 'n Europese reis. Die ANC sukkel met die uitbou van die beweging tot 'n politieke party. Om sy magsbasis te vergroot en al sy faksies saam te snoer, het hy tyd nodig, wat hy probeer wen deur sy retoriek van massa-aksie.

## Radio ANC

Die ANC wil 'n radiostasie oprig, dalk in Transkei, dalk in 'n gebou in Johannesburg. Daar word egter nog net 'n vatbaarheidstudie gedoen, maar hulle probeer reeds om 'n lisensie te kry. Die ANC se Radio Freedom-program sal intussen steeds uitgesaai word van Madagaskar, Tanzanië, Mosambiek en Zambië.

## Amptenare skrik

Amptenare van die Kaapse Provinsiale Administrasie sluit hulself in hul kantore toe wanneer sowat 200 bejaarde en gestremde inwoners van Duncan Village in Oos-Londen vergader om hul pensioene te eis. Die inwoners het toe al langer as twee dae vir hul pensioene gewag.

## Inkatha-moord

'n Vroulike inwoner van 'n hostel in Sebokeng beskryf aan die geregtelike ondersoek na die dood van 42 mense op 4 Septmeber verlede jaar hoe vyftig lede van Inkatha 'n familievriend van haar met byle gejaag het totdat hy na 'n hou teen sy kop neergeval het. Daarna het hulle hom met spiese doodgesteek.

## Grusame oes

Swartmense oes 'n warrelwind van geweld wat die kerke help saai het, sê die uitvoerende direkteur van die SA Instituut vir Rassebetrekkinge, John Kane-Berman voor die Rotariërklub van Sandton. Die SARK spreek sy afkeer aan dié "venynige en ongeregverdigde aanval" uit.

## Bosse bekommer

Die Wildlewevereniging van SA spreek sy besorgdheid uit oor die snelle groei van nywerheidsbosse in die land, wat besig is om natuurlike grasveld en riviere se opvanggebiede in die berge te beskadig.

## Hoofde weggejaag

Een en dertig skoolhoofde in Mamelodi word van hulle skole weggejaag deur leerlinge. Die owerheid beweer dat hulle onder die invloed van lede van die SA Demokratiese Onderwysersunie optree het.

*(Alle inligting uit AFP en SAPA)*

# 'Ek kan na myself omsien'

SAOEDI-ARABIË - "Ek is reeds ses jaar lank geskei. Ek is 'n onafhanklike ou skepsel wat na myself kan omsien," sê Leslie Lawson, 'n Amerikaanse vrouesoldaat en deel van die geallieerdes se Operation Desert Storm.

Hoewel die vrouesoldate volgens wet nie aan die slag mag deelneem nie, kom hulle dikwels van aangesig tot aangesig met die vyand. Hulle is miskien nie in die tenks en vegvliegtuie nie, maar hulle is baie naby aan die konflik.

Hulle het ook gewere en dra dieselfde uniforms as die mans.

"Die grense raak al hoe vaer," sê een vrouesoldaat.

Vroue wat by militêre transport-, pos- en ondersteuningseenhede betrokke is, besoek die gevegsfront dikwels en kan maklik by gevegte betrek word.

Vroue beman van die kanonne op die Amerikaanse voorrade-skepe, terwyl hulle aan boord van vroeë waarskuwingsvliegtuie 'n regstreekse rol speel in die besluite om vyandige vliegtuie aan te val.

Lawson en ander vrouesoldate het dié week brandstof na die Amerikaanse troepe naby die Koeweitse grens vervoer op 'n tydstip toe die Irakese aanvalle fel was.

Lawson sê sy het nooit verwag om so naby die gevegsfront te kom nie.

Die 35-jarige Lawson, lid van die Amerikaanse Vloot se 781 Transportbataljon wat in Alabama gebaseer is, sê haar bevelvoerders het haar meegedeel dat vroue ver van die front af gehou sal word.

- AFP

# Oorlog gee rolstoelbedryf 'n hupstoot

WASHINGTON - Van Malariapille tot rolstoele - sake lyk goed vir die Amerikaanse gesondheidsindustrie sedert die Golf-oorlog drie weke gelede uitgebreek het.

Sedert Amerikaanse soldate die eerste keer in Augustus 1990 in Saoedi-Arabië ontplooi is, het die Amerikaanse departement van verdediging reeds 430 miljoen dollar aan mediese voorrade bestee. Dit het die Amerikaanse mediese rekening laat toeneem tot 3,5 miljoen dollar per dag.

Maar ander maatskappye is vinnig om by te voeg dat dié meevallertjie net 'n uitgekose paar verryk.

Dié maatskappy wat die meeste geld uit die oorlog maak, is die vervaardiger van senugasbeskermingstoerusting, volgens 'n militêre bron.

Survival Technology Inc, a mediese maatskappy van Washington, het 'n kontrak van 20 miljoen dollar met die Pentagon vir atropieninspuitingstoerusting wat in geval van gifgasaanvalle deur die Irakese gebruik word.

Die kontrak is vir "n "paar miljoen" eenhede van dié teëmiddel, volgens die maatskappy se president, James Miller.

Rolstoelvervaardigers sê ook dat verkope toegeneem het sedert die oorlog uitgebreek het.

"Siniese beleggers kan nie help om te dink dat mediese aandelepryse saam met die dodetal sal styg nie," sê 'n waarnemer.

* "Stick it to Saddam Hoesein" lui die advertensie vir voodoo-poppe met die gelykenis van Saddam Hoesein. Maar dit gaan verder: "Saddam Hoesein, die mees gehate persoon ter wêreld, vergas onskuldige mense. Hy stuur Scud-missiele na burgerlike bevolkings. Hy stort miljoene gallonne olie in die see. Hy vermoor, verkrag en plunder..."

Die adverteerders stel voor dat 'n mens, as jy nou klaar naalde in die pop gesteek het om jou eie wraaklus te bevredig, die pop vir jou hond kan gee.

- AFP

# Comics reën nou op Irak

**DIE Irakese word nou met die "ultimate" Amerikaanse wapen bestook - comics. Dit en miljoene der miljoene pamflette het op hulle neergedaal sedert die oorlog begin het.**

**Volgens kol Ahmed Al-Robayan, 'n Saoedi militêre woordvoerder, het die geallieerdes sowat 25 miljoen strokiesprent-pamflette vir sielkundige oorlogvoering laat druk. Hiervan is sowat 14 miljoen al "versprei", of per hand onder plaaslike inwoners, of deur vliegtuie afgegooi, of deur kanonne afgevuur. Sommige van die Irakese troepe wat al oorgegee het, het van die pamflette by hulle gehad, sê 'n Amerikaanse militêre woordvoerder.**

**Die pamflette kom in kleur of swart-en-wit, en bevat onder meer 'n uitnodiging om oor te gee, bo-oor 'n seël van die geallieerdes geskryf - twee olyftakke wat 'n aardbol omsirkel. Die pamflette nooi Irakese troepe uit om "die Arabiese gasvryheid, sekuriteit, vrede en mediese sorg ten volle te geniet" en belowe om hulle te laat "terugkeer huis toe wanneer hierdie lyding, georkestreer deur Saddam Hoesein, verby is".**

**Een pamflet toon 'n skets van koning Fahd van Saoedi-Arabië by 'n strokies-borrel met daarbinne 'n tekening van drie ongewapende troepe wat hande vashou. Op dieselfde bladsy is 'n skets van die Irakese leier. Saddam se borrel bevat 'n tekening van twee lyke, 'n masjiengeweerskut en die vlag van Koeweit.**

**Nog 'n tekening, deur 'n Saoediese spotprent-tekenaar, is van 'n bejaarde man, skynbaar 'n Irakese vader, wat in 'n stoel sit terwyl hy by homself dink: "Wanneer kom my seun huis toe?"**

**Sy vrou sit kruisbeen op die vloer naby hom terwyl sy aan haar seun dink - dood op die slagveld, in verbande toegedraai en sonder sy een been. Op 'n ander pamflet dra 'n Irakese soldaat 'n karikatuur van Saddam op sy rug - met skerpioene vir epoulette en 'n skedel en beendere op sy rug.**

- AFP



**Aanloopbane in Irak word met die Britse JP-233 valskermbomme bestook. Dié bomme maak reuse-krater en bemoeilik die opstyg van vliegtuie. Dit is dalk die laaste keer wat die bomme gebruik gaan word, omdat die vervaardigers hulle aanleg gesluit het.**

*(Foto: AP)*

# Die president draf weer

SELFS terwyl die besluit oor die wenslikheid en tydsberekening van 'n duur en bloedige grond-oorlog teen Irak in sy gedagtes gemaal het, het pres George Bush dié week stadig na 'n "business as usual"-roetine begin terugkeer.

"Ek slaap baie goed, om die waarheid te sê," het die president Dinsdag aan verslaggewers gesê. "Ek kan nie aan u sê dat ek nie 'n traan stort vir gesinne en diegene wat dalk tydens krygsoperasies verlore geraak het nie ... maar ek is so vol vertroue oor hoe dié ding gaan uitwerk."

Maar hoewel hy volhou dat sy algemene gemoedstoestand beter is sedert hy die besluit het om oorlog teen Irak te voer, het die president se persoonlike lewe verander toe die eerste lugaanval op 17 Januarie geloods is.

In die vroeë dae van die oorlog is sowat 80 persent van sy tyd gewy aan die Golfkrisis en etlike van sy reise is afgestel. Die oorlog het selfs tot sy slaapkamer deurgedring terwyl betogers teen die oorlog oorkant die straat lawaai.

"Hul vervlakste dromme hou my die hele nag wakker," het hy aan besoekers gesê.

Nou lyk die president meer ontspanne en gereed om sy daaglikse roetine te hervat. Net sowat 50 persent van sy tyd word nou aan die krisis, intussen 'n oorlog geword, gewy.

Die oorlog het ook die president se streng fiksheidsprogram onderbreek, maar Maandag het hy daarin geslaag om te gaan draf. Toe het hy ook sy gewone gekorswil met persmanne wat saam met hom draf, hervat. Maar dis duidelik dat die golf hom steeds agtervolg. Ondanks waarskuwings van sy raadgewers, het Bush weer persoonlik teen Saddam Hoesein uitgevaar. Hy het gesê hy sal sy verlies nie betreur nie en dit die Irakese leier se brutaliteit sy maag laat draai.

- AFP



**'n Amerikaanse soldaat in die stof**

*(Foto: AP)*

# Die politiek rondom 'n (politieke) verhoor



Amandla's van Winnie Mandela en ondersteuners



**Hoe skadelik is Winnie Mandela se verhoor vir die ANC? En die regering? Die teenwoordigheid van honderde jillende ANC-ondersteuners tydens haar verhoor by die Randse Hooggeregshof en die ANC se uitlatings oor die saak, laat dit soms lyk of die party se toekoms op die spel is, skryf AUDREY BROWN**

KAN die verskyning van Winnie Mandela, vrou van die adjunk-president van die ANC, Nelson Mandela, op kriminele aanklagte in 'n hof, genoeg rede wees vir mense om te glo dat die toekoms van die ANC op die spel is?

Daar is nogal verdeeldheid oor dié subtiele vraag. Saam daarmee hang die meer fundamentele een of die verhoor 'n politieke verhoor is, of maar net die gereg wat sy loop neem.

Sommige mense sê al is die aanklagte teen haar krimineel van aard, en vanuit 'n wetlike oogpunt dus nie polities nie, moet haar verskyning in die hof binne 'n baie spesifieke politieke konteks beskou word.

Die feit dat Winnie die afgelope dertig jaar al deur die owerheid geteister is, én die feit dat die regering ten alle koste die politieke en morele inisiatief wil behou, is van kardinale belang in die beskouing van die saak, volgens verskeie politieke waarnemers.

Ook moet in ag geneem word dat Winnie vir baie jare, veral in die buiteland, 'n simbool van die hoop en aspirasies, en die lyding en vervolging van duisende ander Suid-Afrikaners was.

Sy sê dit self in 'n biografie, "Part of my Soul" - onder redaksie van Anne Benjamin: "Ek het lank gelede ophou bestaan as 'n individu. Die ideale, die politieke mikpunte waarvoor ek staan, is die ideale en mikpunte van die mense in dié land.

"My private self bestaan nie. Wat hulle ookal aan my doen, doen hulle aan die mense van dié land. Ek is en sal altyd net 'n politieke barometer wees. In elke situasie waarin ek myself bevind, kan jy die politieke gevoel in die land op daardie tydstip lees."

Daar is dus 'n argument, maar dit is nie sterk genoeg nie. Die ANC se onlangse persverklaring is ook nie genoeg nie. Daar kan nie net gesê word dat dié verhoor "deel van 'n patroon van teistering (is) wat kameraad Winnie oor die afgelope dertig jaar moes verduur" nie.

Die redes waarom dié verhoor 'n politieke verhoor is, lê dieper as die holruggeryde argument dat dit deel is van staat se strategie. Dan moet daar ook gekyk word na die soort skade wat die verhoor wel kan doen. Die feit van die saak is dat beide die staat en die ANC eintlik by die saak kan baat - al is dit om verskillende redes.

In dié stadium is dit absoluut noodsaaklik vir beide die staat en die ANC om hulself bo enige morele teregwysing te verhef om sodoende die onderhandelingsproses te legitimiseer.

Die terrein van stryd tussen die twee het ook van 'n militêre front na 'n morele en diplomatieke gebied verskuif. En die mededinging dáár is taai - soos die gewerskaf rondom die kwessie van sanksies en internasionale isolasie bewys.

En as die saak sonder 'n sweempie van omstredenheid verloop, kan die staat met oorgawe die regses, wat kennis gegee het dat hulle buite die reg sal optree, aanvat. Die persepsie sal bestaan dat die reg gelykmatig toegepas word.

Vir die ANC is die saak 'n bietjie meer ingewikkeld. Hy moet harder veg in die buiteland waar die staat in dié stadium die oorhand het. Volgens waarnemers is die potensiële skade vir die ANC op die internasionale front groter as wat dit in die binneland is omdat mense hier reeds van Winnie se doen en late weet.

Hier sal hulle die ANC ondersteun vir wat lidmaatskap aan dié organisasie beteken vir die verbetering van hul lewens kan beteken, en nié op grond van wat in Winnie se verhoor gebeur nie.

'n Johannesburgse prokureur en ANC-lid sê: "Op die internasionale front kan daar probleme kom want Nelson Mandela is amper soos Moeder Theresa - enige omstredenheid van dié aard wat aan sy naam gekoppel word, kan sy beeld kwaai skade berokken omdat hy as leier van die progressiewe beweging wêreldwyd gesien word.

"Maar hier in Suid-Afrika is mense geneig om meer verdraagsaam te wees - hulle sal die storm verduur. En al berokken dit die ANC skade, sal dit van korte duur wees want op lang termyn sal hy die morele bogrond behou omdat dit die mense se vertroue in geregtigheid sal versterk.

"Dit is ook noodsaaklik dat die saak afgehandel word, want in die afwesigheid van 'n verhoor sal mense altyd vrae vra."

*Ons wil graag hê jy moet die pad van vreeslose joernalistiek saam met ons loop. En die beste manier om dit te doen, is om in te teken op Vrye Weekblad sodat dit by jou huis afgelewer of per pos aangestuur kan word.*

*Die tyd daarvoor is nóú, want binnekort gaan ons die verkoopprys moet verhoog. Tot dan het ons 'n baie spesiale aanbod: R57 vir 'n jaar (gewone prys: R75); en R30 vir ses maande (gewone prys: R40). Dit sluit AVB en afleweringskoste in. Vul dus dadelik die vorm in en stuur aan: Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113.*

Ek wil op Vrye Weekblad inteken vir:
Twaalf maande ☐ ses maande ☐
en sluit hierby 'n tjek/poswissel vir R_______ in.
Naam ____________________
Adres ____________________
____________________



Vrye Weekblad
*Jou sleutel tot die Nuwe Suid-Afrika*

# Winnie en moeilikheid kom al 'n lang pad

**Sy is ongetwyfeld een van die mees omstrede akteurs op Suid-Afrika se politieke verhoog. Haar doen en late is altyd nuus. Maar wat sit agter daardie helder, onverstoorde blik wat Winnie Nomzamo Mandela op die wêreld rig? AUDREY BROWN probeer uitvind**



Winnie en Nelson... "Ek het geweet 'n lewe saam met hom sal 'n lewe sonder hom wees." *(Foto: Ilse Joubert)*

Nadat sy die gebruiklike "amandlas" en "vivas" op die trappe van die Johannesburgse Hooggeregshof beantwoord het, stap Winnie Mandela met haar man aan haar sy deur die sekerheidshek, waar sy hoflik versoek word om haar handsak oop te maak. Sy doen dit sonder om te stry. Dis snaaks, want Winnie is nie een wat sommer maklik opdragte van polisiemanne uitvoer nie.

Sy is deftig geklee in 'n mosterd en vlootblou romp en baadjie, 'n glimlag op haar gesig terwyl sy na Hof 4E stap, waar sy en sewe ander weens aanklagte van menseroof en aanranding met die opset om ernstig te beseer, verskyn. Die aanklagte spruit uit 'n voorval by haar huis in Diepkloof Extension in Desember 1988 waarin die 14-jarige Stompie Seipei dood is. Vier van haar medeaangeklaagdes verskyn nie saam met haar nie en niemand weet waar hulle is nie.

'n Groot groep ondersteuners en joernaliste sit reeds in die hof, Winnie gaan sit ook en begin onmiddellik met die drie ander aangeklaagdes, Xoliswa Falati en haar jong dogter Nompumelelo, en die middeljarige John Morgan, gesels. Hulle lag hartlik saam vir die stories wat Winnie vertel. Miskien klink die gelag net 'n tikkie te hartlik, dis moeilik om te sê.

Haar verdedigingsspan - waaronder die legendariese George Bizos - stap in en Winnie staan amper skamerig nader om te soengroet. Nelson Mandela groet met die hand, gee sy vrou 'n piksoentjie en gaan sit weer in die volgepakte hofsaal tussen die ander ANC-, UDF-, Cosatu- en SAKP-leiers.

Uit die stampvol persbanke is dit duidelik: Winnie Mandela is weer in die nuus. Maar wie is sy? Haar vurige humeur en fisieke krag is legendaries, en daar is Winnie-stories vir Afrika.

Soos die voorval in 1985 toe sy besluit het sy is gatvol vir ballingskap in Brandfort. Sy het die owerhede laat weet dat sy van plan is om terug te keer na haar huis in Orlando-Wes. Op pad terug, net voor sy die grens van die Johannesburgse landdrosdistrik bereik het, het 'n groot groep polisiemanne haar voorgekeer. 'n Frisgeboude sersant stap nader toe sy uitklim en die grens nader. Toe hy aan haar vat, ruk sy los en skreeu: "Moet nie aan my vat nie, hoe weet ek of jy nie dalk Aids het nie?" Die arme man stotter dit toe uit: "Ek het nie Aids nie, mevrou." 'n Groot groep joernaliste was byderhand om dié toneel af te neem.

In 'n ander botsing met die polisie het ene sersant Fourie baie sleg daarvan afgekom; hy het dwarsdeur haar huis in Orlando na haar slaapkamer gestap, waar sy besig was om te ontklee. Fourie wou haar in hegtenis neem weens 'n oortreding van haar inperkingsbevel. 'n Bakleiery het uitgebreek en Fourie het sy nek gebreek. Dié voorval word in haar biografie: "Part of my soul", onder redaksie van Anne Benjamin, beskryf..

## 'Ek het oorleef omdat ek die Mandela-naam dra'

Haar vurigheid word nie net op polisiemanne toegepas nie: daar is stories dat sy die gehoorbuis in Oliver Tambo, die president van die ANC, se oor neergegooi het toe hy haar wou uitvra oor die Mandela-sokkerspan. En onlangs het dit gegons in die organisasie se hoofkwartiere in Sauerstraat dat sy vir Thabo Mbeki om die een of ander rede 'n taai klap gegee het. Hoewel daar talle ander soortgelyke stories is, bly dit maar skinderstories want niemand is bereid om in Winnie se swart boek te kom nie, die ANC is nie bereid om kommentaar daarop te lewer en Winnie staan in elk geval selde 'n onderhoud toe.

Maar haar omstrede toesprake verwek altyd groot opspraak; soos die "matches en necklace"-toespraak in Mamelodi in 1986, en haar onlangse stelling dat die opheffing van die gewapende stryd 'n "strategie" is.

Tog geniet Winnie die lojaliteit van baie ondersteuners wat bereid is om haar teen die kleinste sweempie van kritiek te verdedig. 'n Brief aan Vrye Weekblad, na 'n berig oor die omstredenheid rondom haar aanstelling as hoof van welsyn in die ANC, bewys dit. Dit toon ook hoe haar ondersteuners haar sien, soos dié uittreksel aandui: "Winnie Mandela is 'troublesome' precisely because she is so challenging. She challenges all those who believe a wife, particularly a black wife, should be a woman who stays at home and out of trouble. Mrs Mandela is irrepressible. She goes out there, speaks her mind, and gets on with what needs to be done, whatever the consequence to herself." Dié brief is geskryf deur prof Fatima Meer en 'n kollega.

Allister Sparks, die bekende joernalis, beskryf haar só in 'n onlangse onderhoud met die oorsese tydskrif Vanity Fair: "I was taken in by her spirit, her warmth, and her strength. No one could push her around. With everything that she did, she acted as if black pride was at stake - which made her magnificent in her resistance. I thought she was one of the most splendid characters I have known." Hy beskryf ook die anderkant van haar: "Her essential qualities - her imperiousness, wilfulness, the combative and survivalist spirit - also brought a downfall."

Winnie se warmte word oor en oor beklemtoon, so ook die veglustigheid wat haar so dikwels in die warmwater laat beland het. In 'n onderhoud met Vrye Weekblad verlede jaar het 'n leier van die ANC-Jeugliga, Rapu Molekane, haar só beskryf: "Winnie is militant en bang vir niks nie. Daar is nie een geleentheid in haar lewe waar sy nie terug baklei het nie. Sy staan vir niks terug nie."

Die 56-jarige Winnie is in 1934 op 'n klein dorpie, Bizana, in die hartjie van die Transkei gebore. Sy beskryf haarself as 'n "skaam plaasnooientjie". Haar moeder is dood toe sy nege jaar oud was, en sy moes sedert 'n jong ouderdom na haar jonger boeties en sussies omsien. In die vroë vyftigerjare het sy Johannesburg toe gekom waar sy as maatskaplike werker gekwalifiseer het. Dis waar sy vir Nelson Mandela ontmoet het. In 1958 is hulle getroud.

Volgens haar biografie het sy reeds toe geweet wat 'n lewe met Nelson vir haar sal inhou: 'n lewe van smart, aanhouding en agtervolging. Sy sê: "Ek het geweet 'n lewe saam met hom sal 'n lewe sonder hom wees."

Die boek gee talle voorbeelde van haar botsings met die gereg, van die staat se pogings om haar en haar man uit die geheue van die mense te vee. Gevolglik is sy vir bykans dertig jaar ingeperk.

In Mei 1977 is sy na Brandfort in die Vrystaat verban. Sy is onder meer 17 maande aangehou, waarvan 'n groot deel in eensame aanhouding was, en was in meer as een verhoor betrokke waarin die staat haar verbintenis met die ANC wou bewys.

Daar word ook vertel van tye waar sy in die nag al worstelend deur die polisie tronk toe gesleep is terwyl haar twee dogters, Zindzi en Zenani, bang en alleen by die huis moes agterbly.

In die Vanity Fair-onderhoud beskryf sy 'n keer in 1969 toe sy weens die Wet op Terrorisme vir 17 maande aangehou is: "It was the most brutal experience for any young mother - I had left two very young children behind. The only reason I survived was because I had the Mandela name."

Winnie is duidelik vertroud met moeilikheid, maar dié keer is daar sekere faktore wat in haar guns tel: In die eerste plek het sy haar man aan haar sy, tweedens is daar 'n veel beter kans vir haar om haar onskuld te bepleit, en derdens het sy dertig jaar van ondervinding wat dit moontlik maak om daardie helder, onverstoorde blik op die wêreld te rig.

**South** Subscription Special Offer
The only independent weekly newspaper in the Cape

*SOUTH 1991 calendar free with each annual subscription received before 31 December 1990!*

**RATES:** R30,00 (26 weeks); R60,00 (52 weeks)

***Please complete and mail the form below:***

NAME: ..............................
ADDRESS: ..............................
..............................
..............................

Send form and crossed cheque or postal order to: SOUTH Press Service (Pty) Ltd PO Box 13094 Sir Lowry Road 7900

CODE: .......... PHONE: .......... (h) .......... (w)

Please indicate: ☐ 26 weeks ☐ 52 weeks

# Ontmoet CNN se Ted Turner - burgemeester van die global village



(Illustrasie deur Joost Veerkamp/De Volkskrant)

**Die Golfoorlog het Cable News Network so deel van honderd miljoen huishoudings gemaak as brood en botter en muf in die vullisblik. George Bush kan maar gaan slaap, CNN se grootbaas, Ted Turner, is die man van die oomblik, en die volgende oomblik, en die volgende... HANS PIENAAR probeer keer**

Die oë en die ore van die wêreld, noem CNN homself.

Maar wat beteken dié reklamesin eintlik? Dat die wêreld na homself sit en kyk en luister, soos 'n dokter met 'n stetoskoop op sy maag... Of om dit op sy rug te keer: as CNN die oë en ore is, is die wêreld bloot 'n uitbreiding van CNN.

Die Golfoorlog was 'n triomf vir CNN. Bowenal was dit 'n triomf vir Ted Turner, die grootbaas van CNN. Toe die Amerikaanse minister van verdediging, Dick Cheney, op die eerste nuuskonferensie na die uitbreek van die oorlog sê dat CNN sy grootste bron van inligting was, kon Turner maar weet: hy is nou een tree voor die res van die wêreld.

In Mei 1989 het Turner 'n internasionale konferensie gehou: The Power of News TV in a Shrinking Planet. Toe is dit gesien as net nog een van die uitspattighede van 'n losbol aan wie vroue dwarsklappe gee soos: "He's a fruitcake who's also brilliant".

Maar dit was ook die kulminasie van 'n lang proses. Die Kanadees Marshal McLuhan het dit in die jare vyftig reeds in die vooruitsig gestel as die "global village". Die Golfoorlog sal dalk in die toekoms as die skouspelagtige geboorte van die global village bekend staan, met CNN as die vroedvrou.

Die global village was lank eintlik maar net 'n ongemaklike metafoor, omdat die wêreld se tegnologie in die dekades na die vyftigs nooit werklik globale afmetings aangeneem het nie.

Maar vandag het ons dit. Vier en twintig uur van internasionale nuus, en wanneer daar 'n oorlog uitbreek, word die term triple-A lewendig gedemonstreer in Bagdad, en kan jy in die volgende oogwink duisende kilometers verder rondkrap in 'n Scud-krater in Tel Aviv.

Jy kan hoor hoe Saddam Hoesein dubbelsinnig raak oor chemiese wapens, en hoe die Israeli's ontwykend raak oor kernwapens... LIVE. En as jy nog nie heeltemal snap wat die global village is nie, wag maar, CNN sal weldra vir jou 'n trop kamele wys wat in die sand wei, soos dié week gebeur het. Jy hoef nie meer die eende by die dieretuinmeer te gaan voer nie, CNN sal vir jou 'n kangeroe in Australië, 'n jak in die Himalajas of 'n poedel in Rusland gee ... LIVE.

Maar die oorlog het ook die valse beloftes van die global village ontbloot, dat dit nie noodwendig vooruitgang gaan beteken nie.

CNN het die scoops van alle scoops gekry: die eerste en enigste dekking van die uitbreek van die oorlog, deur hul eie verslaggewers, in die middel van die bomme-inferno. Die wêreld het reggeskuif. Die bioskope was leeg soos mense tuisbly om oorlog te kyk. CBS moes die ongehoorde doen: Bill Cosby afhaal vir 'n spesiale Golf-uitsending.



Jane Fonda en Ted Turner

Maar gou het die teleurstelling ingetree. Want nie veel meer is werklik van die oorlog gesien nie. Gou het die verslae oor verslaggewers se eie vervelige manewales begin handel, hoe hulle onder tafels in hul hotelkamer wegkruip, hoe verontwaardig hulle is wanneer 'n Franse vrou hul plekke vat in die bomskuiling.

Nog 'n filosoof, Jean Baudrillard, het gepraat van die "inploffing van betekenis" in die media. Net soos 'n mens 'n gebou sloop deur dit nie laat ontplof nie, maar inplof, het die oorlog eers al die kenmerke getoon van 'n ontploffing in nuus, nuwe ontdekkings...

Na die eerste wolke van stof en lawaai het die gebou so 'n rukkie gewankel, en het hy toe stadig ineengestort. Nou is almal moeg, het selfs 'n afsku ontwikkel in die diarree van onophoudelike beelde. Die Groot Drie van televisie, CBS, ABC en NBC, het na twee dae Golfprogramme begin dink aan die sweterige kalkulasies van die grys manne op die boonste vloer: op die eerste oorlogsaand het hulle saam 15 miljoen dollar aan advertensie-inkomste verloor.

Van die grootste adverteerders het begin opdrag gee dat hul spots moet verval as die normale programme vervang word met Golfprogramme, omdat hulle nie verpak wil word in beelde van vernietiging en dood nie.

Maar afgesien van die kommersiële druk, sê die bestuurders van die Groot Drie dat hulle ook om joernalistieke redes na die normale teruggekeer het. Daar het 'n groter behoefte ontwikkel as die desperate rapporte van verslaggewers met niks om te sê nie, of die oneindige, ongeredigeerde onderhoude met vlieëniers wat terugkom van hul sendings om die mees tydrowende deel van 'n soldaat se bedrywighede te kom hervat: niksdoen.

Daar was ander ontnugteringe ook. Die global village beteken ook dat die wêreld se muurprop soveel makliker uitgetrek kan word. Om nie van manipulasie te praat nie. Effens verbaas moes 'n mens verneem sommige uitsendings (watter?) was nie so lewendig nie: insetsels is vooraf opgeneem deur die Pentagon.

Die Pentagon had ook 'n noukeurig uitgewerkte, oënskynlik goed geoefende game plan vir die media. Die katastrofe van die Viëtnamese oorlog, toe daaglikse beelde van bloed en verwoesting die openbare mening teen die Amerikaanse magte laat swaai het, het in die lugspieëlings in die Arabiese sand, en van die uitlate van die asemrowende stralers gespook.

Daar was die amper onopsigtelike wetlike truuks soos dat elke soldaat met wie 'n onderhoud gevoer word, sy naam moet verskaf, om die mag van die anonieme bron uit te skakel, en die swaard van laster tot op 'n joernalis se kop te laat sak. Of met privaatheid en familielede tuis as verskoning, was dit verbode om soldate wat "grof vermink" was te wys.

En daar was 'n nuwe konsep: die van "pool-TV", waarin 'n groep joernaliste tot by die aksie geneem word, terwyl die res by die basis bly. Almal had nou 'n gelyke kans om Hemingway te speel, maar sensuur en dissipline was ook nou makliker: weerbarstige joernaliste word eenvoudig uit die "pool" gegooi.

Die militêres se grootste propagandatriomf was die stukkies film van die slim bomme, die kruisermissiele. Eindeloos is gewys hoe laserstrale skoorstene vir bomme vashou. Soos die dodetolle onnatuurlik laag ingekom het, is die woorde "skoon oorlog" al meer rondgegooi.

Wat dit eintlik demonstreer is die kollektiewe narcisme van die global village, maar ook, dat dit nie menslike naeltjies is waarna gekyk word nie, maar die elektroniese kolletjies en kruisies op honderde monitors en TV-skerms. Die tegnologie, die uitbreiding van CNN self, bly die held van die oomblik.

Die vennootskap tussen TV en militêre tegnologie is bowenal die bevestiging van Ted Turner se uitspraak op sy internasionale kongres wat in Atlanta, CNN se hoofkwartier, gehou is: "As ons vrede en begip wil handhaaf, sal kommunikasie-eksperte moet soek na nog meer fantasieryke maniere om die skitterende nuwe tegnologie te gebruik".

McLuhan is as sentimentele dromer gesien, en daarom is min van sy idees aanvaar. Ook Turner het bekend geword vir idiosinkratiese idees - "Ted Turner is 'n siener, 'n man met 'n langtermyn-visie. Ted is met sy idees altyd tien tot vyftien jaar vooruit."

Die verskil is dat hy regkry waaroor hy droom - op groot skaal.

Turner se eie verhaal het mitiese proporsies. Hy het 'n klein TV-stasie in Atlanta, Georgia, met 'n uitsaaigebied van so twee kilometer, by sy pa geërf. In die ware Amerikaanse rags to riches-tradisie het hy alles verkoop wat hy kon - en selfs sy duur vistenk verpand. Kort voor lank was die klein stasietjie 'n media-emporium. Turner was die eerste magnaat wat kabel-TV ernstig opgeneem het - om mettertyd vir homself een van baie byname te verwerf: die King of Cable.

In 1977 het hy die America's Cup, die wêreld se voorste seilwedvaart, gewen. Hy was gedurig in die nuus, òf oor sy uitsprake oor Jode en swart Amerikaners - bynaam: "Mouth of the South" - òf oor sy bewondering vir Rusland se Mikhail Gorbatsjof: "Gorbatsjof het vinniger as wie ook al in die geskiedenis opgetree. Vinniger as Jesus Christus."

CNN is op 1 Junie 1980 van stapel gestuur. Die personeel het hoofsaaklik van klein stasies en uit die Suide gekom. Turner is oral uitgelag. Musiekvideo's dag en nag op M-TV het lewens verander, ja, maar wêreldnuus?

Vandag bereik CNN honderd miljoen huise in 120 lande. Tot onlangs was CNN net in Viëtnam nie beskikbaar nie - tot Turner soontoe vlieg, 'n bietjie onderhandel en gou-gou 'n antenneskottel laat installeer...

CNN se wins in 1989 was 134 miljoen dollar. Dit steek af teen Turner se persoonlike bates van 1,6 biljoen dollar. Onlangs het hy 'n aanbod van 1,5 biljoen dollar vir Hollywood se MGM gedoen. Hy het darem daarin geslaag om die regte van 3 700 "film classics" te kry - onder meer dié van Orson Welles se "Citizen Kane", wat ook handel oor 'n mediamagnaat.

Hy stel geen perke vir homself nie. "Ek sou graag eienaar wil word van CBS, NBC en ABC, en van alle rolprentateljees en kabelnetwerke," het hy onlangs laat val.

Hy tree op oor internasionale grense - of anders gestel, hy is so vry om te doen wat hy wil as die global village se burgemeester.

Hy vang vis saam met Fidel Castro. Hy was ryk genoeg om sy bewondering vir Gorbatsjof uit te druk in sy eie ekwivalent van die Olimpiese Spele, die Goodwill Games in 1986 in Moskou... iets wat gekom het om te bly.

Daar is natuurlik ook vroue in die global village. Soos Jane Fonda, die ewige jeugdige wat aerobics-klasse in die straat af gee. Sy is ook nou aan Turner se sy, as sy verloofde.

Deesdae praat almal van Turner in die Wit Huis in die jaar 2001. Dan word hy ook die aanvoerder van die Amerikaanse weermag, wat teen daardie tyd, na die oorwinning oor die Irakese en ander lastige landjies, die tegnologiese heerskappy oor die aarde sal voer. Dan is Turner met sy CNN nie net die oë en ore van die wêreld nie, maar sommer die lyf ook.

Dan is hy polisieman en burgemeester van die global village tegelyk. Net 'n cowboy in die saloon sal ons dan kan red. Maar na Ronald Reagan is cowboys ook nie meer wat hulle was nie.

# En 36 jaar later, hier is die Boere se Freedom Charter...



FW de Klerk

**Staatspresident FW de Klerk het verlede week 'n "Manifes vir die Nuwe Suid-Afrika" uitgereik. In 1955 is ook 'n manifes gepubliseer wat 'n nuwe bedeling voorgestel het: die Freedom Charter, wat nou nog die ideologiese basis van die ANC se beleid vorm. MAX DU PREEZ vergelyk die twee dokumente**

Tot nie baie lank gelede nie het die regering en die Nasionale establishment die Freedom Charter as revolusionêr beskou en dit selfs destyds gebruik om 'n handvol nasionaliste weens hoogverraad aan te kla.

Die De Klerk-manifes is wel ietwat stywer bewoord met 'n witterige Calvinistiese aanslag en daar is klemverskuiwings, maar breedweg gesien het die twee manifeste dieselfde aanslag - nie-rassigheid - en wil dit dieselfde ding sê: dis ons almal se land en ons gaan almal saam in vrede en regverdigheid regeer.

En tussen die twee manifeste - tussen 26 Junie 1955 en 1 Februarie 1991 - lê 'n bittere tydperk waarin die heersers die beginsels in die twee manifeste as boos en 'n bedreiging vir die Christelike beskawing beskou en ons land se mense met geweld van mekaar af weg gehou het.

Die Charter verklaar dat "Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin woon, swart en wit, en dat geen regering met reg die gesag mag opeis nie tensy dit gebaseer is op die wil van die mense."

Die FW-manifes verklaar dat "alle mense in hierdie land van hul geboorte vry sal wees" en dat "die regering van die land ten alle tye gegrond sal wees op die instemming van die onderdane".

Die Charter sê: "Elke man en vrou sal die reg hê om te stem en kandidaat te wees vir alle liggame wat wette maak; al die mense sal die reg hê om deel te neem aan die administrasie van die land; die regte van die mense sal dieselfde wees afgesien van ras, kleur of geslag."

Die FW-manifes sê: "Dat al die mense van ons land op die grondslag van algemene volwasse stemreg ten volle op alle owerheidsvlakke sal deelneem" en dat "alle mense gelyk sal wees voor die gereg en gelyke regte, ondanks ras, kleur, geslag of geloof, sal geniet."

Volgens die Charter sal die wet "aan almal die reg waarborg om te praat, te organiseer, byeen te kom, te publiseer, te preek, te aanbid en hul kinders op te voed." Die FW-manifes sê weer dat "vryheid van spraak, binne die algemeen aanvaarde grense van verantwoordelikheid, die reg van alle mense sal wees", en dat "vryheid van geloof en aanbidding vir almal gewaarborg sal wees."

Twee van die belangrike hofies in die Charter is "Die deure van geleerdheid en kultuur sal oopgemaak word" en "Daar sal huise, sekuriteit en gerief wees." Die ander manifes is minder geesdriftig, maar verklaar tog dat "die doelwit van regverdige en billike onderwysstelsels wat vir almal toeganklik is, doelgerig nagestreef sal word" en dat "toegang vir almal tot bekostigbare huisvesting 'n hoë prioriteit sal wees."

Die Charter wil hê dat "daar werk en sekuriteit" sal wees en dat die "nasionale rykdom van ons land, die erfenis van alle Suid-Afrikaners, aan die mense teruggegee word." Die FW-manifes is sterker daarop dat "ekonomiese groei, met die klem op die skepping van werksgeleenthede, kragtig bevorder sal word", maar gee darem toe dat "die hulpbronne van die staat billik vir almal se welsyn aangewend sal word".

Daar is een verrassing in die De Klerk-manifes: "nie-rassigheid" word by sy naam as die ideaal uitgesonder en groeps- of minderheidsregte gebaseer op ras word spesifiek uitgesluit. Nou kan daar seker nie meer twyfel wees nie, al sê Minister Piet Clase ook wat.

Die een manifes het meer of minder besonderhede oor sekere sake as die ander, maar naas die Charter se (teen dié tyd verouderde) stellings oor nasionalisering, is daar werklik net een fundamentele verskil: die FW-manifes glo dat "Christelike waardes in Suid-Afrika gehandhaaf moet word" terwyl die Charter nie een godsdiens wil voorkeur gee nie.

Nee, daar is nog 'n verskil, en een wat nogal boekdele spreek oor die verskillende politieke kulture wat agter die twee manifeste sit: Die Freedom Charter is deur die Kongres van die Mense, 'n massa-byeenkoms van afgevaardigdes van oor die hele land, aangeneem nadat dit na maande se konsultasie in elke uithoek van Suid-Afrika opgestel is.

FW de Klerk se manifes is deur enkelinge in die Nasionale Party-regering opgestel en in die Parlement aangekondig.

## *Manifes vir die Nuwe Suid-Afrika*

ONS, as Suid-Afrikaners uit alle lewensterreine, vereenselwig ons met die meerderheid van ons mede-Suid-Afrikaners se welwillendheid en gesamentlike versugting na geregtigheid, vrede en vryheid,

VERKLAAR

DAT 'n regverdige en billike Nuwe Suid-Afrika, ontdaan van apartheid, 'n sterk Suid-Afrikaanse nasie benodig,

DAT daar dus 'n dringende behoefte bestaan dat die leiers van al ons mense en gemeenskappe saamkom om 'n algemeen aanvaarbare nuwe grondwet vir ons land op te stel,

DAT so 'n grondwet in 'n regstaat gevestig moet wees en die grondslag moet lê vir 'n nasie toegewy aan geregtigheid, demokrasie en vryheid vir almal, deur die nastreef van verteenwoordiging, vrede, vooruitgang en voorspoed,

DAT Christelike waardes en universeel aanvaarde beskaafde norme en standaarde, met erkenning en beskerming van vryheid van geloof en aanbidding, in Suid-Afrika gehandhaaf moet word,

DAT al die mense van ons land aan hierdie poging moet deelneem,

DAT ONS, ter bereiking daarvan, die volgende ONDERSKRYF:

### *Verteenwoordiging: 'n vry en demokratiese politieke stelsel*

ONS VERBIND ONS tot die daarstelling van 'n vry en demokratiese politieke stelsel in Suid-Afrika waarin:

* Alle mense in hierdie land van hul geboorte vry sal wees;
* Al die mense van ons land op die grondslag van algemene volwasse stemreg ten volle op alle owerheidsvlakke sal deelneem;
* Die Regering van die land te alle tye gegrond sal wees op die instemming van die onderdane;
* Alle mense gelyk sal wees voor die gereg en gelyke regte, ondanks ras, kleur, geslag of geloof, sal geniet;
* Die regte van alle individue en minderhede, gedefinieer op 'n nie-rassige grondslag, in die grondwet en in 'n grondwetlik gewaarborgde en beregbare Handves van Menseregte voldoende beskerm sal word;
* Vryheid van spraak, binne die algemeen aanvaarde grense van verantwoordelikheid, die reg van alle mense sal wees;
* Vryheid van beweging en assosiasie vir almal gewaarborg sal word.

### *Vooruitgang: 'n billike maatskaplike stelsel*

ONS VERBIND ONS tot die daarstelling van 'n billike maatskaplike stelsel in Suid-Afrika waarin:

* Die menswaardigheid van elke individu, as 'n unieke skepsel van God, te alle tye eerbiedig sal word;
* Vryheid van geloof en aanbidding vir almal gewaarborg sal wees;
* Alle diskriminasie tussen groepe mense of individue uitgeskakel en diskriminerende wetgewing herroep sal word;
* Die doelwit van regverdige en billike onderwysstelsels wat vir almal toeganklik is, doelgerig nagestreef sal word;
* Toegang vir almal tot bekostigbare huisvesting 'n hoë prioriteit sal wees.

### *Voorspoed: 'n vry en billike ekonomiese stelsel*

ONS VERBIND ONS TOT die daarstelling van 'n vry en billike ekonomiese stelsel in Suid-Afrika, waarin:

* Alle mense vry sal wees om hul arbeid te verkoop en hul produkte te bemark;
* Eiendomsreg vir almal toeganklik sal wees;
* Ekonomiese groei, met klem op die skepping van werksgeleenthede, kragtig bevorder sal word;
* Die hulpbronne van die Staat billik vir almal se welsyn aangewend sal word, met inagneming van die sosio-ekonomiese agterstande wat in ons land bestaan;
* Die Staat en alle lede van ons samelewing ons verantwoordelikheid as die bewaarders van ons omgewing en hulpbronne sal aanvaar.

### *Vrede: Vryheid en veiligheid vir almal*

ONS VERBIND ONS tot die handhawing van Suid-Afrika as 'n soewereine, onafhanklike staat, veilig teen vreemde inmenging, waarin:

* Die beskerming en eerbiediging van lewe, vryheid en eiendom 'n grondbeginsel sal wees;
* Die vreedsame beslegtiging van politieke en ander geskille tussen groepe en individue die grondslag van 'n demokratiese samelewing sal vorm;
* Geweld en intimidasie as instrumente vir die bereiking van politieke doelwitte nie geduld sal word nie;
* Die Staat belas sal wees met die verpligting om stabiliteit in 'n vreedsame en ordelike samelewing te handhaaf;
* Die aanwending van die magte van die Staat beperk sal wees tot die minimum wat nodig is om 'n vreedsame en ordelike samelewing in stand te hou en aan die reg onderhewig sal wees.

ONS, wat ons met hierdie manifes vereenselwig, ERKEN dat ons nog verdeel is deur talle verskille oor die beste wyse waarop hierdie ideale verwesenlik kan word, maar

ONS ERKEN OOK dat ons VERENIG is in ons liefde vir ons land en al sy mense, en dus

VERKLAAR ONS dat ons VASBESLOTE is om al ons talente en ons arbeid in te span om hierdie verskille te oorkom en om 'n vreedsame weg te vind waarlangs ons 'n groot Suid-Afrikaanse nasie en 'n beter toekoms vir die nageslagte kan bou.

**'n Sendelingseun van die NG Kerk in Zimbabwe wat baanbrekerswerk gedoen het op die gebied van die onafhanklike Afrika-kerke en die tradisionele Afrika-godsdiens in dié land, is nou besig met 'n unieke projek om die twee groepe by ekologiese projekte te betrek. Prof Inus Daneel, 'n sendingwetenskaplike aan Unisa, was die eerste witmens wat toegelaat is om 'n godsdienstige seremonie van die sogenaamde geestesmediums van die tradisionaliste by die heilige grotte in die Motopo-heuwels in Zimbabwe by te woon. INA VAN DER LINDE het met hom gesels**



Lede van Aztrec besig om bome te plant in die Bikita-distrik. Prof Inus Daneel sit by.

# Om 'n boom af te kap is moord

**VERTEL asseblief meer van die ekologie-projek waarmee jy in Zimbabwe besig is. Hoe het dit begin en hoekom het jy daarby betrokke geraak?**

Ek is 'n Zimbabweër, en het as navorser betrokke geraak by die teologiese opleidingsprogram vir die onafhanklike Afrika-kerke, waar ek vir tien jaar gewerk het tydens die oorlog. Later het ek begin om vanuit Unisa die navorsing in Zimbabwe oor die vryheidstryd voort te sit, omdat ek in die hele kwessie van die vrywording van Afrika, Zimbabwe in besonder, belang stel. Tydens navorsing het ek agtergekom dat die klomp tradisionaliste, die geestesmediums (masvikiro), die hoofmanne en die ex-combatants op die agtergrond raak en dat dit hulle pla; dat hulle graag iets wou doen om weer dieselfde prominensie wat hulle tydens die oorlog geniet het, in te neem. Hulle het almal 'n groot rol in die chimurenga, die bevrydingstryd, gespeel.

In die bevrydingstryd het die konsep van "the lost land" 'n baie belangrike plek ingeneem. Ek het toe gemeen mens kan die vryheidsgedagte herinterpreteer, en dit toepas op die ekologie, want hier het ons ook te make met 'n verlore land.

Die ekologie gaan agteruit. Daar is te veel mense, die bome gaan kapot, vier persent van die totale landoppervlak word jaarliks ontbos. In tropiese Afrika word daar byvoorbeeld jaarliks 2,3 miljoen hektaar ontbos. Volgens navorsing word daar in die hele kontinent net een boom geplant vir elke agtien wat afgekap word, en van dié wat geplant word, bereik net enkeles volwassenheid.

Volgens die Wêreldkommissie van Omgewing en Ontwikkeling van die VVO, word wêreldwyd sowat 6 miljoen hektaar van produktiewe droëgrond op ons planeet in waardelose woestyne verander en elf miljoen hektaar woude jaarliks vernietig. Dit gebeur ook in Zimbabwe.

Die basiese reg tot lewe en vryheid sluit nooit die verantwoordelikheid uit om die aarde te bewaar nie. Die voorstel was dus om in die ou gebruike van tradisionele Afrika te gaan soek na hulle siening van die ekologie. Ek het gesê kom ons werk vir die bevryding van die ekologiese "lost lands". Ons het 'n konstitusie opgestel vir die drie groepe - dis nou die ex-combatants, die geestesmediums en die tradisionele hoofmanne - en noem die organisasie The Association of Zimbabwean Traditional Ecologists (Aztrec). Die oogmerk is om bome te plant, wild- en waterbronne, én die bosdele wat nog bestaan, te beskerm.

**Wat is 'n geestesmedium en hoe oefen hulle invloed uit?**

Die geestesmediums is nie soos ons dit in die Westerse sin verstaan nie. 'n Geestesmedium is 'n wysgeer, historikus, politikus en verteenwoordig die stam se agtergrond, want daar bestaan nie 'n geskrewe geskiedenis nie. Dit bestaan voort in mense en hy, of dikwels sy, is die hoofkenner van die geskiedenis. Wanneer die medium die geskiedenis vertel, word die persoon deur een van die senior stamgeeste, wat dan self die geskiedenis vertel, beset.

Hoe 'n sterk rol die geestesmediums onder tradisionaliste speel, is duidelik tydens die oorlog in die destydse Rhodesië gedemonstreer. Voor 1972 was die mense in die platteland huiwerig om die vryheidstryd volledig te steun. In dié jaar het die varidzi venyika (senior stamgeeste) deur die geestesmediums begin dikteer hoe die oorlog gevoer moet word en het daar 'n duidelike draaipunt in die verloop van die oorlog gekom. Die varidzi venyika is diegene wat die land vanuit die geesteswêreld versorg.

Die meerderheid van die bevolking het deur godsdiens, en nie ideologie nie, aan die kant van die guerrillas gaan staan. Dit het die gang van die oorlog geswaai.

Dis hulle wat sê dat die land opgepas en dat bome geplant moet word.

**Wat is die tradisionele siening van die natuur?**

Die tradisionele siening van, byvoorbeeld, watergeeste is dat hulle in grotte onder die water leef. As dit reën, is die geeste besig om in hulle grotte tromme te slaan. Dit is die njuzu-geeste, wat jy nie vandag meer hoor nie, want alles is gemoderniseer en vernietig.

Deur te sê dat ons die natuur moet herwin sodat dié geeste kan terugkom en dan sal die land weer bloei, is 'n sterk argument. Dis 'n teruggaan na die tradisionele interpretasie.

Die bome en bosse het 'n diep simboliese betekenis. So word sekere bosse tradisioneel Marambatemwa ("weier om hulle te laat afkap") genoem, omdat die voorouers verbind word met bepaalde streke, hulle grafte en hulle geeste daar is. Hulle word gesien as mense wat in hulle bestaan net soos ons hier leef, onder die bome sit, die Mushuku-vrugte (wilde lukwart) en die Mutobge (snotappel) eet.

Daar is ook die Muchakata, die kurkboom, ofte wel die grysappel. Dit mag onder geen omstandighede afgekap word nie, want dis onder dié boom wat hulle hul reënrites hou. Dis 'n beskermingsimbool wat die beskerming van God en die voorouers simboliseer. Dis ook my bynaam in die chimurenga (bevryding) van die aarde. Ons vise-president se bynaam is Marambemwa.

Die geestesmedium wat die aktiefste is in die bevordering van kwekerye vir inheemse bome, word Muchecheni (die naam vir die wag-'n-bietjie) genoem, want sy "haak" die mense vas om bome te plant.

Vroeër jare was daardie bosdele in die berge heilige gebiede, niemand mag bome daar afgekap het nie. Later het mense die berge ingegaan en bome vir brandhout gekap.

**Is dit omdat die voorvadergeeste uit die mitologie verdwyn het?**

Nee, maar die geestesmediums en die mense wat nog daarin geglo het, was min en kon nie die tradisionele reëls afdwing nie. Terselfdertyd was die behoefte aan brandhout groot.

**Waar kry julle bome en hoe werk die projek?**

Ons werk baie nou saam met die regeringsdepartemente, soos landbou, bosbou, natuurlike bronne, en parke en wildlewe. Die ouens van Bosbou het nou die dag gesê dat hulle nog nooit tevore gesien het dat die plattelandse bevolking op só 'n groot skaal gemobiliseer word nie.

Ons het pas 500 000 bome geplant en ses nuwe kwekerye gevestig. Die eerste kwekery was agter in my tuin by die huis. Ek het 'n vrou, 'n geestesmedium aangestel. Sy was prominent in die oorlog. Sy het die eerste 18 000 inheemse bome gekweek.

Ons moedig die plattelandse gemeenskape aan om hulle eie bome in die omgewing van stabiele waterpunte aan te plant. Vrugtebome word vir persoonlike en kommersiële gebruik aangeplant, uitheemse bome soos bloekom vir geboue, inheemse bome vir vuurmaak, bome vir beesvoer. Die stadig-groeiende kiaat en mahonie is 'n langtermyn-belegging vir komende geslagte.

Maar dit gaan nie net oor bome plant nie. Dis ook 'n versoeningsdaad tussen wit en swart boere. Ons wil mettertyd ook koedoe- en rooibokteeleenhede op swart plase vestig, en het reeds gesprekke met wit en swart boere gevoer om hulle bymekaar te bring om saam te werk.

Swart boere onderneem om nie strikke te stel en met honde te jag nie, en die wit boere help om teeleenhede te koop. Dis nie altyd maklik nie, want jy kan jou voorstel dat die wit boere in die Gutu-gebied (noord van Masvingo en suid van Harare) nog almal streng-gereformeerde Afrikaner-boere is. Nou gaan die geestesmediums, wat vir hulle die heidendom verteenwoordig, saam sit en beskik oor die ekologie wat hulle self in die moderne konteks vanuit die tradisie hervertolk.

**Wat van die ander groep waarmee jy saamwerk, die onafhanklike Afrika-kerke soos die Sioniste?**

Ons het gesê ons gaan 'n nuwe teologie uitwerk waarin ons kyk na wat die Bybel oor die ekologie sê. Daar is twee sterk bewegings onder hulle: die profetiese groep soos die Sioniste en die Apostels, en die Etiopiese kerke.

Sowat 80 tot 90 kerke behoort reeds aan 'n liggaam wat ons Fambidzano noem. Ons het 20 swart dosente wat ons teologiese opleiding doen. Sommige jare het ons meer as 'n duisend studente. Fambidzano het begin met onwikkelingswerk, ekumeniese werk en gemeenskapsontwikkeling.

Hulle is baie skepties oor my werk met die geestesmediums. Die profete is selfs meer skepties as die sendingkerke, want hulle voer nie bloot 'n dialoog met die tradisionele godsdienste nie, maar het die simbole met christelike praktyke binne die kerk vervang.

Ons beoog om naas Fambidzano 'n nuwe ekumenies-ekologiese kerkliggaam te stig, naamlik die AAEC - Association of African Earthkeeping Churches. Die liggaam se doelstellings stem ooreen met dié van die geestesmediums.

Die fokus by AAEC sal val op die sondebegrip en dat ekologiese vernietiging 'n sonde is. Sonde hang saam met toordery van die land, dit het die implikasie van destruktiewe, onsosiale gedrag.

Die afkap van 'n boom het dieselfde waarde as wanneer 'n mens iemand anders doodmaak, want jy maak die natuur dood.

Dit kan saamgaan met 'n herinterpretasie van die sakramente, en veral die nagmaal - trouens dit gebeur reeds in sommige kerke. Vanuit die begrip van die kerk as die liggaam van Christus, groei die begrip van die liggaam as deel van die totale skepping. Die vernietiging van die ekologie hang saam met die vernietiging van die liggaam.



'n Blik oor die Baviaanskloof

(Foto: Colin Urquhart)

# Die Baviaanskloofdroom dalk binnekort bewaarheid

**Groot wildernisgebiede waar 'n mens heeltemal afgesonder van die wêreld kan ontspan, is skaars in Suid-Afrika. Sedert 1975 werk bewaringsbeamptes in Oos-Kaapland hard aan 'n droom - om die Baviaanskloof naby Port Elizabeth tot een van die grootste wildernisgebiede in Suid-Afrika te verklaar. CHRISTELLE DE JAGER vertel meer**

'N DROOM waarna Oos-Kaaplandse bewaringsbeamptes sedert 1975 streef - die verklaring van die Baviaanskloof-bewaringsgebied 100 kilometer wes van Port Elizabeth tot 'n wildernisgebied - kan dalk binnekort bewaarheid word.

Daar word verwag dat die ongerepte wildernis van 75 000 hektaar dié jaar amptelik tot bewaringsgebied verklaar gaan word, wat dit die grootste wildernisgebied in Suid-Afrika sal maak. Tans is die Sederberg-wildernisgebied van 64 000 hektaar in Wes-Kaapland die grootste.

Maar dit is net die begin van die planne vir die Baviaanskloof. Die tweede fase, wat reeds in die beplanningstadium is, sal dié wildernisgebied tot oor die 200 000 hektaar laat uitbrei.

Daar is 172 000 hektaar staatsgrond in die Kouga/Baviaanskloof-kompleks - die derde grootste bewaringsgebied in Suid-Afrika.

Dié kompleks is 'n afgeleë, ruwe berglandskap waar die Baviaanskloofvallei deur twee parallelle bergreekse omsluit word - aan die noordekant die Baviaanskloofberge en in die suide die Kougaberge, wat in die ooste by die Groot Winterhoekberge aansluit.

Die hoogste piek in die Oos-Kaap, die Hanekom-piek, is in die Groot Winterhoekberge, en die Kougaberge word gekenmerk deur diep, nou klowe.

Die drie hoofriviere - die Kouga-, Baviaanskloof- en Grootrivier - vloei deur die Kouga/Baviaanskloof-kompleks. Die Kougarivier is een van die min riviere in Suid-Afrika wat in 'n noordelike rigting vloei.

Dié rivier vloei grotendeels ooswaarts aan die suidekant van die Kougaberge, maar draai dan op onverklaarbare wyse reg noord om in 'n poort deur die Kougaberge te vloei en by die Baviaanskloofrivier aan te sluit.

Die reënval wissel baie van jaar tot jaar. Lang tydperke van droogte word gevolg deur vloedwaters. Die mense wat dié wêreld ken, sê dit is dán wanneer die Baviaanskloof op sy mooiste is, wanneer die reën hard uitsak oor die vallei.

Die doel van 'n wildernisgebied is nie net om groot gebiede af te sonder waar mense naby aan die natuur kan ontspan nie, maar ook om die laaste ongerepte natuurgebiede vir die toekoms te bewaar.

In Amerika, byvoorbeeld, is daar uitgestrekte wildernisgebiede en die ongeskonde wildernisgebiede en die ongeskonde wildernisvaring is 'n gewilde manier van ontspanning vir die Amerikaners. Dié gebiede word so streng beheer in Amerika dat vliegtuie byvooreeld heeltemal verbied word om daaroor te vlieg. Sodoende word 'n egte wildernisvaring, waar die besoeker werklik die wêreld kan vergeet, verseker.

Streng kriteria word by die keuse van 'n wildernisgebied toegepas:

* 'n Wildernisgebied móét 'n onontwikkelde gebied wees wat nie deur mense bewoon word nie. Dit behoort 'n intrinsieke wilde voorkoms en karakter te hê of tot so 'n toestand gerehabiliteer kan word.

* Dit moet die algemene indruk skep dat die gebied die resultaat is van gekombineerde natuurlike kragte, en dit moet groot genoeg wees om besoekers afgesonder van die buitewêreld te laat voel.

Die behoefte aan afgesonderde wildernisgebiede word al groter in die moderne samelewing, en daar word verwag dat die Baviaanskloof 'n belangrike toeriste-aantrekking kan word.

Die beskikbaarheid van ongerepte gebiede raak egter al hoe minder, en in Suid-Afrika is daar die bykomstige probleem dat die meeste bestaande ongerepte gebiede redelik klein is.

Japie Buckle, die natuurbewaarder in beheer van die Kouga/Baviaanskloof-kompleks, sê dié gebied is die een van die laaste ongerepte gebiede van dié grootte oor wat geskik is vir uitsondering as 'n wildernisgebied.

Wit setlaars, eers jagters en daarna trekboere met hulle klein- en grootvee, het in die vroeë 18e eeu in die gebied inbeweeg. Maar gelukkig is die Baviaanskloof nooit intensief bewoon nie, grootliks weens die ongenaakbaarheid van die ruwe landskap en die gebrek aan 'n onderhoudende, betroubare waterbron.

Sedertdien het 'n paar boere volgehou om in die onherbergsame gebied te probeer boer, meestal met vee- of saaiboerdery, maar dit het moeilik gegaan. Die isolasie, vervoerkoste, roofdiere, ongeskikte boerderygrond en ander faktore het beteken dat hulle nie 'n bestaan kon maak nie.

Die plase word sedert 1985 deur die Departement Natuur- en Omgewingsbewaring opgekoop en laat lê om die inheemse plante kans te gee om te hervestig. Die enigste oorblywende struikelblok in die amptelike uitsondering en konsolidasie van dié wildernisgebied is die koop van drie oorblywende plase teen 'n koste van R1,1 miljoen.

Daar word tans met die Suid-Afrikaanse Natuurstigting, die SA Wildlife Heritage Trust en met private instansies onderhandel om deel van die koste te help dek.

Daar word beoog om die 18e eeuse plaashuise in die gebied te restoureer en as deel van die wildernisgebied te benut. Een huis op die plaas Guerna, wat reeds in 1821 as plaas geregistreer is, is so te sê heeltemal van die buitewêreld afgesny en kan net te voet, te perd of met 'n vierwielaangedrewe voertuig bereik word.

Buckle sê dié huis, nadat dit gerestoureer is, sou as inspeksiekwartiere vir beamptes, oornagskuiling en noodskuiling vir stappers gebruik kon word.

Hy sê indien die Baviaanskloof 'n toeriste-aantreklikheid word, sal dit ook finansiële uitkoms vir boere in die omgewing kan bied.

Die gedagte is om die gebiede wat aan die wildernisgebied grens tot hoë benuttingsgebiede te ontwikkel, waar mense kan kampeer en in georganiseerde huisvesting kan woon.

Boere kan dus 'n groot rol speel deur die geriewe te verskaf en te beheer. Mense kan dan in beperkte getalle in die egte wildernisgebied inbeweeg en gaan stap, hengel, bergklim of diep in die klowe visvang.

Dié konsep word met groot welslae in die Sederberg-wildernisgebied gebruik, en boere van die Baviaanskloof-omgewing gaan binnekort soontoe geneem word om hulle te wys wat daar gedoen word.

Die plant-, dier- en voëllewe van die Baviaanskloof is besonder ryk, en baie daarvan is nog glad nie bestudeer nie. Dit beteken dat daar groot potensiaal vir kenners is om nuwe spesies gedurende staptogte te ontdek.

Tot dusver is 58 soogdierspesies in die Baviaanskloof-gebied opgeteken, asook 293 voëlsoorte en elf varswater-vissoorte.

Veral die plantegroei van die Kouga/Baviaanskloof-kompleks is besonder interessant. Natuurbewaarders beskou dié gebied as belangrik want as die ontmoetingsplek van vyf verskillende plantegroeigemeenskappe - Afromontaanse bos, Fynbosstruikveld, Kaapse oorgangstruikveld, valleibos en Karoïed-plantegroei - is dit uniek.

Die onherbergsame terrein is die tuiste van 17 protea-spesies, twee broodboom- spesies en 'n magdom ander blomplante. Bergklublede het op 'n onlangse uitstappie in die berge twee nuwe plantspesies in die gebied gevind.

Die uiteenlopende plantegroeigemeenskappe verseker ook dat 'n verskeidenheid van dier- en voëlspesies ondersteun word.

Skaars diersoorte wat aangetref word, sluit in luiperd, aardwolf, ratel en aardvark, terwyl bruin hiënas ook al by geleentheid waargeneem is. Boksoorte wat goed verteenwoordig word, is onder meer koedoe, bosbok, ribbok en klipspringer, en die mees suidwestelike natuurlike voorkoms van rooiribbokke word ook hier aangetref.

Die Baviaanskloof is ideaal geskik vir die hervestiging van sekere wildsoorte. In 1989 is 'n kernbevolking elande in die gebied hervestig, en in 1990 is dieselfde met die bedreigde Kaapse bergsebra gedoen. Die geskiktheid en grootte van die omgewing beteken ook dat die swart renoster suksesvol hervestig kan word, en dit is iets wat beoog word.

Verskeie kwesbare en skaars voëlsoorte word aangetref, onder meer die vis-, dwerg-, kroon- en breëkoparend. Vissoorte wat in die riviere en strome aangetref word, sluit in twee rooivlerkspesies (Pseudobarbus afer), wat endemies aan die Oos-Kaap is.

Onbewus van hulle uniekheid en waarde, gaan die natuurlike lewe van die Baviaanskloof onversteurd voort. Maar intussen wag natuurbewaarders vir die laaste geld sodat hulle hul droom kan bewaarheid.

# Die era van op die stoep sit en koffie drink, is verby

**Die boere het verlede week op dramatiese wyse in Pretoria hulle stemme laat hoor. Hulle gaan onder, sê hulle. Met die droogtes, die hoë rentekoerse en die lae produktepryse kan hulle nie meer kop bo water hou nie. Buite die landboubedryf is daar egter tradisioneel min simpatie met boere en word daar geskimp oor die Subsidie Benz'e waarmee hulle ry. CHRISTELLE DE JAGER het gaan rondvra of dit regtig sleg gaan met Suid-Afrika se boere**

'Ons het sewe jaar laas 'n trekker gekoop. Gewoonlik vervang ons die hele vloot elke vyf jaar. Die meeste boere, selfs dié wat gewoonlik meer welaf is, probeer maar net om aan die gang te bly en te oorleef. Dit is al wat hulle kan doen."

Dit is hoe Anthony Evans, 'n vooraanstaande mielieboer van Viljoenskroon se wêreld, vertel van sy ervaring van die huidige probleme in die landbou.

Ja, daar is 'n krisis, sê Evans. Hy het net oorleef omdat hy nie op een produk gekonsentreer het nie, maar gediversifeer het en kostes skerp gesnoei het.

"Daar is verskeie probleme wat oor die jare opgebou het - inflasie, rentekoerse, droogte, die aflaai van oorskotte op wêreldmarkte deur die EEG, stygende produksiekoste. Daar is 'n wêreldwye probleem met landbou, en Suid-Afrikaanse boere word nou ook hard geslaan," sê Evans.

'n Eenvoudige manier om die reële daling in die boer se inkomste aan te toon, is om na die inruilwaarde van produkte te te kyk. Sedert 1985 het dinge begin verkeerd gaan, en het die inruilwaarde van landbouprodukte dramaties gedaal.

Gedurende 1972 sou 'n boer 134 ton mielies moes inruil om 'n Mercedes Benz te koop. In 1989 sou hy 421 ton nodig gehad het vir dieselfde voertuig.

Die prys van die motor het oor 'n tydperk van 17 jaar met 1 534 persent gestyg, terwyl die prys wat boere vir hul mielies kry oor dieselfde tydperk met net 421 persent gestyg het.

Beesvleis is nog 'n goeie voorbeeld. In 1972 moes 'n boer 11 000 kg beesvleis, die ekwivalent van 55 beeste, inruil om dieselfde motor te koop, terwyl hy nou 19 000 kg of omtrent 95 beeste nodig sou wees.

Dr Koos du Toit, hoofekonoom van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie (Salu), sê dit is egter verkeerd om te sê dat alle boere in die knyp is.

Daar is sektore soos die wynboerdery, vrugteboerdery en suikerboerdery wat eintlik baie goed vaar, maar by ander gaan dit op die oomblik baie swaar.

Dit is veral boere van die somersaaigebiede, mielie- en graanboere, wat op die oomblik sukkel, sê Du Toit, en daar is groot rede tot kommer.

'n Kombinasie van verskillende faktore wat oor 'n lang termyn op mekaar ingewerk het, is vir die probleme in die landbou verantwoordelik, volgens boere en landbou-ekonome met wie Vrye Weekblad gepraat het.

Die faktore wat genoem word, sluit in inflasie, hoë rentekoerse, lae pryse op die wêreldmark weens hoogs gesubsidieerde boerdery en uitvoer van oorskotte in Europa, die lang droogte, die regering se landboubeleid, regeringsbesteding, stygende produksiekostes, die uitfasering van subsidies en die bemarkingstelsel.

Du Toit sê die hoofredes is inflasie, rentekoerse en die droogte, maar navoring het getoon dat droogte net vir 20 persent van die boere se finansiële probleme verantwoordelik is.

Inflasie (44 persent) en rentekoerse (36 persent) is die hoofredes vir die boer se verknorsing. Die droogte alleen sou boere kon hanteer het, maar die ander faktore het dit moeiliker gemaak vir hulle om die droogte die hoof te bied.

Die stygende insetkoste en inflasie, gepaard met die droogte en die feit dat die produksieprys van mielies slegs met 'n gemmidelde van 4,5 persent gestyg het, het beteken dat mielie- en graanboere groot bedrae korttermyn-skuld teen hoë rentekoerse laat ophoop.

Du Toit erken ook dat die ou regeringsbeleid van 'n vasgestelde mielieprys en subsidie, ook gelei het tot die huidige probleme.

Saaiboerdery is gewoonlik 'n hoë risiko-boerdery wat net in geskikte gebiede kan plaasvind. As die oes slaag, maak die boer baie geld; misluk dit, verloor hy alles.

Die ou beleid het die prysrisiko weggeneem wat veroorsaak het dat boere aangemoedig is om op marginale grond te saai. Party boere het van draad tot draad mielies geplant, in plaas daarvan om meer uiteenlopende oeste te plant.

Daar was goeie jare waar die boere baie geld gemaak het, maar die gebiede is meer geneig tot droogte en uiteindelik het te veel maer jare die skuldlas laat ophoop.

Volgens Du Toit is dit 'n groot bekommernis dat die persentasie van die korttermyn-skuld so hoog is. Langtermyn-skuld is nie 'n probleem nie. Dit is gewoonlik op grond wat gekoop is, en selfs boere wat baie goed doen, het dié soort skuld.

Korttermyn-skuld, veral 'n groot faktor onder graan- en mielieboere, dui egter op 'n groot probleem, sê hy. Dit is skuld op skuld wat jaar na jaar oorgedra word, en vir sommige boere is dit nou onmoontlik om die geld terug te betaal.

'n Oplossing gaan nie maklik wees nie, sê Du Toit. Die landbou-ekonomie kan nie losgemaak word van die land se ekonomie nie, wat tans baie ongesond is. Dit sal beter gaan as die droogtesiklus gebreek word, maar totdat inflasie en rentekoerse daal, gaan die boere se onvermoë om finansiële terugslae en ander rampe selfstandig te hanteer en oorleef, net vererger, sê Du Toit.

Dr Kit Le Clus, hoofnavorser vir die Nasionale Mielieproduseerders Organisasie (Nampo), sê boere het net reageer op die bestaande beleid, en kan nie geblameer word vir die landboukrisis nie.

Die oppervlakte grond onder mielies het in elk geval reeds baie verminder sedert 1980, daar is dus min saaiboerdery wat in elk geval op marginale grond plaasvind. Die oppervlakte onder mielies het van 4,3 miljoen hektaar in 1980 verminder tot 3,4 miljoen verlede jaar en sal dié jaar omtrent 3,2 miljoen hektaar beslaan.

Le Clus se Suid-Afrika is besig om 'n invoermielie-land te word, in plaas van soos in die verlede 'n uitvoermielie-land.

Hy sê die grootste rede vir die landbouprobleme is die regering se onverantwoordelike bestedingsbeleid, inflasie en hoë rentekoerse. "Dit is 'n maklike uitweg om die boer te blameer, en baie kortsigtig."

Die probleem lê dieper as net die boere wat nou ondergaan, sê Le Clus. "Selfs die boere wat nog kan voortbestaan, gaan probleme optel. Grondwaarde gaan verminder, en sal minder sekuriteit vir lenings vir oorblywende boere bied."

Een van die grootste en mees suksesvolle mielieboere in die Vrystaat, Anthony Evans, sê graanboere ondervind wêreldwyd 'n probleem weens die storting van goedkoop oorskotte op die wêreldmark.

Die droogte, rentekoerse en inflasie het almal bygedra en mielieboerdery betaal net nie meer in Suid-Afrika nie, sê Evans.

Hy sê die afskaffing van subsidies deur die regering maak dit ook onmoontlik vir mielieboere om op die wêreldmark teen lae pryse te kompeteer.

"In 'n volmaakte wêreld sou ons nie subsidies of inmenging in die landbou geduld het nie, maar om dit af te skaf terwyl boere in ander lande hoogs gesubsidieer word, kan nie werk nie.

"Dit is maklik vir akademici en politici om die boer te slaan en die sondebok te maak, maar dit kom alles daarop neer dat daar besluit sal moet word of Suid-Afrika voedsel sal moet invoer, of die regering boere gaan subsidieer," sê Evans.

EK Moorcroft, DP-woordvoerder vir landbou en self 'n wolboer van Albany se wêreld, meen ook dit is kortsigtig om net die boere te blameer. "Ek het simpatie met die ekonomiese deel van die boere se protes in Pretoria. Veral die graanboere van die Vrystaat en Wes-Transvaal sukkel. Hulle griewe is geldig."

Moorcroft sê inflasie is onderliggend aan die boere se probleme. Dit het daartoe gelei dat produksiekostes die hoogte inskiet, iets waaroor die boere geen beheer gehad het nie, en ook die groot styging in rentekoerse.

Subsidies en 'n vasgestelde mielieprys het 'n kansvat-element in die mieliebedryf ingebring. "Boere het in ongeskikte gebiede gesaai, met die hoop dat dit goed sou reën en hulle geld sou maak," sê Moorcroft.






Twee boere tydens die onlangse boere-protesoptogte in Pretoria

(Foto: The Star)

Hy sê die droogte is 'n oppervlakkige rede, want "boere het al dekades lank met droogtes gelewe", en sou sonder die ander probleme die droogte kon oorleef.

"Boere voel magteloos. Die stereotipe van 'n vet boer, wat van subsidies lewe en nie vir die grond omgee of produktief is nie, is verkeerd. Dié soort boere is maar min.

"Mense moet onthou Suid-Afrika is nie 'n goeie landbouland nie, en die boere het tot dusver onder geweldig moeilike omstandighede baie goed gedoen. Ons het vir ons self gesorg en uitgevoer."

Moorcroft sê daar kan egter nie nou aan 'n ou beleid vasgeklou word nie. Daar moet na 'n meer markgerigte landbouekonomie beweeg word.

"Dit is ongelukkig so, maar daar moet besef word dat baie boere die einde van die pad bereik het," sê Moorcroft.

Die regering is deeglik bewus van die benarde toestand waarin boere hulle bevind, sê dr Japie Jacobs, 'n ekonoom van die Departement van Landbou.

Jacobs sê staatsubsidies en skuldbystand sal dié jaar R336 miljoen wees, teenoor R195 miljoen verlede jaar. Regstreekse subsidies gaan egter daal van R318 miljoen tot R160 miljoen.

Daar is begrip vir die probleme van boere, sê Jacobs, en die regering sal hul bes doen om te help. Landbank-rentekoere word byvoorbeeld gesubsidiseer met twee persentasie punte, en subsidies op oorgedrae skuld is tot 1996 verleng.

Dit is egter nie genoeg vir baie van die boere nie. Een van die TLU se eise is dat skuld afgeskryf moet word, sodat die boere weer kan herstel.

In die verlede het die regering na die tjekboek gegryp en boere ondersteun, maar nie meer nie, sê Jacobs. "Die beste ding wat ons vir die boere, en die hele land, kan doen, is om inflasie af te bring. 'n Streng monetêre beleid is nodig."

Maar wat van die boere van die toekoms. Is hulle 'n bedreigde spesie, en is dit nog moontlik om van jou eie stukkie grond, landerye vol mielies en loeinde koeie te droom, en die droom te bewaarheid?

"Wel, ek sou sê dit is amper onmoontlik, tensy jy erf," sê Du Toit. "Die gewone ou sal of die jackpot moet wen by Sun City, of ryk trou. Soos in ander lande, sal deeltydse boerdery seker begin toeneem. Dit is finansieel meer prakties."

Moorcroft sê dit is nie onmoontlik nie, maar amper so.

"Die hele bedryf het so kapitaalintensief en gesofistikeerd geraak. Bestuurs- en finansiële kundighede het baie belangrik word. Daar kan nie meer op die stoep gesit en koffie gedrink word nie. Dit is die einde van 'n era."

# Die EEG en Amerika ondermyn ons boere

Die huidige probleme in die Suid-Afrikaanse landbou, en die moontlike oplossings daarvoor, kan nie in isolasie van die res van wêreld gesien word nie. Daar is 'n wêreldwye probleem in landboumarkte, wat 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse boer het.

Ekonomiese kenners skryf die chaos in die internasionale landboumarkte toe aan die beleid van die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) en die landboubeleid van Amerika wat op 'n beskermings- en inmengingsbeleid gegrond is.

Die EEG se beskermingsbeleid lei daartoe dat Europese verbruikers baie hoë pryse betaal vir voedsel, gewoonlik hoër as vryemarkpryse. Die subsidiëring van die oorskot van dieselfde voedsel veroorsaak weer dat dit teen baie lae pryse uitgevoer word.

In 1989 het die EEG R100 biljoen bestee om landbou-oorskotte te koop. Dié reuse-bedrag is bestee aan die berging van die oorskotte asook aan die subsidiëring van die uitvoer daarvan.

Die Amerikaanse landbou werk op dieselfde grondslag as die Europese stelsel en ondersteuning aan landbouproduksie het van 8,8 biljoen dollar in 1980 tot 26 biljoen dollar in 1986 gestyg. Die subsidiëring van boere gee aanleiding tot 'n kapitaal-konsentrasie in die landbou, hoë meganisasie en spesialisering, en 'n doeltreffendheid van produksie wat tot oorskotte lei.

Oorlaai met die kunsmatig-geskepte oorskot, het die EEG-lande hulle gewend tot wat hulle noem "uitvoer-vergoeding" aan uitvoerders van oorskotte aan oorsese markte.

Nie net die boere nie, maar ook die uitvoermonopolieë word dan gesubsidieer.

In 1986 het die EEG uitvoervergoeding van R5,5 biljoen vir graan alleen uitbetaal. Teen 1988 het dit tot 2 biljoen Amerikaanse dollar toegeneem..

Die uitvoervergoedingsbeleid het voedselpryse op die wêreldmarkte met 'n geraamde 16 persent laat daal. Die EEG se beesvleissubsidies, byvoorbeeld, het die beesvleisuitvoere van Botswana, Mali en Burkina Faso ontwrig. Dié lande kon nie langer vleis na hul naburige lande uitvoer nie want dié lande kon goedkoper vleis vanuit die EEG invoer.

Amerika weer het in 1986 2 biljoen dollar uitbetaal om die uitvoer van Amerikaanse rys met 'n waarde van 500 miljoen dollar te subsidieer, 4 biljoen dollar om koring-uitvoere met 'n waarde van 2 biljoen dollar te subsidieer en 6 biljoen dollar om mielie-uitvoere wat 2 biljoen dollar werd is, te subsidieer.

Dit het byvoorbeeld daartoe gelei dat Zimbabwe se uitvoermielies in 1987 opgehoop het weens 'n tekort aan markte.

In Wes-Afrika het Amerikaanse koring gedurende dieselfde tydperk teen 149 dollar per ton laer as die Amerikaanse produksieprys, en 80 dollar per ton laer die Wes-Afrikaanse produksieprys verkoop.

Deur voedselpryse op wêreldmarkte te subsidieer, ondermyn die EEG en Amerika landbouproduksie in die Afrika-lande, verhoog hulle Afrika se skuldlas en lei dit daartoe dat Afrika afhanklik word van voedselinvoere uit dié lande.

Suid-Afrika word nie as 'n Derde Wêreldland beskou nie, maar die hoë subsidiëring van boere deur Amerika en die EEG het ook 'n groot gevolg op die ekonomiese welslae van Suid-Afrikaanse boere.

Die afgelope vyf jaar is subsidies geleidelik uitgefaseer in die Suid-Afrikaanse landbou en daar word beoog om na 'n volwaardige vryemarkstelsel in die landbou te beweeg.

Die enigste subsidies wat in 1990 oorgebly het, was R76 miloen vir die hantering en opberging van mielies, en R106 miljoen aan die verbruikersubsidie op brood.

(Die broodsubsidie het in 1984 sowat R268 miljoen beloop.)

Boere sê al is 'n vryemark verkieslik, is dit nie moontlik om subsidies en ondersteuning uit te faseer terwyl Amerika en die EEG steeds beskermingsbeleide volg nie.

Dit maak dit onmoontlik vir Suid-Afrikaanse boere om op die wêreldmark te kompeteer, sê die boere, en veroorsaak dat produksie-inisiatief verloor word.

Dit is deels hoekom wyn- en vrugteboere in Suid-Afrika nog goed doen en goeie pryse vir hulle produkte op die wêreldmark kry, sê boere. Hulle ding mee in 'n relatief vrye mark, want Europa en Amerika se seisoene is anders en hulle beskik ook nie oor grootskaalse wyn- of vrugteboerderye nie.

Amerika en die EEG is tans besig met onderhandelings oor subsidies en hulle beskermingsbeleid. Amerika wil alle regeringsinmenging in wêreldlandbou teen die jaar 2000 uitfaseer, maar onderhandelings oor die uitvoering daarvan verloop nie vlot nie.

Dr Koos du Toit, hoofekonoom van die Suid-Afrikaanse Landbou Unie, sê dit is soos die hoender-en-eier-sindroom. Almal preek markgerigte, vryemark-stelsels, maar niemand wil subsidies uitfaseer terwyl ander dit nog het nie.

"Die boere het 'n punt oor die uitfasering van subsidies, maar as 'n land nie die geld het om aanhoudend sulke hoë subsidies te betaal nie, wat kan jy doen? Die Suid-Afrikaanse regering het nie meer daardie soort geld nie."




Die boere se griewe is duidelik uitgespel

# 'Ek suip nog die plaas onder julle uit!'

Boere het darem meestal nie hul sin vir humor verloor nie. Die storie is laasweek weer vertel van die sukkelboer met die liefde vir Klipdrif wat een môre opstaan en weer die bobbejane naby die opstal in die land sien woel. "Julle bliksems," skreeu hy vir hulle. "Ek suip nog hierdie plaas onder julle gatte uit."

Hier is nog boere-grappiés uit Fanus Rautenbach se jongste versameling.

Ds CB Brink vertel van die keer wat hy by 'n boer op 'n afgeleë plasie gaan huisbesoek doen het. Hy sê die eerste keer dat hy daar kom, was daar baie bloekombome en het die plekkie nie te sleg gelyk nie, maar toe hy die volgende Nagmaal weer gaan, is al die bome afgekap.

"Waar is al die bloekombome dan, Broer?" vra hy.

"Ag, Dominee, hier was so baie wind, toe kap ek maar die bome af."

Hulle gaan in en Dominee begin lees en preek. Later begin dit donker word en die boer steek 'n kers aan.

Toe Dominee klaar gelees het, kniel hy om te bid en die boer sê: "Ag, Dominee, verskoon tog, maar aangesien ons tog ons oë gaan toemaak, kan ek nie maar die kers vir eers doodmaak nie?"

By 'n ander geleentheid het die dominee gaan kollekteer. Maar dit was droog daardie jaar.

Die boer wys na die verskrompelde mielies en sê: "Dominee, dit lyk te sleg hierdie jaar, ek sal nie iets kan gee nie. Miskien volgende jaar?"

Die volgende jaar reën dit pragtig. Dominee loop deur die mielies huis toe, die mielies troon hoog bo sy kop uit. "Môre, Broer, die mielies lyk pragtig vanjaar!"

"Ag, Dominee, jy moenie so sê nie, jy moet darem weet hoe put hulle die grond uit!"

Die ou boer het niks van seks geweet nie, maar hy het geweet daar is groot fout toe sy bul nie bullig wou word nie. Nou vertel hy vir sy buurman van die wonderlike pille wat hy gaan koop het.

"Ek het die bul net twee ingejaag, toe jaag hy al wat koei is die werf vol."

"Buurman, wat se pille is dit?"

"Nee, buurman, ek weet nie wat die naam is nie, maar dit smaak so pippermenterig."

*(Uit: "Lach Noch 'n Slach saam met Fanus Rautenbach", uitgegee deur Tafelberg)*

## 'n Donker prentjie

DIE statistiek skilder 'n donker prentjie van die huidige stand van landbou in Suid-Afrika:

* Die totale skuldlas van boere beloop tans R16,5 biljoen, waarvan 'n groot deel, omtrent R9 biljoen, op korttermyn-lenings is.
* Nasionale bruto-inkomste het met 64 persent gestyg teenoor 'n styging van 70 persent in insetkoste.
* Van die 12 000 boere in die somersaaigebiede, hoofsaaklik graanen mielieboerdery, sal 2 300 boere waarskynlik vanjaar moet uitverkoop tensy dringende bykomstige hulp deur die regering gebied word.
* Van die 500 mielieboere in Natal het 100 reeds uitverkoop.
* Die prysindeks van alle boerderybenodigdhede het in 1989/90 met 25,4 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van 17 persent in 1988/89. Die koste van trekkers (25,7 persent) en werktuie (25,9 persent) het die grootste styging getoon.
* Rentekoste, een van die grootste enkele koste-items, het met R140,4 miljoen tot R1 881 miljoen in 1989/90 toegeneem. Die verhouding van rentebetalings tot bruto boerdery-inkomste het van 15,2 persent in 1985/86 tot 10,6 persent in 1988/89, en 9,8 persent in 1989/90 verminder.
* Die toename in netto boerdery-inkomste is sedert 1987/88 minder as die toename in bruto-inkomste.
* Sedert 1960 het die getal boere in die land van 120 000 na minder as 60 000 gedaal.
* Die toename van 5,4 persent in die prys van alle landbouprodukte gedurende 1989/90 was selfs laer as die toename van 7,7 persent in 1988/89. Dit is in teenstelling met 'n inflasiekoers van 16 persent, rentekoerse van 25 persent, en stygende produksiekostes van sowat 25 persent.

**Die kleurfoto van die plaasopstal op die voorblad van Vrye Weekblad is deur Obie Oberholzer geneem en kom uit sy boek: "Southern Circle"**

# 'n Mens is nooit alleen nie



Aartsbiskop Desmond Tutu

**Desmond Tutu, die kleurryke en omstrede Anglikaanse aartsbiskop, sê in 'n onderhoud met HENNIE SERFONTEIN dat Staatspresident FW De Klerk 'n Damaskus-ervaring beleef het**

**DIE afgelope tien tot twaalf jaar was daar toenemende konflik tussen Kerk en staat. Uself was diep betrokke daarby. As u vandag terugkyk, waaraan skryf u dit toe dat dié konflik so te sê verdwyn het?**

Die hoogtepunt van daardie konflik was ongetwyfeld die Eloff-kommissie van Ondersoek na die bedrywigheid van die SA Raad van Kerke (SARK). Die staat het beweer ons is 'n subversiewe element. Maar vandag het jy die geskiedkundige Rustenburg-kerkeberaad van November 1990 - die eerste byeenkoms van alle kerke en kerkorganisasies in die land - waar die Staatspresident self 'n baie belangrike rol vertolk het om dit teweeg te bring.

Natuurlik, net soos Konstantyn, was hy terdeë daarvan bewus dat jy nie die Kerk kan ignoreer nie. Want uiteindelik het die kerk 'n morele gesag wat deur niks vernietig kan word nie.

So het Albanië byvoorbeeld gedink dat hulle van elke kerk en geloofsgroep ontslae geraak het. Maar op die ou end het die kerk oorwin, juis omdat dit subversief ten opsigte van onreg en onderdrukking was.

Ek glo dat die staat nog sal sien dit is belangrik dat ons 'n kerk het wat vry is, wat hom onder alle omstandighede kan uitspreek en wat 'n gewete het. Ek is dikwels verbaas oor wat ons die haat/liefde-verhouding kan noem, tussen ons en die owerheid. Ek bedoel ek kan enige tyd die telefoon optel en sê ek wil met die staatspresident praat. Gewoonlik kom ek feitlik onmiddellik deur na hom. As hy nie beskikbaar is nie, het hy nog altyd na my teruggekom, iets vreemd vir iemand wat nie eens 'n stem in sy eie land het nie.

**Waaraan skryf u dit toe?**

Eerstens moet ek sê dat daar baie mense is wat bid. Ons moet nooit die krag van gebed onderskat nie. Dink jy al dié wonderbaarlike veranderings sou in Oos-Europa en Suid-Afrika kon plaasvind sonder die krag van gebed deur miljoene Christene.

Mense vra dikwels hoe dit gebeur dat ek so baie energie het om soveel dinge aan te pak. Maar ek word onderskraag omdat ek aan die kerk behoort. 'n Mens is nooit alleen nie. Daarom kan ek dinge vermag wat mense miskien as skouspelagtig beskou. Maar dat dit hoegenaamd gebeur, is aan 'n ou dame toe te skryf wat êrens in die wêreld vir my bid.

Ek is absoluut oortuig daarvan dat ek nie so doeltreffend sou wees in dié mate wat ek wel doeltreffend is nie, as dit nie vir daardie ou dame was nie. Of jy kry 'n brief van iemand uit Alaska wat sê: "Ons bid vir jou". Ek meen ons behoort aan 'n ongelooflike broederskap.

En ek wil graag sê, al sou die Staatspresident dit nie self wil sê nie, dat hy waarskynlik 'n Damaskus-ervaring deurgegaan het. Iemand wat ek absoluut vertrou, sê hy is meegedeel dat die Staatspresident - voor al dié gebeure verlede jaar plaasgevind het - een ding, wat 'n baie diep teologiese ding is, ontdek het. Dit is naamlik dat jy nie mag het totdat jy bereid is om dit prys te gee nie. Dit is een van die mees diepgaande waarhede.

Toe hy daardie punt bereik het, het hy 'n vryheid ervaar waarvan Jesus Christus self gepraat het. Soms klink dit na bog as Hy sê as jy aan jou lewe vasklou, jy dit in der waarheid gaan verloor.

En as jy dit verloor, vind jy dat jy dit in der waarheid op merkwaardige wyse verwerf het.

Die ongelooflike ding omtrent die mag van God is dat dit 'n selfledigende mag is. In die Drie-eenheid maak die Vader homself totaal leeg vir die Seun, en die seun reageer weer deur alles aan die Vader terug te gee. God gaan met ons op dieselfde wyse om.

God het nie in 'n verblindende lig gekom, soos wat hy kon gedoen het, en soos wat ons kon verwag het nie. Ek meen as God God is, is hy Koning, en Vader van alles. Daarom moes daar engele en aartsengele gewees het wat oral rondgehardloop het - maar nee - God kom soos 'n baba, heeltemal weerloos.

Selfs nou, hoe gaan God met jou en my om? God neem ongelooflike risiko's. God sê: "Ek het jou lief." Maar God kan jou nie dwing om hom terug lief te hê nie. Al wat God kan doen, is om te sit en te wag vir jou om te sê: "God, ek het U ook lief."

Ons het 'n God wat risiko's neem. Op een of ander wyse het die wysheid neerslag gevind in De Klerk. Erens het die insig gekom dat as jy bereid is om al die mag wat in jou gevestig is, prys te gee, jy dit toegevoeg sal word.

'n Eenvoudige voorbeeld van wat ek probeer sê, is my onlangse besoek aan Daniel Arap Moi in Kenia. As Moi binne Kenia reis, word hy van 14 motors met swaar gewapende polisie vergesel.

In Noorweë weer stap mense voor die hekke van die paleis verby waar daar slegs enkele wagte is, terwyl die koning onvergesel met sy fiets rondry. Dit is die soort vryheid waarvan ek praat. Dit is hoekom ek sê vryheid is goedkoper as onderdrukking.

**Hoe vind u, Tutu die Anglikaan, vir De Klerk die Dopper, die Calvinis, op 'n persoonlike vlak? Wat is die verhouding tussen julle? Praat julle oor godsdiens? Bid julle saam?**

De Klerk vra altyd vir my om die gesprek met 'n gebed te open. Maar laat ek 'n ander storie oor hom vertel. Kort nadat hy Staatspresident geword het, was ons die eerste leiers van die swart gemeenskap om hom te gaan sien - Frank Chikane, Alan Boesak en ek.

Ek dink nie ek sal ooit dié voorval vergeet nie, omdat dit in so 'n skrille kontras met die optrede van sy voorganger was. Aan die begin van die gesprek het hy gesê: Die taak van die regering is die skepping van wet en orde. Maar toe onderbreek Alan hom en sê: Nee, in ons tradisie, bedoelende die Calvinistiese tradisie wat hulle deel, in ons tradisie is die eerste taak van 'n regering die skepping van geregtigheid.

Sy voorganger sou eenvoudig deur die dak gegaan het van woede, omdat iemand hom op so 'n prontuit wyse sou durf onderbreek en reghelp. Maar De Klerk had geen probleme daarmee nie. Ewe kalm hoor hy hom aan en gee daarop toe dat Alan heeltemal reg was en dat hy daarmee saamstem.

Dit was vir ons drie 'n uiters verstommende ervaring. Belangriker nog was die feit dat 'n mens die gevoel gekry het dat jy in 'n dialoogsituasie is. Ek bedoel 'n mens kon hom onderbreek het, nee, nee, ek stem nie hier met jou saam nie. En hy aanvaar dit.

Dit was 'n geval van mense wat met mekaar praat, in gesprek was met mekaar.

Natuurlik moet 'n mens nie oor-eufories wees nie. Maar ons het gevoel dat ons vir die eerste maal met iemand praat wat ook luister, en wat jou inderdaad hoor.

Ons was nie besig om bymekaar verby te praat nie. Dit was 'n ontmoeting van gedagtes.

Ek het 'n ontsettende hoë agting vir die staatspresident. Ek is egter ongelukkig omdat hy niks doen oor die posisie van genl Magnus Malan en die moordbendes nie. Ek is bewus dat hy delikate probleme in die verband het. Maar ek glo dat hy geweldig daarby sal baat sou hy ferm stappe daaroor doen.

**Het u 'n boodskap aan FW de Klerk en Nelson Mandela?**

Aan De Klerk wil ek sê dat ons hom salueer vir sy moed en optredes tot dusver. Wat hy nou nog moet doen, is om dit onomstootlik duidelik te maak dat hy elke greintjie van etnisiteit en rassisme gaan aftakel. Hy moet gewillig wees om die risiko te neem om nooit weer 'n etniese verkiesing te hou nie. En hy moet die moed hê om sy nuwe manifes aan die mense voor te lê sodat hulle hul daaroor kan uitspreek.

Aan Madiba, aan Nelson, wil ek sê: Asseblief, spaar jou kragte. Ons het jou absoluut nodig. Dit is ook belangrik om jou organisasie te kry om meer doeltreffend ten opsigte van administrasie te word. Kan jy asseblief jou huis in orde kry, want daar is baie mense wat in die ANC belê het?

*'Aan Madiba, aan Nelson, wil ek sê: Asseblief, spaar jou kragte. Ons het jou absoluut nodig. Dit is ook belangrik om jou organisasie te kry om meer doeltreffend ten opsigte van administrasie te word. Kan jy asseblief jou huis in orde kry, want daar is baie mense wat in die ANC belê het?'*

# Stedelike behuising ís 'n ekologiese kwessie

Groenpraatjies



MIKE KANTEY

Twee heeltemal uiteenlopende sake het onlangs my aandag getrek.

Die eerste was 'n artikel in die Weekly Mail (20 Desember 1990) waarin Gavin Hardy, uitvoerende direkteur van Murray en Roberts se behuisingsafdeling, sê tensy Suid-Afrika sy behuisingskrisis doeltreffend en spoedig onder beheer kry, gaan woongebiede binnekort lyk soos die groot Suid-Amerikaanse stede met hulle agterbuurte en agterlikheid. Hy dui aan wat Brasilië se riglyne vir 'n oplossing is - laat stadsrade op riolering en waterverdeling konsentreer, terwyl die informele bou- en ekonomiese sektore toegelaat word om te floreer. Lae-inkomste behuisingskemas moet naby sakesentrums gevestig word en, die belangrikste, los die plakkers waar hulle is.

Die ander saak was my besoek aan die belowende Phambili-boekwinkel waar ek op 'n kopie van 'n onbesingde boek deur Harry Mashabela - "Mekhukhu: Urban African Cities of the Future" (SAIRR, 1990) - afgekom het. In die laaste deel argumenteer Mashabela dat plakkerskampe in die breër politieke lewe en die gemeenskapslewe self geïnkorporeer behoort te word. Hoewel die kwessie nie deel van Mashabela se tema was nie, sou ek verder wou gaan en 'n oproep wil doen vir die insluiting ook van hostel-bewoners. Deur vir dié insluiting te vra, bedoel Mashabela nie dat kundige politieke deskundiges opdaag en arbitrêr politieke strukture van bo af skep nie, maar dat die plakkers self aangemoedig word om die kundigheid te ontwikkel waaroor hulle reeds beskik.

Die meeste lesers sal vermoed dat 'n rubriek oor groen sake van "politieke" kwessies moet wegbly. My standpunt is egter dat stedelike behuising net mooitjies 'n ekologiese kwessie met politieke implikasies is. Die omgewing eindig nie vir my eensklaps op die rant van die dorp nie; nòg is dit iets wat in klein lappies groenigheid bewaar moet word: dit is die totaliteit van alle grond en almal wat daarop rondbeweeg, klein of groot.

Daarom, onder 'n groter ekologiese beskouing, moet ek 'n paar gedagtes oor bogenoemde tekste opper.

Ten eerste verwys Hardy doelbewus na die bedreiging van "agterbuurtes en agterlikheid". Dit impliseer 'n beboude omgewing wat esteties en in terme van lewenstandaard agteruitgegaan het. Die subtiele implikasie is egter dat so 'n agteruitgang 'n impak het op die estetiese en gevoelslewe van die middelklas-waarnemer. Hoewel ek later na die tema sal terugkeer, is Hardy se voorstelle fundamenteel bo verdenking behalwe dat hy nie aandag skenk aan 'n land-gebaseerde opsie vir rioolafval in kusgebiede nie. Die neiging in die Wes-Kaap is byvoorbeeld om alle menslike afval in die see te stort.

Sy retoriese aanmoediging vir selfhelp-behuisingskemas kan gerugsteun word deur baie meer tegniese bystand van grootkorporasies soos Murray en Roberts, Ninham Shand, Liebenberg en Stander, ensovoorts. Ek is nogal seker dat sommige van hul lywige winste en goed-opgeleide personeel aan die werk gesit kan word om die krisis regstreeks te takel. Terselfdertyd kan die talle akademici wat staatsubsidies geniet, met groot vrug in die ontwikkeling van konkrete strategieë ten opsigte van massabehuising gebruik word. Hier sal ek graag die aandag wil vestig op die uitstekende werk van die Stedelike Probleem-navorsingseenheid aan die Universiteit van Kaapstad; ook die Built Environment Support Group in Durban en die progressiewe beplanningsagentskappe, Planact en DAG.

As 'n mens egter na die plakkersnedersettings in Kaapstad kyk en die oproep van Mashabela in ag neem, is ek diep besorg oor die houding van dié wat gerieflike huise het teenoor hul behoeftige bure. In Houtbaai, waar die geriefsone maklik een van die hoogstes ter wêreld is, het die inwoners 'n handjievol wanhopige plakkers berekend teengestaan. Te midde van vervelige retoriek oor misdaad, ANC-komplotte en die verminderde eiendomswaardes, het nie een van die inwoners gewaag om te erken wat ons almal as middelklas-simpatiseerders ervaar nie: 'n morbiede vrees om ons bevoorregting te verloor. Maar kan julle julle die ontsteltenis indink as robbe of strandlopertjies met hofsake en fakkels uit hulle toevlugsoord verdryf sou word.

Kom ons stap nou af van die ekologiese lot van die bedreigde plakkers en kyk die aard van die bevoorregting wat ons probeer beskerm vierkantig in die oë.

Een van die grootste gevare wat ons op globale skaal in die gesig staar, is dié van globale verwarming, suurreën, aftakeling van woude, die toename van kern- en chemiese verwoesting ensovoorts, ad nauseam. Ten grondslag van die kwade, glo ek, mea culpa maxima culpa, is ons stedelike middelklaslewenstyl.

Ons is almal slagoffers, elkeen van ons, van coca-kolonisasie. Ons word van geboorte af geleer om te verbruik, verslind, te eet tot ons blou in die gesig is.

En dan, nadat ons die huis bemors het, word dit opgeruim deur 'n bediende of arbeidsbesparings-toerusting - wasmasjiene, stofsuiers, skottelgoedwassers...

Ons gebruik almal reuse-hoeveelhede water en elektrisiteit in die proses. Maar is nie tevrede om ons klein nukleêre gesin se huis en haard te bemors nie, jaag ons rond in brandstof-slurpende en lood-spuwende metaal- en plastiekkontrepsies - een per persoon - in ons wanhopige pogings om nog geld te maak sodat ons meer goedere kan verbruik sodat ons meer afval kan veroorsaak sodat iemand of iets meer tyd, water en energie kan bestee om dit op te ruim.

Die gevolg van al dié middelklas-verbruik is nie net bogenoemde globale gevare nie (Amasone-woude verbrysel om meer hamburgers in Amerika te maak), maar 'n leefwyse wat ek persoonlik afstootlik vind.

Agter hoë lem-gekroonde mure lewe ons in morbiede vrees vir gewapende roof en onmiddellike gewapende optrede (skadus van die Golf op mikrovlak).

Ons kinders kan nie buite speel nie uit vrees dat hulle deur vinnige motors (gebou vir die oop pad) platgery sal word, selfs terwyl hulle liggame afgetakel word deur 'n daaglikse bombardement van besoedeling.

*(Mike Kantey is 'n eko-aktivis van Kaapstad)*

# Spiritualiteit en die samelewing

Geloofspraatjies



DIRKIE SMIT

So 'n klompie jare gelede het Gregory Baum, 'n bekende Kanadese Katolieke teoloog, probeer verduidelik hoe nou "spiritualiteit" en "samelewing" met mekaar saamhang.

Mense se spiritualiteit - dit wil sê hulle diep-gewortelde vroomheid, geestelikheid, godsdienstigheid, etos - oefen 'n geweldige invloed uit op die manier waarop hulle leef.

Baum beskryf byvoorbeeld vier sulke soorte spiritualiteit wat tegelykertyd in die Noord-Amerikaanse samelewings aan die werk is en godsdienstige mense se gedrag ingrypend beïnvloed.

Die eerste soort is die wydverspreide "werketos". Reeds Max Weber het beweer dat dit juis dié tipiese lewenshouding van die Calvinistiese Puritanisme was wat 'n enorme bydrae sou maak tot die ontstaan van moderne geïndustrialiseerde samelewings.

Christelike kerke sou inderdaad baie doen om dié dominante spiritualiteit in baie lande te maak. Roepingsbewustheid en werkywer sou as besondere deugde voorgehou word, luiheid as die groot sonde.

God se wil is dat ons sal werk, vlytig sal wees in ons dagtaak, waar ons geplaas is met 'n roeping. Opoffering, swaarkry, soberheid, selfverloënende ywer word van ons gevra.

Die tweede soort noem Baum 'n "verbruikersetos". Die laat-kapitalisme - juis as gevolg van al die harde werk en spaarsin! - produseer te veel goedere. Die samelewing benodig 'n nuwe soort etos of lewensgevoel, te wete 'n verbruikersmentaliteit. Plesier, fisiese gemak, voorspoed, duur stokperdjies, weelderige lewenstyle word nou gepropageer as besondere ideale en deugde.

En weer eens bring Christelike kerke hulle kant. Sukses-, voorspoeds-, of geriefsgodsdienste bloei. God word voorgestel as die groot en ryk Gebedsverhoorder wat nie wil hê dat enige van sy "koningskinders" enige vorm van swaarkry, ongerief of armoede moet beleef nie. Hulle moet net glo - dan sorg God vir alles wat die hart maar kan begeer en geld kan koop. Dis die essensie van sy beloftes. Sy wil is ons voorspoed en sukses.

Meermale word die kerke self volgens dié styl bestuur: indrukwekkende geboue, luukse-konferensielokale, pragtige besittings, hoë lewenstyl-samekomste, swierige administrateurs... Die ryke God wil Hom immers nie skaam vir arm kinders nie!

Die derde soort noem Baum 'n "spiritualiteit van persoonlike groei". Welvaart en sukses alleen bevredig nie. Selfverwesenliking, persoonlike vervulling, volle ontplooiing word gesoek.

Nogeens speel die godsdiens sy rol. Tipies 20e eeuse individualisme word nou religieus geklee. God se wil is die volle en vrye ontwikkeling van die individu. Soek iemand (benewens alle welvaart en gerief) ook nog "sin" in die lewe? Hunker iemand na transendente ervarings, na innerlike bevrediging? Godsdiens bied dit! Volgens Baum is dié soort spiritualiteit eintlik slegs vir sommige professionele mense, te wete gegoede salaristrekkers, wat dit as 't ware kan bekostig om hulle hiermee besig te hou.

Die vierde soort spiritualiteit is dié van "bevryding", sê Baum. Dit is die etos van onderdrukte groepe wat stry om sosiale bevryding. Bewus van die minderwaardigheid wat die strukture van die samelewing op hulle afdruk en wat hulle dalk lank self aanvaar het, wil hulle nou daarvan ontslae raak. Hulle soek daarom "'n verandering van bewussyn", 'n nuwe selfbegrip, 'n nuwe visie met nuwe waardes en nuwe inhoud.

En ook dié etos word deur die Christelike geloof gebied: God het 'n voorkeur vir die benadeeldes en onderdruktes van die wêreld, Christus is die groot Bevryder, die Heilige Gees bring sosiale transformasie, die ware kerk is solidêr met die armes, sosiale bevryding kry voorrang bo ewige verlossing.

Natuurlik is dit alles oorvereenvoudiging. Maar dit laat mens dink, nè?

In Suid-Afrika is al dié spiritualiteite ook aanwesig. Christelike kerke in ons samelewing verkondig ook dié deugde, bevorder ook dié lewenshoudings.

Dit stempel mense se maniere van dink ingrypend: oor God, oor Christus, oor die lewe, oor wat goed is en wat sleg, oor die Bybel, oor die Christelike boodskap. Oor alles. Onvermydelik lei dit tot misverstande, onderlinge wantroue, verdagmakery. Tot beskuldigings.

Op die ergste word dit religieuse fanatisme, godsdienstige ideologie. Dan is gelowiges só gestempel deur hulle eie spiritualiteit en oortuigings dat hulle bereid is om daarvoor te sterf en - veral - te laat sterf.

Dit is juis omdat hulle hiervan terugdeins dat so baie Christene hulle in ons eeu vir die ekumene beywer. Dit is dikwels mense diep onder die indruk van die verwoesting van sinlose oorloë, altyd weer gemotiveer deur vrome voorstellings. Dit is mense wat weet watter verskriklike en onmenslike gevolge godsdiens en spiritualiteit in die samelewing kan hê. Om dié rede word daar ook gepraat van 'n "ekumeniese spiritualiteit", 'n soort vroomheid, etos, lewenshouding wat ten diepste gevoed word deur 'n bereidheid om te leer, te luister, te deel.

Vir geen oomblik beteken dit dat alles om 't ewe is nie, dat enige standpunt en optrede gangbaar is nie, dat waarheid en leuen, reg en onreg alles relatief is nie.

Hoegenaamd nie. Dit beteken egter wel dat mense bereid word om sáám te soek, te worstel, ja, te stry, om die waarheid en die reg. Bereid word om die ander te probeer oortuig van wat waar en reg is, met al die oorgawe, moeite en geduld wat dit mag vra.

Ekumeniese spiritualiteit word daarom tereg deur Geoffrey Wainwright, vooraanstaande teoloog in die ekumeniese beweging, 'n "spiritualiteit van ontmoeting" genoem.

Volgens die beroemde "testament" van die bekende kardinaal Mercier (1851-1926): "In order to unite with one another, we must love one another; in order to love one another, we must know one another; in order to know one another, we must go and meet one another."

As die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke tans pleit vir 'n "klimaat van verdraagsaamheid", sluit dit sekerlik 'n lang proses van sulke - pynlike - ontmoetings in.

*(Prof Smit is hoof van die Departement Dogmatologie, Universiteit van Wes-Kaapland)*

*DIE HART VAN 'N HOND*
*Deur Pieter Stoffberg*
*Tafelberg (R24,95)*

*EDUAN SWANEPOEL*

# Stoffberg se stories besweer Afrikaner-boosdoenery

DIE besondere gehalte van 'n aantal prosawerke wat 1990 opgelewer het, is een van die opvallendste kenmerke van dié jaar se Afrikaanse literêre tekste.

Van gevestigde prosateurs het daar fassinerende langer tekste verskyn: Karel Schoeman se "Afskeid en vertrek", Jeanne Goosen se "Ons is nie almal so nie", Ryk Hattingh se "Ignatius Brand" en Lettie Viljoen se "Belemmering".

Verrassende debute van veral kortprosawerke het die leser van Afrikaanse tekste se leeservaring verder gestimuleer: Emma Huismans se "Berigte van weerstand", Rachelle Greeff se "Die rugkant van die bruid", Riana Scheepers se "Die ding in die vuur" en heel aan die einde van die jaar die bundel "Die hart van 'n hond" deur Pieter Stoffberg.

In 'n sekere sin het al dié werke, maar veral die debute, te doene met die verval, die afskeid van 'n ou sosiaal-politieke orde. Dit is asof die verlamming en verwoesting wat die Botha-era ook op kulturele gebied gebring het, hier aan die begin van 'n ander era deur debuut na debuut besweer word: 'n nuwe vitaliteit is besig om die fatalisme van die laaste dekade te begin ondermyn.

Een van die duidelikste voorbeelde van dié vitaliteit is Stoffberg se "Die hart van 'n hond". Waar die mens in die prosa van tagtig dikwels uitgebeeld is as slagoffer en gemanipuleerde deur/as gevolg van die wreedheid van die sosiale orde waarin hy hom bevind (dink byvoorbeeld aan die grensliteratuurkultus), teken Stoffberg die mens as speler wat vir sy eie lot en welvaart verantwoordelikheid aanvaar.

Die talle sporttekste in die bundel belig dié proses die duidelikste. Die spelende mens, in konfrontasie met 'n opponent, staan in die eerste plek in konfrontasie met homself. Oorwinning van die eksterne ontstaan as gevolg van die oorwinning van intense angste, vrese, neuroses, ens. Die proses van oorwinning lê in die geveg met die self. In die verhaal "Bloedsweet", wat handel oor 'n judo-geveg, word opponent na opponent uitgeskakel soos wat interne weerstande ondermyn word.

Oorwinning en oorlewing is in hierdie bundel ten nouste verweef. Daarom word die gevegstrategie, wat in die kortverhale vasgelê word, in feitlik alle ander verhale voortgesit. Dit is ook nodig om te vernietig, te ondergrawe, te ondermyn ten einde te oorwin en te oorleef.

En hierin kom een van die interessantste aspekte van dié proses na vore: die vermoë van die mens om deur sluheid en manipulasie sy eie vernietigingswerk te doen ten einde sy eie orde, moreel en andersinds, te skep. 'n Mens sou die proses dalk as "morele terrorisme" kan omskryf. In die verhaal 'Die verhoor van Jabulani Josef Mabena' word die ongerymdhede en ongeregtighede wat die Suid-Afrikaanse stelsel van wet, orde en regspleging deur jare onder verdenking gebring het, deur die sluwe aksies van 'n 15-jarige seun so ondermyn, dat sy geveg in 'n wrede en ongevoelige konteks nie alleen die genoemde stelsel ondergrawe nie, maar uiteindelik 'n nuwe "geregtigheid" en oorlewensmoontlikheid tot stand bring.

Nog 'n teks waarin 'n kind 'n ou orde vernietig, is die verhaal 'Resies'. In hierdie verhaal word vader en seun teenoor mekaar opgestel en eindig die "geveg" in die vernietiging van 'n patriargaal-outokratiese orde wanneer die seun tot die insig kom dat sy vader nooit die erkenning aan hom as seun gaan gee waaraan hy so 'n intense behoefte het, omdat die eksterne krag- en magsvertoon van die vader geen interne substansie het nie. Metafories gelees bied dié verhaal vernietigende kommentaar op die ideologie van Afrikaner-Nasionalisme.

Dat die mens in sy oorwinning dikwels alleen gelaat word, is deel van 'n pakket wat die individuele nuwe orde bied. 'n Mens dink onwillekeurig hier aan 'n heelwat ouer Afrikaanse prosateks wat 'n vergelykbare konteks oproep en ook met bogenoemde prosedures werk, nl. "Bart Nel" waar die individu, deur sy optrede, noodwendig homself isoleer. Dit is ook die geval in die verhaal 'Poker' waarin mense, tydens 'n kaartspel, wedersyds so gekonfronteer word en uiteindelik so van bluf gestroop word, dat die finale aksie van oorwinning en bevryding noodwendig eensaamheid meebring. Ook in die verhaal 'Eerste konsultasie' word die individu van die geborgenheid van menslike kontak gestroop deur die gevolge wat 'n mesgeveg oplewer.

Daar is egter 'n ander pakket waarin eensaamheid opgehef word. Die byna sardoniese samesweerdersgenot wat die hoofkarakter en sy suster deel in die openingsverhaal, bevestig ook die moontlikheid dat daar in oorwinning 'n kameraderie kan lê. 'n Ander verhaal, dalk die beste in dié bundel, 'Hond se hart', kompliseer dié strategie deur die individu, die kameraderie en die vernietiging, te jukstaponeer, te transformeer en uiteindelik te inverseer. Vernietiging en sameswering is hier die grondslag van 'n oorlewingstryd.

Een verhaal wat buite genoemde patrone val, is 'Twee Sondagaande'. Dit was myns insiens 'n ongelukkige besluit om hierdie teks in dié bundel op te neem. Die mens is hier verloorder, pateet. Dat 'n vrou aan die einde van hierdie verhaal in so 'n hulpelose situasie uitgebeeld word in 'n bundel waarin fors, manlike karakters oorheers, is nie alleen chauvinisties nie, maar ook onsensitief.

In die res van die bundel, wat op die oog af besonder macho aandoen, is sensitiwiteit egter buitengewoon opvallend. Die wêreld wat hier geskep word, staan juis in aksie teenoor onsensitiewe patriargale magstrukture. Daar is mans wat doelgerig vanuit 'n ewewigtige sin vir regverdigheid konfronteer ('Colesberg'), daar is mans wat tydens konfrontasies hul emosies laat oopbreek en begin huil (die hoofkarakter in die openingsverhaal en in 'Die dood van 'n ou man'), ens.

Stereotipering van aksies en emosies in terme van manlik en vroulik is, met die uitsondering van die enkele genoemde verhaal, genadiglik afwesig. Genuanseerdheid is in hierdie bundel die norm.

Pieter Stoffberg se bundel "Die hart van 'n hond" is vir my 'n bevestiging van 'n draaipunt in die psige van die Afrikaner onder veertig (dié oor veertig, sê die Nederlandse skrywer Harry Mulisch, kan nie verander nie - jy moet maar wag tot hulle dood is). Die regte van menswees word in hierdie bundel in die spel van die individu om sy eie skaal van geregtigheid en orde te vind, dinamies bevestig.

En so word die einde van 'n era van bisarre boosdoenery deur Afrikaner-magshebbers besweer en verseël. En staan ons, met dié sterk geformuleerde, netjies afgeronde teks wat van vakmanskap en deeglikheid getuig dalk aan die begin van ons eie Suid-Afrikaanse Weimar-periode?

*Eduan Swanepoel doseer Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal in Durban*

# 'n Feniks herrys uit die as

*MY SON'S STORY*
*Deur Nadine Gordimer*
*David Philip en Taurus (R54,95)*

*WILHELM LIEBENBERG*

NADINE GORDIMER se jongste boek is nie net die soort verhaal wat in Afrikaans bekend staan as 'n "betrokke roman" nie. Dit gaan oor betrokkenheid self, en die probleme wat daarmee gepaard gaan.

Die vader in "My Son's Story" is 'n onderwyser wat, as hy eers betrokke raak, so meegevoer word deur aktivisme en organisasie, openbare optredes, en die belangrikheid van die rol wat hy speel, dat hy van die lewe waar hy vandaan kom, en in die proses ook sy vrou, verwyderd raak. Om dit aan die einde van die storie weer op 'n verrassende wyse te herontdek en sy siening van wat werklik rewolusionêr is, grondig te heroorweeg.

In die proses knoop hy 'n klandistiene verhouding aan met 'n buitelandse aktivis wat sy taal praat, met wie hy vertroulik kan besin oor die struggle en met wie hy sy frustrasies kan deel oor al die klein intriges wat daarmee gepaard gaan.

Wanneer sy seun, die latere skrywer, een middag stiekem gaan fliek in plaas van leer vir sy eksamens, kom hy op sy pa en die ander vrou af. "My Son's Story" is die seun se poging om sy pa se affair te rekonstrueer uit sy vertroulike kennis daarvan en uit sy eie latere ervaring van vrouens.

Agter die seun-verteller staan die skrywer Nadine Gordimer wat die persoonlike lewe van 'n aktivis rekonstrueer soos sy haar dit voorstel. Dit gaan hier nie net oor die klandistiene liefde van 'n buite-egtelike verhouding nie, maar ook die klandistiene aktivisme wat as alibi dien vir die geheime uurtjies en naweke weg van die huis waaroor niemand durf vrae vra nie. Die verhaal gaan oor dit wat in sowel die politiek as die liefde nie hardop gesê word nie.

Dit is egter nie bloot 'n geval van liefde en politiek wat sekere parallelle vertoon en



*Nadine Gordimer*

die een drieg om 'n soort metafoor te word vir die ander, soos 'n mens in André Brink se "betrokke" romans kry nie. Dit is 'n werk wat die persoonlike stryd onder die openbare politieke slogans blootlê, wat, in die seun se woorde, probeer wys "what it really was like to live a life determined by the struggle to be free".

Aan ironie ontbreek dit nie. Die aktivis wat alles klandistien doen, besef nie daar's dinge wat onder sy neus gebeur waarvan hy self nie weet nie. Dit is op die ou end die rol van die eenvoudige mens, en veral die vrou in die stryd wat hier gevier word, terwyl dié van die intellektueel en die verwaande organisasie-mens gerelativeer word. Gordimer gee 'n netjiese feministiese draai aan die verhaal wat ek nie hier sal weggee nie.

"My Son's Story" is 'n "betrokke roman" in die tradisie van die realisme, wat nie die politiek ter wille van sensasie uitbuit nie, maar dit eerder deeglik probeer deurgrond. 'n Mens wonder wel hoe realisties dit is om, in die tyd voor die wettiging van die ANC, iemand wat van MK-bedrywighede aangekla is op borgtog te sien vrygaan en die land uit vlug. Wat egter tref is die oog vir detail wat die situasie wat die skrywer skets besonder helder vir 'n mens oproep. Dit is die werk van iemand wat beslis nie uit voeling is met wat hier aangaan nie.

Met al hul tekortkominge en swakhede is die karakters in hierdie verhaal sonder uitsondering onverskrokke stryders. Betrokkenheid is nooit 'n vraag nie. Soos die "siek" mentaliteit van die polisie, word dit as vanselfsprekend aanvaar.

Net so onwyfelbaar soos wat sy haar by die stryd skaar, en nie probeer verhul of verskoon waar haar simpatie lê nie, net so ferm neem Gordimer egter ook haar eie standpunt in, en skroom sy nie om kritiek te lewer nie. Die hele roman is 'n implisiete kritiek op sekere aspekte van organisasie, en wat dit van mense maak. "Even among us," besin die aktivis, "the needle jumps back and you hear the same record. And of course it's still what works best with crowds."

'n Onomwonde standpunt jeens sosialisme kom ook duidelik na vore: "These young people seem to grind on, doctrinaire in the old style, the old catchwords, while the socialist world - our model - the real socialist world, it's changed so much. People there have fought and died to get rid of most of the means the young comrades are still starry-eyed about using after liberation."

"My Son's Story" is 'n verhaal oor die mens agter die slogan en die organisasie, en 'n verhaal oor wat slogans en organisasies van mense kan maak. Op die omslag is daar 'n skets van 'n feniks wat uit die as herrys.

*Wilhelm Liebenberg doseer Afrikaans en Nederlands by Wits*

# Kunskritikus as kunstenaar

DIE illustrasie op bladsy 21 is 'Homage', 'n twee-dimensionele beeldhouwerk uit KENDELL GEERS se eerste solo-tentoonstelling getiteld 'Mediations'.

Geers is 'n beeldende kuns-kritikus vir The Star Tonight! en 'n gereelde bydraer aan VryDag!

Dis nie aldag dat kunstenaars en die res van ons leke-kunsliefhebbers 'n kritikus in die praktyk kan toets nie. Die geleentheid word ons nou in die Goodman-Galery, Hyde Square 3b, Hyde Park, Sandton, gegun.

Die tentoonstelling open Sondag 6nm en duur tot 9 Maart. Die galery is Dinsdae tot Saterdae van 9.30vm tot 6nm oop.


R I P



*Martin Scorsese*



*Robert de Niro, Ray Liotta en Paul Sorvino ... net 'n bietjie macho-liefde in 'GoodFellas'*

# Demoniese engele, Hipermark-rampokkers en wiseguys

**Rampokkerprente is in die mode soos nooit tevore nie. ANDREA VINASSA kyk na Hollywood se jongste mob-aanbiedinge**

IN die afgelope tyd het Suid-Afrika 'n ongekende opbloei van misdaad deur bendes ervaar. Motor- (en minibus-)diefstal is 'n gunsteling van bendes, asook hold-ups in hoekkafees en trading stores. In Amerika noem hulle dit organised crime en 'n mens voel aan dat misdaad dáár (nóg hier) nie meer as 'n kleurryke en afgesonderde subkultuur afgemaak kan word nie.

Maar Hollywood mitologiseer en romantiseer sedert die begin van die rolprentbedryf die rampokker-verskynsel. Die legendariese Sophiatown-bendes het hul styl en kleredrag geskoei op vroeë Amerikaanse prente oor die Italiaanse Mafia in Chicago en New York. (Toevallig het Italianers destyds self geen deel gehad aan die prente nie.)

Die Britse prent "The Krays", was die eerste van 'n vloedgolf uitmuntende prente wat die verskynsel van geörganiseerde misdaad uitbuit.

Steve Martin het ook nie op hom laat wag nie. Sy parodie van die rampokker-genre, "My Blue Heaven" wys al.

Vandag begin Martin Scorsese se "GoodFellas" wys. Dis reeds deur die koerantkritici van Los Angeles en New York as Beste Prent van die Jaar aangewys.

Ons wag ook vir die avant-garde filmmakers Joel en Ethan Coen se "Miller's Crossing" en, ná sewentien jaar, Francis Ford Coppola se "The Godfather III". Selfs Suid-Afrika het al 'n rampokkerprent op sy kerfstok. "Mapantsula" begin ook binnekort draai. "State of Grace" handel oor die Ierse mafia in New York.

Wat fassinerend is, is hoe uiteenlopend elkeen van dié prente die onderwerp van geörganiseerde misdaad aanpak. Die gemene deler onder al die prente is die aantrekkingskrag van die almagtige rampokker met vrees as wapen. Soos Ronnie Kray dit in "The Krays" stel: "Glamour is fear: if people are afraid of you you can do anything."

Die vernaamste kritiek (en dis nie onbelangrik nie) op rampokkerprente is dat hulle nooit die verwoesting wys wat hulle in die buitewêreld saai nie. Die geweld in die prente is gewoonlik op ander misdadigers of op hulleself gemik.

Rampokker-wees is manlike dominansie en macho-obsessie op sy suiwerste. Regisseurs en skrywers bevraagteken ook nooit dié aspek van die mob-kultuur nie.

"The Krays" is 'n eietydse feëverhaal oor tweeling-broers wat in die 60's die magtigste ondergrondse ryk in Londen geskep het. Dit is die enigste prent wat die rampokker as demoniese engel uitbeeld en sy motiverings vanuit 'n psigo-analitiese oogpunt bekyk. Die tweeling se byna idilliese kinderdae in die skoot van 'n sterk matriargie word aangegee as die rede vir hul wangedrag. Die prent se meesleurende tesis is dat die afwesigheid van 'n sterk manlike rolmodel en die onkritiese, onvoorwaardelike liefde van vroue ly tot sosiopatie. Die selfmoord van Reggie se vrou verteenwoordig die totale magteloosheid van vroue in die lewens van rampokkers.

"State of Grace" is 'n tragiese melodrama oor die verbrokkeling van die Ierse bendes in New York se Hell's Kitchen. Die enigste vrou in dié prent skeur haar weg van die buurt waar sy grootgeword het, maar haar getrouheid aan haar broers kan nie vernietig word nie. Dis 'n soort urban cowboy-prent.

"The Godfather III" is 'n "Koning Lear-"agtige familie-sage waarin die Corleone-gesin só ryk en magtig geword het, dat hulle toenadering soek by Amerika se polite society. Hulle wil nie meer buitestaanders wees nie.

"Miller's Crossing" weer, is 'n gestileerde cartoon-weergawe van die onderwerp deur die broers Coen wat "Blood Simple" en "Raising Arizona" gemaak het. Volgens Amerikaanse kritici is die geskrewe teks van die prent onoortreflik. "Dis 'n karakterstudie oor die geheim van karakter," sê Newsweek. Ek het nog nie dié een gesien nie, dus kan ek nie kommentaar lewer nie.

## GoodFellas

"GoodFellas" is die beste mob movie wat ek vanjaar onder oë gehad het. Scorsese het per slot van sake die beste movie van die 70's ("Taxi Driver") en die 80's ("Raging Bull") gemaak. Toegegee, "GoodFellas" het beslis nie die trefkrag van dié prente nie, omdat Scorsese ook hier in die psigiese duisternis rondgekrap het en ontleding is altyd interessanter as blote uitbeelding.

Met "GoodFellas" is Scorsese nie besig met 'n ontleding van die donker (macho) onderpens van Amerika nie. Dat die 2 1/2 uurlange "GoodFellas" 'n mens só boei, is dus 'n bewys van sy uitsonderlike vermoëns. Dit is jammer dat sy "Mean Streets" - John Cassavetes was destyds Scorsese se mentor en Robert de Niro was daarna hot property - nog weens die geweld hier verbied is. Die outobiografiese hoofkarakter daarin is Scorsese se alter-ego, 'n goeie, gehoorsame, onderdanige Mafia-seun wat homself gedurig, soos 'n priester, oor sy sondes pynig. (Scorsese sê hy wou eerder 'n priester word, maar dat dit 'n moeiliker beroep was as rampokker-wees. Kyk 'n mens na Scorsese se "Last Temptation of Christ", besef jy dat Scorsese godsdienstige oortuiging diep gewortel is.)

Scorsese, gebore en getoë in New York se Little Italy, wou met "Mean Streets" sy eie ervaringe uitbeeld. En sy uitgangspunt het radikaal verskil van die Wasp-prente wat Italiaanse Amerikaners op alle vlakke uitgesluit het.

"'Mean Streets' was an attempt to put myself and my old friends on the screen, to show how we lived, what life was like in Little Italy. It was really an anthropological or a sociological tract."

"GoodFellas" is gegrond op "Wiseguys", Nicholas Pileggi se biografie van Henry Hill, 'n lid van 'n Brooklyn, New Yorkse bende wat later teen sy makkers getuig het om sy lewe te red. Hy is nou een van die rampokkers wat onder Amerika se "Witness Protection Programme" beskerm word.

"GoodFellas" is ook 'n soort sosiologiese traktaat en hier dwing Scorsese nie sy pessimistiese gevoelens op Henry Hill se kleurryke lewensverhaal af nie. Hill was 'n kêrel wat sedert hy 13 jaar oud was, 'n rampokker wou word en het as tienerjarige boodskappe gedoen vir die grootbase. Scorsese bied 'n stilisties briljante, half-komiese blik op elke tydperk in Hill se lewe en laat ons met elke raam die bekoring daarvan verstaan. Aanvanklik word ons met nostalgie vermaak, maar mettertyd word die beelde meer ontstellend. Een van Scorsese se handelsmerke is sy gebruik van musiek. Die liedjies is meer as agtergrond-klanke, hulle dwing hulle op die gehoor af en dit is duidelik dat Scorsese wil seker maak die oordonderende woorde moet insink.

Scorsese is gaan wreed te werk met sy gehoor en hy handhaaf sy galgehumor deurgaans. Die wiseguys woon in 'n kil wêreld waar net hul misdade saak maak, hul vrouens is bloot deel van 'n smerige verbruikerskultuur. Teen die einde, waar al Hill se vorige makkers mekaar om die lewe probeer bring en hyself 'n senu-wrak is, bou Scorsese 'n stemming van tasbare paranoïa. Een van die genotvolste tonele is waar Scorsese 'n kokaïen-aflewering afwissel met hoe Hill spaghetti-sous kook in sy kombuis. "GoodFellas" kan nie verder verskil van die spoggerige wêreld van die "Godfather-"prente nie.

En tog, ondanks die verskriklikste beproewings, verkies Hill misdaad bo die veiligheid van die Skoon Amerikaanse Droom. "My Blue Heaven", geskryf deur Nora Ephron, nou Pileggi se vrou, begin hier.

Ray Liotta lewer 'n kragtoer as die innemende Hill. Oral word Robert de Niro se vertolking van Jimmy Conway aangeprys, maar Liotta speel vir De Niro van die skerm af.

Van "State of Grace" en "GoodFellas" lei 'n mens af dat daar 'n soort "pecking order" onder bendes is. Henry Hill se pa is Iers, maar omdat sy ma Siciliaans van geboorte is, mag hy deel word van die Italiaanse bende. Omdat hy nie suiwer Siciliaans is nie, mag hy nooit ingelyf word by die binnekring nie.

## State of Grace

Die verbrokkeling van die Ierse onderwêreld in Hell's Kitchen word in "State



*Al Pacino en Andy Garcia ... la famiglia in 'The Godfather III'*

of Grace" uitgebeeld. Die nuweling Phil Joanou is die regisseur van dié meer konvensionele verhaal vol simboliek en sonder Scorsese se koue, emosielose blik. "State of Grace" is meer Griekse tragedie as dokkie.

Die homogene Ierse Hell's Kitchen het met die jare begin verbrokkel en die bendestruktuur is ontwrig. Wat oorgebly het was 'n groep moordenaars wat in die laat 70's hulle by die Mafia geallieer het. "For years the neighbourhood was run by a combination of Irish Democratic politicians and the sort of neighbourhood strong men who ran protection and gambling and various other criminal activities, who could marshal the forces and keep the rank and file in line. The Irish gangs ran on the strength of their leader's personalities, rather than on the kind of sophisticated business practices found within the Mafia," sê Randy Ostrow, een van die prent se vervaardigers. "There was the feeling that if the Mafia hired the Westies, they could control them and impose some order in an increasingly chaotic and dangerous section of town. For their part, the Westies loved the idea of a Mafia alliance because of the money they could earn, and because, in their twisted minds, the Mafia represented elevated status, sophistication and respectability."

Ed Harris speel 'n Ierse bende-baas wat tevergeefs probeer om sy bende te red. Die vlieg in die salf is sy broer Jackie Flannery, gespeel deur die Britse akteur Gary Oldman. Dié karakter simboliseer die selfverwoestende gedrag van die Ierse bendes, wat nie vorentoe of agtertoe weet nie.

Joanou verkies 'n grootse, dramatiese stemming bo naturalisme. Die 28-jarige regisseur werk imposant met akteurs: Oldman se desperate bravade teenoor Sean Penn se onsekerheid en weerloosheid bied oorgenoeg rede om die prent te sien.

Die rolprentfotograaf Jordan Cronenweth kompleteer die regisseur se flambojante visie met beelde wat soos kneuswonde op die skerm flikker. En almal dra swart. Die prent is deurgaans spanningsvol en dikwels sentimenteel, maar daar is enkele skitterende tonele - soos die een waar Jackie in sy dronkenskap nie kan onthou of sy broer gesê het hulle 'n mede-bende moet aanval of nie. Ten einde romantiseer Joanou die dood met 'n ballet-agtige skiettoneel à la Sam Peckinpah. Joanou se grootste fout is dat hy hom nog in die movie-dood verlustig.

## Tradisie

Italiaanse rampokkers het nog altyd die oorhand gehad, in die werklikheid en in die verbeelding van rolprentgehore. Die Mafia se mag kan dalk toegeskryf word aan die eeu-oue Siciliaanse tradisie. En hulle verhale was ook altyd meer romanties, heroïes en aanvaarbaar. Die rede is miskien hul verknogtheid aan die familie (iets wat die Amerikaanse verbeelding aangryp) en die agting vir tradisie.

Die onderdrukte Siciliane het eeue gelede



*Gary Kemp ... demoniese engel in T(he Krays'*

die Normandiese ridderkode aangeneem wat uit die dae van die Kruistogte dateer. 'n Man se heiligste besitting is sy eer.

Om hul eer en hul eiendom te beskerm het Siciliaanse landhere gewapende wagte gehuur wat 'n kode van getrouheid, strengheid en geheimsinnigheid aangehang het. Dié weermagte wat die familie se eer met geweld gehandhaaf het, sou later as die Mafia bekend staan.

Ander etniese minderhede het die voorbeeld van die Mafia probeer naboots, maar daar was geen twyfel daaroor dat die Italianers die onderwêreld oorheers het nie. Selfs Arthur Flegenheim, die magtige Joodse rampokker wat in die 30's in New York opgetree het, was onderdanig aan die Italiaanse Godfather van die tyd. (Flegenheim staan beter bekend as Dutch Schultz en hy is die hoofkarakter in EL Doctorow se "Billy Bathgate" wat nou verfilm word.)

Oral waar immigrante krotbuurte in New York en ander groot Amerikaanse stede bevolk het, het misdaad en Mafia-agtige aktiwiteite gebloei, maar die Siciliaanse immigrante het net meer ervaring gehad in die versekering van self-behoud en die behoefte om hul individualiteit te behou.

Sonder twyfel verskil Italiaanse bendegewoontes van dié van Chinese bendes (sien misdaad in Chinatown in "The Year of the Dragon"), van Spaans-Amerikaners (sien "Colors"), van swart Amerikaners (sien Spike Lee se "Mo Better Blues") en van Joodse Amerikaners ("Billy Bathgate").

## Pauline Kael

Toe Pauline Kael destyds Scorsese se "Mean Streets" geresenseer het, het sy die etniese verskille van misdaad uitgewys: "The zinger in the movie is the way it gets at the psychological connections between Catholicism and crime, between sin and crime. Some editorial writers like to pretend this is all a matter of prejudice; they try to tell us that there is no basis for the popular ethnic stereotypes - as if crime among Italians didn't have a different tone from crime among Irish or Jews or blacks. Editorial writers think they're serving the interests of democracy when they ask us to deny the evidence of our senses. But all crime is not alike, and different ethnic groups have different styles of lawlessness. These Mafiosi loafers hang around differently from loafing blacks; in some ways, the small-time hoods of "Mean Streets" (good Catholics who live at home with their parents) have more in come with the provincial wolf pack of Fellini's "I Vitelloni" than with the other ethnic groups in New York City. And these hoods live in such an insulated world that anyone outside it - the stray Jew or black they encounter - is as foreign and funny to them as a little man from Mars.

"Catholicism has a special, somewhat romantic appeal to Americans at this time. Italians appear to others to accept the fact that they're doomed; they learn to be comfortable with it."

## The Godfather III

Die "Godfather-"prente verteenwoordig die toppunt van die vergoddeliking van die rampokker en in die derde aflewering het ou Michael Corleone (Al Pacino) berou oor sy wandade en verlang hy verlossing. Die prent speel twintig jaar na die vorige prent af en Francis Ford Coppola ondersoek die primêre temas van goed en kwaad, sonde en verlossing, mag en eer ... en familie. Dit is nie strenggesproke meer 'n mob movie nie.

Michael het al die Corleone-beleggings omskep in legitieme ondernemings soos banke en Wall Street. Hy word selfs deur die Katolieke Kerk vereer. Coppola gaan selfs na die "Ou Land" toe terug. Hy het tonele in plekke soos die Barok-piazza in Taormina, Sicilië, geskiet. Dit het hom $50 miljoen uit die sak gejaag en toe dit kom by Golden Globe en kritici-pryse uitdeel, het almal vir Coppola oor die hoof gesien.

Nou ja, die kritici wil nie meer die oneerlikheid van vroeëre mob movies aanvaar nie. Nie nadat hulle onderwerp is aan die kitsch en die smerigheid van Scorsese se "Hipermark-Godfather" nie.

Maar dit is my voorspelling dat Coppola se delusions of grandeur gehore wel sal imponeer en waarskynlik al die ander mob movies by die loket uitstof.

# Stew in Februarie, glo as jy wil

Fynproe

NETTIE PIKEUR

KAAPSE weer in Februarie maak sterk manne lam, maar ons is tot met die skrywe uitgespaar gebly van die versengende hitte.

(Hier is 'n aweregse grappie onder gemene Kapenaars: Hulle nooi unsuspecting toeriste om tydens parstyd in die wingerd te kom druiwe pluk. Dit kan ver oor die 40 grade word, maklik, en die arme besoekers dink eers dis groot sports dan kap hulle om.)

Nie dat sulke helwarm dae - wanneer die see soos 'n kobaltblou dam lyk, en Tafelberg vaal word in die dynserigheid - ooit ons vriend Michiel daarvan weerhou om peinsend te sit en beplan aan 'n maaltyd vol boontjies, rooiwyn en rookwors nie. Of in sy kombuis te kook aan 'n stew vol varkvleis of pootjies of kalfskop nie.

Bredie is vir Michiel te mak, hy hou van stew en sop met klonte aartappels en rooikool met appels. Hy hou in Februarie van die soort winterkos wat ons gewoonlik hou vir selfmoordweer, so teen einde Augustus wanneer dit nooit ophou reën nie.

Sulke peasant-kos is erg genoeg in die winter, kla sy pals, maar in die somer is dit plein pervers. Michiel wys daarop dat sy familie weens agtervolging (hulle is sosialiste en Kaapse commies from way back) telkens 'n smaak vir die aweregse aangeleer het, kos ingesloten.

Die ironie is egter dat ons steune van teënsin oor die vooruitsig van varkvleis met boontjies na 'n dag op Sandybaai, verdwyn wanneer ons aansit. Michiel dek graag somber, met 'n Turkse lap en daardie lieflike swaar wynglase gemaak van herwinde Coke-glas uit Swaziland.

Plenty of bread is the form, seg Michiel. Want hy weet alte goed wat Indiërs lankal besef het: Dis nie nodig om lig en koel te eet op snikhete dae nie. Warm selfs swaar geregte het ook hul plek - wees net matig en jy kan elke boontjie, rys-met-sous, rookworsie en bordvol kerriebredie geniet asof dit die koel slaai is waarna jy dink jy verlang.

Hiermee dus wat lyk soos wintergoed, maar die lus vir ryk en smaaklik bevredig. Hoe lank kan 'n mens nou aan 'n radys of 'n skyfie komkommer kou?

## Klassieke Beesvleis-met-wyn

Sny 750g goeie vetlose beesvleis in blokkies (hulle sê snitte bokant die bees se skouer is die beste, sal ek weet, dominee) rol in meel en maak mooibruin in 'n swaarboompot in 'n mengsel van botter en olie. Haal die blokkies uit namate hul bruin word en dreineer. Doen dieselfde met 'n paar stukkies vetlose spek, twee handevol piekeluie, drie wortels en drie rape in blokkies. Haal alles uit en voeg twee stywe lepels brandewyn by die pan. Laat vinnig kook en skraap nou al die reste uit en hou eenkant.

Gooi 600 ml goeie rooiwyn, 12 platgestampte jenewerbessies, 'n handvol fyn pietersielie en tiemie na smaak by. Kook vinnig en voeg dan alles wat jy uit die pot gehaal het, weer terug.

Reg aan die einde skil jy 'n lemoen fyntjies af, sny die skil in eina klein repies en voeg dit by die stew tien minute voor julle opskep.

Hierby skep jy gekookte aartappels met 'n strooisel neutmuskaat. Dis al.

('n Skandalige weergawe van die klassieke lyk so: Maak weer so met die vleis in die pot, gooi sommer een of twee gekapte uie by en daarna twee blikkies duur Amerikaanse Campbell's Consommé, net so, plus die sap van een lemoen. Daarna 'n glasvol of twee rooiwyn, ens. ens.

Aan die einde kom klein worteltjies in repies, plus die lemoenskil. Klink soos kettery, maar dit is heerlik op 'n nie-klassieke manier, nes langarm dans.)

En as jy 'n plaaslike blikkie vleis-en-groentesop vir die doel gebruik, gaan jy bitter jammer wees ek belowe.

Michiel kook graag Grieks en toe onthou ek van hierdie lekker gereg wat ons jare gelede in 'n Midde-Oosterse boek gekry het en gereeld maak. Weer, swaar en ryk, maar besonder smaaklik met sy kenmerkende geur. Dis lekker met die fyn ryskorrel-pasta genaamd orzo.

## Afelia

Sny 'n klip of meer varkboud in blokkies en braai in olie tot goudkleurig. Bedek met sowat 600ml witwyn en geur met sout, baie swartpeper, twee of drie grofgekapte uie, asook baie vars koljanderblare - seker so drie bossies.

Prut saggies vir 'n uur of meer. Die sous van die stew word nie dik nie, maar dit moet baie wees en 'n wonderlike geur hê.

Kook die orzo in water en onthou dis nie rys nie, maar pasta. Skep op saam met jou afelia. Ons sê altyd ons gaan nie dik wit joghurt bo-oor skep nie, en dan doen ons dit anyway.



# O noo, die lelike Noo Noo kom weer

**DIE meesterlike mimiekkunstenaar Andrew Buckland (bo) is 'n besige gedierte ... uh man. Dis 'n goeie ding hy het meer as twee bene.**

**Hy bied tot 2 Maart sy gewilde "Ugly Noo Noo" by die Mark-Teater se Upstairs aan.**

**Hy is ook die regisseur van "Take Two" waarin Soli Philander sy ding doen, dié keer in die Laager.**


dié week by die
MARK-TEATER

*MARK-TEATER*
*SHADOWLANDS*
*deur William Nicholson*
*Regie deur JANICE HONEYMAN - Brian Murray, Helen Bourne, Michael McCabe, Ron Smerczak, Norman Coombes*
*Ma tot Vr 8nm; Sa 6nm en 9nm; Wo 3nm - Begin 30 Jan*

DIE LAAGER
TAKE TWO
Regie deur ANDREW BUCKLAND
Met Soli Philander
Begin 12 Februarie
Ma tot Vr 8.15nm; Sa 6:15nm & 9:15nm

upstairs by die MARK-TEATER
Ma - Vr 8:15nm. Sa 6.15nm & 9:15nm
ANDREW BUCKLAND in sy 'Ugly Noo Noo'
Regie: Janet Buckland

MARK-GALERYE
Fotografie deur JOHN BRETT COHEN

*KIPPIES BY DIE MARK*
*Di tot So 9nm*
*Sarafina Band*

*Warehouse by die Mark-Teater*
PIETER-DIRK UYS en LIZZ MEIRING in
*An Audience with Evita Bezuidenhout - The Ultimate Indaba with Bokkie Bam*
Di tot Sa 8nm; aandete 7nm

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.


# Constantia se tradisie vervolg

## BJ LANKWARDEN skryf oor wyn

**CONSTANTIA se legendariese soetwyn (Napoleon het as banneling 'n staande bestelling van dié wyn gehad) is nooit weer sedert die tweede helfte van die vorige eeu gemaak nie. Daar is selfs gevrees die kuns het verlore geraak. Maar dit was natuurlik sonder om rekening te hou met Duggie Jooste, die eienaar van die plaas. Voorwaar 'n man met 'n visie.**

**Dit was 'n aanmerking van professor Chris Orffer wat die bal aan die rol gesit het en die wynbouer Ernst le Roux (nou by Nederburg) en die wynmaker Ross Gower het hulle in die geskiedenis van Constantia ingegrawe.**

**Soos Orffer tereg gesê het, was Constantia 'n oorspronklike Suid-Afrikaanse wyn, nie iets wat skuil agter 'n vreemde naam soos Cape Madeira of Cape Port nie.**

**Toe die Klein Constantia-span finaal besluit het om 'n natuurlike soetwyn te maak, was die volgende stap - om 'n druifsoort te kies - van kardinale belang. Hier was hulle uiters gelukkig om die dienste van Ernst le Roux tot hul beskikking te hê.**

**By die Ernita-kwekery in Wellington het hy 'n spesiale kloon van Muscat de Frontignan gepropageer. Teen Julie 1982 is die nuwe wingerdstokke teen die laer hange van die Klein Constantia-wingerde aangeplant wat eens deel was van Simon van der Stel se oorspronklike Constantia-plaas wat in 1685 aan hom gegee is.**

**Die eerste oes van hierdie Muscat de Frontignan-druiwe was in 1986. Ross Gower en Ernst le Roux het die styl van die ou Constantia-wyne bykans stap vir stap gevolg. Dit het beteken om die oes met amper 50% te verminder en die res van die druiwe eers einde Maart te oes. Dit het hulle van soet, verskrompelde bykans rosyntjieagtige bessies voorsien.**

**Die wyn is gemaak, in vate verouder en toe in die bottels gesit. Hier is nou 'n sublieme voorbeeld van die sorgvuldige aandag aan detail deur die Klein Constantia-mense. Hulle het in Italië op 'n bottel afgekom wat herinner aan die ou Constantia-bottels en 'n paar duisend van hulle ingevoer. Die verpakking is uitstekend. Die botteltjie (500 ml) het 'n lang nek, is verseël en het 'n skouspelagtige etiket wat sê VIN DE CONSTANCE.**

**Die wyn is skaars, party daarvan sal egter opgeveil word, party sal aan party gelukkige mense aangebied word en party sal na 'n hele paar jaar op die mark beskikbaar wees. Die wyn het goeie alkohol (13,7%) en hoë ressuiker (97 g/l).**

**Die smaak? Wel dis moeilik om jou verbeelding nie by so 'n geleentheid met jou te laat weghol nie. Want dis hoe Napoleon en Bismark die Constantia op hulle dag sou geproe het. Nie oud nie, net 'n jaar of twee. Nes ons dit geproe het. Ek het soos Napoleon gevoel en hulle het my nog nie weggevat nie.**

**Dis 'n ferm wyn dié, waar die suurgehalte en die ruggraat van die hout dit 'n droë soet effek gee, nogal soos party grootse Sauternes.**

**Ongetwyfeld 'n grootse wyn en die versoeking om nog 'n bottel oop te maak, is groot, maar ek sal vasbyt en ons sal meer oor dié wyn in die toekoms hoor.**

**Een ding is seker, as die wyn weer gemaak moes word, kon dit net deur Klein Constantia gemaak gewees het.**

## Elmari Rautenbach skryf oor dié week se TV

# 'Halleluja' Brother Lester!



*"The Making of Postcards from the Edge" wys Maandag om 8:35nm. op M-Net. Bo is Meryl Streep en Dennis Quaid*

DIE een suster hier, sê Brother Lester in "Glory! Glory", is "mighty clever". Sy kan die Onse Vader opsê terwyl sy 'n hele bondel geld tel en nie een keer kop verloor nie. "Show us, sister..."

En hiermee het ons die kern van die verhaal. Want die kerk in "Glory! Glory!" gaan nie om die godsdiens nie, maar om godsdiens vir die géld wat dit kan maak.

Lanklaas was daar só 'n genotvolle mini-reeks op TV soos dié satire op M-Net oor die sogenaamde charismatiese godsdiensbeweging in Amerika. Toe daar kwalik vyf minute vóór die einde Dinsdagaand 'n onderbreking was, het jy jouself betrap dat jy hoopvol bly sit en kyk na die flikkerende skerm, te bang jy mis 'n sekonde wanneer die uitsending hervat.

Net wat die ontwikkeling van die verhaal betref, was 'n mens nie 'n oomblik seker wat volgende gaan gebeur nie. Elke kinkel was 'n totale verrassing. In die geval van die einde was dit miskien nie so geslaagd nie, maar die res van die storie was só vermaaklik en só vernuftig aanmekaar gesit dat dié klein irritasie gou vergeet is.

"Glory! Glory!" is die verhaal van Ruth (Ellen Greene), 'n rock-sangeres uit die agterstrate, wat deur die diep godsdienstige, maar uiters vaal eerwaarde Bobby Joe Stuckey (Richard Thomas van "Die Waltons" - toevallig?) gevra word om die Boodskap in sy skatryk kerk te verkondig omdat die lede meen hy is só vaal hulle wil nie meer geld gee vir die kerk nie. En dít maak die eerwaarde, maar veral sy regterhand, Brother Lester, baie benoud...

En so word Ruth "Sister Ruth" deur bloot "Johnny" na "Jesus" te verander in haar liedjie, "In Johnny's arms". Maar haar vennootskap met Bobby Joe het niks te doen met die kerk nie. Veel eerder met ambisie, beroemdheid, geld vir onder meer kokaïene, en die lokkrag van 'n kus-tot-kus- TV-uitsending op 'n nasionale netwerk. Algaande word sy egter gekonfronteer met dilemmas soos haar ongelooflike gewildheid as 'n gospel-sangeres, hande oplê-sessies, 'n joernalis wat haar verlede uitsnuffel en die ganse kerk daarmee wil kelder, en die sogenaamd gelowiges wat doen net wat hulle wil maar dit regverdig met 'n "Halleluja! Praise Jesus!" daarna.

Wonderlik was dat alles wat bekend is op sy kop gekeer is - soos 'n mens ook sou verwag van 'n goeie satire. Een van die beste voorbeelde hiervan was waar sister Ruth op aandrang van die TV-netwerk die genesings moet doen. Sy stem uiteindelik in op voorwaarde dat van akteurs gebruik gemaak word. Maar net vóór die einde van die sessie gebeur die onverwagse: 'n jong ma stoot haar dogtertjie in 'n rolstoel tot voor Ruth en kyk haar verwagtingsvol aan... En sister Ruth laat die dogtertjie loop!

Almal ken die voorbeeld van 'n geneser wat ontmasker word as iemand wat al die tyd van akteurs of truuks gebruik gemaak het. Wat gemaak met iemand wat nie 'n oomblik voorgegee het om die ware Jakob te wees nie en skielik die onmoontlike regkry?!

Die charismatiese godsdiens self word uitgebeeld as ingestel net op geld en mag, en dan veral soos versinnebeeld deur TV. Van die begin van die verhaal werk alles op na die klimaks: die eerste nasionale regstreekse uitsending vanuit dié kerk met sister Ruth en Bobby Joe op die preekstoel. Niks mag in die pad staan van die uitsending nie. Daarom is meeluistery, leuens, bedrog selfs afpersing geregverdig - alles in die naam van die kerk, natuurlik. En hoekom? Want TV beteken gewildheid en gewildheid beteken die tannies in die kluis onder die kerk het meer note om te tel.

Dié kerklui is egter nie die enigstes wat skynheilig is nie. Die TV-base gebruik op hulle beurt weer die kerk. Want sister Ruth is "hot" en 'n regstreekse uitsending van haar "prediking" kan weghol-kyksyfers beteken. Dit sal meer advertensies lok, wat op sy beurt meer geld sal laat instroom. Soos die een TV-baas sê: "Sister Ruth can do for us what Cosby did for NBC."

Niks is dus heilig nie, alles is korrumpeerbaar in die mens se sug na roem en na geld. Daarom is dit dubbel so ironies as Ruth aan die einde sê dalk kan sy aan 'n God glo wat feilbaar is, wat alles in Sy vermoë probeer doen het om die mens van sy sonde te red, maar telkens 'n bloutjie geloop het. Vir haar is 'n aanvaarbare beeld van God 'n God wat in die hemel sit en huil terwyl die mens op aarde nie 'n hel omgee wat goed of kwaad is nie.

Die einde van die reeks werk in dié opsig nie baie goed nie. Die TV-uitsending eindig met al die karakters op die verhoog - insluitende Bobby Joe se dooie pa, wat vir die gehoor buig. Wat dus gesê word, is die ganse verhaal was deel van die TV-uitsending en die mense net blote akteurs.

In "Jesus of Montreal" het dié truuk uitstekend gewerk. Maar daar het die teater, die werklike lewe soos uitgebeeld in die fliek en die Bybelse verhaal van Christus van die begin af op mekaar ingespeel en mekaar weerspieël.

Hier het die fisiese TV-uitsending eers teen die einde ingekom, terwyl die werklike temas, dié van korrupsie en skynheiligheid, onopgelos gebly het. 'n Mens kan amper sê 'n derde episode is nodig om al die los drade saam te bind. Nietemin was "Glory! Glory!" uitstekende kykstof en die deurtrapte skelm, Brother Lester (James Whitmore), een van die onvergeetlikste TV-karakters van die jaar.

## 'Agenda' op die dokke

"AGENDA" se Karien van der Merwe het verlede Donderdagaand gesorg vir een van die interessanter bydraes op dié program. Gewapen met 'n mikrofoontjie en met 'n versteekte kamera in die omgewing het sy die verskynsel van straatprostitusie in Durban ondersoek. Hoewel die beeld ietwat vaag was sodat die meisies se identiteit onbekend kon bly, kon jy die gesprekke goed volg.

Die uiteinde was 'n program wat die mite van "easy money" gou die nek ingeslaan het. Van die meisies het vertel watter groot rol dwelms in hul lewens speel; dat hulle prostitusie bedryf net om dié weelde te kan bekostig. Een het laat blyk hoe sy gru vir haar leefwyse, waarna sy as "whoring" verwys het, maar gesê sy is té diep vasgevang om te kan wegbreek.

Dit is egter nie net die meisies wat altyd die slagoffers is nie. Film is gewys van hoe twee meisies saamspan om twee mans te beroof van R250 onder die voorwendsel dat dit 'n ekstra fooi is vir kondome en die mans uiteindelik bedremmeld bly staan, te skaam om die Polisie in kennis te stel.

Ten slotte het die program meer insig gegee in 'n maatskaplike verskynsel waarvan die oorgrote meerderheid kykers bittermin weet, boonop op só 'n manier dat die onderwerp as 't ware self aan die woord gestel is.

## 'Collage' se vyf vroue

SONDAG begin TV1 se "Collage" met 'n nuwe maandelikse reeks. Hierin word die kyker voorgestel aan vyf merkwaardige vroue in die uitvoerende kunste by wyse van 'n profiel oor elk en sy kunsvorm. Eerste aan die beurt is die Kaapse choreograaf Veronica Paeper, volgens Kruik-Ballet se prof. David Poole een van 'n spesie "rare birds" met 'n werklike gawe vir die moeilike kuns van choreografie.

Paeper word gesien besig met haar repetisies van "Carmen"; uittreksels uit vorige ballette, soos haar "Romeo en Juliet" word gewys en daar word gepraat met kollegas soos Phyllis Spira. Die regisseur is Sally Pienaar.

Ander persoonlikhede in die reeks is Hemien Domisse, Nadine Gordimer, Lucille Gillwald en Penny Siopis.

## 'Take 2' vir TV4

EN toe het die komediereeks "Lenny" nié Dinsdagaand op TV4 verskyn nie, soos die SAUK se persverklaring ons in kennis gestel het, maar word die eerste episode eers dié Dinsdagaand vertoon. Ook is die uitsaaityd vir die reeks nie 11nm., soos aanvanklik beplan is nie, maar die spits- spits-kyktyd van 00:17vm. They did it again...!

Stel tog die video-opnemer. Dit is 'n reeks wat wérklik snaaks is - 'n "rare bird" op die kanale van die SAUK.

## Obsessie: twee kante

TWEE flieks is dié naweek die moeite werd. In TV1 se "Barnum" môreaand om 9:30nm. het die jonge sirkus-entrepreneur P.T. Barnum (Burt Lancaster) een obsessie: die verwesenliking van sy droom om eendag die aanbieder, eienaar en skepper te wees van "Die grootste vertoning van alle tye". Sy pogings om dié droom te verwesenlik, is baie vermaaklik - veral as 'n mens weet Lancaster was 'n sirkusakrobaat voordat Hollywood hom opgeraap het.

In die regisseur Eugène Corr se "Desert Bloom" (môreaand om 9nm. op M-Net) beteken twee mense se obsessie egter die vernietiging van geluk en huweliksharmonie en word 'n siniese parallel getrek met die toets van 'n atoombom in die naby-geleë Nevada-woestyn. Die hoofrolle word gespeel deur John Voight as 'n humeurige oorlogsveteraan, Jobeth Williams as sy vrou wat 'n geheim het, en Ellen Barkin as haar wulpse geskeide suster wat kom kuier...

## Om te wys...

OM te wys of nie te wys nie, is die vraag wat M-Net Donderdagaand in die gesig gestaar het met sy vertoning van "The John Berks Show" en Beau Brummel se spontane ontklee-vertoning. Maar daaroor aanstaande week...

# HOOGTEPUNTE:

**Vandag:**

* As jy goed is, is jy goed. "The Fanelli Boys" om 10:50nm. kan selfs humor vind in 'n verassing. Maar dis geskryf deur die skrywers van "The Golden Girls".

* M-Net se "Beyond Therapy" (11:35nm.) lyk belowend met Glenda Jackson en Tom Conti in die hoofrolle.

**Môre:**

* "Top Class" om 8nm. op M-Net is 'n nuwe reeks waarin die wêreld se tien voorste modelle bekend gestel word.

* "Patrick", Patrick Mynhardt se nuwe geselsprogram, skop om 9:30nm. op TV4 af. Met gaste Zack du Plessis, Peter van Zyl, Alvon Collison, Abdul Bhamjee en Maurice Carré. Die onderwerp is "Bygelowe en fobies".

**Sondag:**

* "Secret Nature" om 8nm. op M-Net, 'n nuwe natuurreeks.

* "Nadine" om 8:30nm. op M-Net, 'n vermaaklike spanningsprent met Kim Basinger en Jeff Bridges.

**Maandag:**

* "Jazz from the Smithsonian" om 11:16nm. op TV4, waarin die tromspeler Art Blakey bekende jazz-kunstenaars voorstel.

* Die begin van 'n nuwe reeks, "Going Places", om 6:30nm. oop tyd op M-Net. 'n Groep verhoogkunstenaars en huismaats se lief en leed, soos uitgebeeld deur die vervaardigers van "Full House" en "Perfect Strangers".

* "The Making of Postcards from the Edge", die fliek met Meryl Streep en Shirley MacLaine, wat binnekort begin draai om 8:35nm. op M-Net.

**Dinsdag:**

* "Lenny", nou om 00:17nm. op TV4.

**Woensdag:**

* "Die Ikarus-faktor" om 10:20nm. op TV1, 'n dokumentêre program oor Suid-Afrika se toetsvlieëniers.

* "A Prayer for the Dying" om 9:05nm. op M-Net, gegrond op Jack Higgins se blitsverkoper, met 'n rooikop- Mickey Rourke en Bob Hoskins in die hoofrolle.

**Donderdag:**

* "Legends in Love" om 8nm., 'n spesiale program oor sprokieshuwelike met van Evita tot 'n skaam Lady Di.

* Net reg vir Valentynsdag: "Falling in Love" om 9nm. op M-Net, met Meryl Streep en Robert de Niro in 'n owerspelige verhouding vol wroeginge. Heerlik vir die sakdoekbrigade.

* "No Jacket required" om 11nm. op TV1, altyd 'n staatmaker vir lekker musiek.

*Vrye* **Weekblad**

## Apartheid se doodsvonnis

Apartheid is nie "begrawe" soos hoofopskrifte dit wil hê nie. Om die waarheid te sê, apartheid is nog nie eens dood nie.

Maar wat ons sonder vrees vir teëspraak ná die Staatspresident se aankondiginge verlede Vrydag kan sê, is dat apartheid se doodsvonnis nou uitgeskryf en onderteken is.

Net kwaadwilliges sal nie toegee nie dat FW de Klerk daarvoor die lof en dank van elke Suid-Afrikaner wat na vrede en voorspoed smag, verdien.

Die voorgenome skrapping van die Wet op Bevolkingsregistrasie, die Groepsgebiedewet, die wette oor grond en veral die finale wegbeweeg van enige groepskonsep wat op ras of velkleur gegrond is, moet nou selfs die heftigste kritikus oortuig dat die proses na demokrasie en gelykheid nie meer omkeerbaar is nie.

Maar met 'n penneveeg deur 'n wet word die verlede nie ongedaan gemaak nie. Ons glo die Staatspresident en sy kollegas luister deeglik na dié stemme wat in die laaste paar dae daarop gewys het dat positiewe aksie nou moet volg.

'n Goeie voorbeeld is dat alle landsburgers binnekort oral grond sal kan besit, maar in die praktyk beteken dit niks tensy die staat met skemas gaan kom wat dit vir swart boere gaan moontlik maak om dit te kan bekom nie.

Die klem behoort nou te begin verskuif van veg teen apartheid na die bou van 'n demokratiese kultuur en 'n regverdige ekonomiese struktuur vir almal.

Ons is bevrees hier het die Staatspresident en sy kollegas nog 'n lang pad om te loop.

'n Demokratiese kultuur beteken nie net dat daar verkiesings gehou word nie. Dit beteken dat die nasie 'n houding het waarin vryheid, openlikheid, verdraagsaamheid en politieke aanspreeklikheid kritieke rolle speel - en dat dié houding deur die wette en instellings weerspieël word.

Ons politieke bewegings - die Nasionale Party, die African National Congress, die Pan Africanist Congress en Inkatha - het nie een 'n goeie rekord wat dit betref nie.

Maar FW de Klerk en sy party is tans nog aan bewind. Daarom rus die verantwoordelikheid in die eerste plek by hulle.

Daarom vind ons die regering se onvermoë en onwilligheid om op te tree teen barbaarse praktyke soos staatsgesteunde moordbendes verwerplik.

Daarom vind ons die totale afwesigheid van enige optrede of selfs verklaring van die kant van die kabinet oor die onlangse hofuitspraak oor politieke moorde en die betrokkenheid van 'n senior polisie-generaal daarby, heeltemal onverskoonbaar.

Die Suid-Afrikaanse parlement het die laaste paar jaar nou nie juis die hoogste agting onder die mense van Suid-Afrika geniet nie. Die adjunk-speaker wat dié week beslis het die parlement mag nie 'n saak debatteer waaroor die hele land praat en koerante skryf nie, het die parlement net verder ontman.

Dit was nie die aksie van 'n party wat die skep van 'n oop, demokratiese kultuur voorop stel nie.

Ons het in die huidige oorgangstadium 'n unieke geleentheid om 'n etiek en praktyke te vestig wat ons almal graag sou wou sien oorleef in die Suid-Afrika waarin die meerderheid gaan regeer.

Ons oë is op die Staatspresident.

## Die KP

Die berigte van 'n skeuring in die geledere van die Konserwatiewe Party se koukus was dalk oordrewe.

Tog is dit nie nuus nie dat daar al geruime tyd spanning binne die party is oor die rol wat die party behoort te speel in dié dae van onderhandelinge en ingrypende verandering.

Dit is nie baie relevant of die KP skeur of nie. Nie die KP of die AWB of enige van die ander wit splintergroepe kan meer die onafwendbare aantog van demokratisering stuit nie.

Maar die KP hét 'n tersaaklike rol binne die wit politiek. Dié party se ondersteuners is juis dié witmense wat verward is en bang is vir die toekoms.

Ook dié mense hoort in die Nuwe Suid-Afrika en in die Nuwe Nasie wat ons aan die bou is.

Ons hoop die leiers van die party gaan begin besef dat wit magspolitiek gister se politiek is. Hulle hoef nie meer dinge te doen en te sê net om gefrustreerde en bevreesde stemme op te tel nie.

Hulle kan nou maar begin optree in die belang van dié mense wat hulle glo hulle verteenwoordig.

En dit beteken om versoenend te begin optree en om reg te maak om 'n plek aan die onderhandelingstafel in te neem.







**Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.**

# Geen konsensus oor die voorblad

**Carolien Saayman van Yeoville skryf:**

Daar sit ek toe verlede Vrydagaand in die Harbour Café in Rockeystraat en stry vir ure oor Vrye Weekblad (1 Februarie 1991) se voorblad, van alle dinge. Die telling was taamlik gelykop - mans daarvoor, vroue daarteen. (En die mans is almal feministe.)

Later, in Rumours, kom ons ooreen om liewer oor iets anders te praat - geen konsensus kon bereik word nie.

Maar toe ek in die vroeë oggendure by 'n kafee in Rockeystraat instap om gou melk te koop, lê Vrye Weekblad in 'n netjiese hopie - onderstebo.

"Hoekom?" vra ek die eienaar.

"Die voorblad kan aanstoot gee," sê hy. Dit het.




## Laat ons lees

**Pensionaris van Valhalla skryf:**

After 40 years in South Africa, I still don't know how the law enforcement agencies decide when a picture is pornographic.

In many local bottlestores and chemists you can buy glasses and beer mugs with pictures of scantily dressed girls and boys on it.

I can't understand, these pretty pictures on glasses are imported and cleared by customs, but if the same pictures appear in bookform, they will be declared pornographic and be banned.

Can't we, like in all modern, democratic countries of the world, decide for ourselves what we would like to read?

If our lawmakers relax the pornographic laws, they will be surprised how much time they have to work on serious crime cases.

I hope, that one day, we will be able to read these magazines without having to join the police force.

*(Brief heelwat verkort - Red)*

## Twee departemente

**A Bruwer van Vanderbijlpark skryf:**

Weet u van 'n beroep waarin 'n man, as hy 'n gemors van sy werk maak, óf as sy vlerke hom hoër dra as wat sy salaris hom toelaat, kan bedank, sy voete elders probeer vind, weer 'n gemors maak, en dan met ope arms terug ontvang word in sy aanvanklike beroep?

As hy gelukkig is kry hy dan nog bevordering ook, soms nog sonder 'n onderhoud of dat sy naam hoegenaamd op 'n kortlys kom.

Ek is seker u raai reg, dis net in die onderwysberoep waar so iets kan gebeur. Wat maak die hoofman oor honderd so seker dat die man dié keer 'n sukses van sy beroep sal maak? 'n Vrou durf dit nie waag nie. Die gelukkige ou stap dan sommer in en 'n dame moet plek maak en vir lief neem dat daar nie vir haar 'n pos is nie, dankie.

Dié saak maak duisende onderwyseresse bitter en opstandig moerig.

Daar word bespiegel oor een onderwysstelsel vir almal. Nie in dié leeftyd nie, miskien twee - een vir blanke mans en een vir die res van die onderwysmense.

## Koue visse

**Johnita le Roux van Stellenberg skryf:**

Snaaks dat Erasmus van Niekerk vis-beelde gebruik vir sy geloofsaanval in Geloofspraatjies (Vrye Weekblad, 18 Januarie 1991). Want ná 'n besoek verlede jaar aan die Departement Teologie van Unisa het ek juis gewonder wat dit is wat by sulke godsgeleerde mense ontbreek.

Hulle het al die kennis, hulle het 'n antwoord op alles. Waarom kry 'n mens dan die gevoel van afgeslotenheid en kilheid waar jy 'n dansende vuur verwag? Snaaks dat die term "koue visse" toe by my opgekom het. Maar nou het die teoloog Van Niekerk dié geheimenis oopgevlek.

Om God, dié God wat van tydlose ruimte sonder perke tot by die kleinste saadjie gemaak het, te beskou as "maar net een ding" tussen "baie dinge", om Hom te ontken as die warmbloedige Meesterbrein, die krag agter en in alles, en eerder te glo in jou eie geloof, ingekeer te wees op die Ek - dan het jy self jou dammetjie gegrawe (g'n boelie-walvis wat jou gaan keer nie) en 'n koue vis sal jy wees.

## Groot oorwinning

**Peter Galliner, direkteur van die Internasionale Persinstituut in Londen, skryf:**

It is splendid news that Justice Kriegler has ruled against police Lieutenant-General Lothar Neethling's demand for extensive damages from Vrye Weekblad and the Weekly Mail. The Court's decision represents a great victory for your paper and for press freedom in South Africa.

## Ysberg

**Dr PJD Lourens van Quellerina skryf:**

Die dade van die moordbendes en die dapperheid van Vrye Weekblad is so sensasioneel dat dit maklik is om by die groter verband verby te kyk.

Die moordbendes is net die punt van die ysberg van rassisme. Elke blanke kan gerus die hand diep in eie boesem steek - ons baat almal ons lewe lank reeds by apartheid. Wat gaan ons omtrent ons skuld doen? Kan ons werklik verwag dat ons landgenote ons goedsmoeds moet vergewe?

By die Anne Frank-huis in Amsterdam is daar 'n permanente uitstalling teen rassisme. Só 'n uitstalling is broodnodig in Suid-Afrika.

# Hoe lykit met 'n boogie by die Taalpeester?

ANTON GOOSEN se suggestie in 'n onderhoud met Vrye Weekblad dat daar 'n rockfees by die Taalmonument gehou word, klink vir Brolloks na 'n uitstekende idee.

Brolloks staan die ander dag op die voorstoep van 'n lieflike Bolandse wynplaas en kyk oor die vallei uit. 'n Ongelooflike uitsig met die Paarlberg aan die ander kant van die vallei. En daar staan die monument aan die kant van die berg soos 'n seer duim uit en die hele uitsig is bederf.

Die Boere se taalfallus.

Van wanneer af het 'n lewende taal 'n monument nodig? Seker net as jy dit by iemand anders gesteel het en nou maak of dit jou eie is.

Wat voel die bruin werkers in die Paarlvallei wat elke dag in die Taalpeester vaskyk daaroor? Want dis mos onder húlle voorsate dat Afrikaans ontstaan het, nie waar nie? Dankie baas vir die mooi monument vir ons taal baas?

Not bloody likely. Want niemand het daaroor twyfel nie: dis 'n Boeremonument, 'n Broederbondmonument.

Maar nou staan die ding daar teen die berg. Miljoene gekos. Wat maak ons daarmee die dag as Afrikaner-Nasionalisme nie meer die alleenheersers van ons land is nie?

Hardy Botha, die skilder wat net so 'n paar kilometer verder by Daljosafat skilder/boer, het tydens 'n diep filosofiese gesprek op 'n tyd gesê daar is net een manier om die Taalpeester respektabel te maak: verf die hele ding met 'n Ndebele-motief.

Nee, het 'n ander gas by dieselfde geleentheid (dit was darem pre-FW) gesê, necklace die donnerse ding: huur 'n helikopter, laat sak 'n trekkerbuiteband oor die toring en steek dit brand.

Hm.

Miskien moet die manne van die Universiteit van die Wes-Kaap wat 'n museum wil bou oor apartheid en wat dit aan ons gedoen het, dit in die Taalpeester gaan huisves.



BROLLOKS EN BITTERGAL

Of dalk moet 'n mens net elke jaar 'n reusagtige opskop daar gaan hou. Met Afrikaans en Engels en Xhosa en boeresport en toyi-toyi en alles.

* En die Voortrekkermonument dan?

### Namibia se miljoene

Pikant, dié storietjie van president Sam Nujoma wat laasweek 'n tjek van 'n miljoen rand aan die ANC oorhandig het.

Kom dit dalk uit sy rekening vir buitelandse hulp vir 'n sukkelende nasietjie?

Sam sou beter gedoen het as hy 'n les geleer het van 'n ander arm staat op ons vasteland, Burkina Faso.

Dié land se vorige president, kapt Thomas Sankara (nou saliger gedagtenis nadat sy beste vriend en adjudant hom in die paleis se kombuis doodgeskiet en sy joppie oorgevat het), het destyds met groot gebaar 'n handvol AK 47's aan die ANC geskenk, maar bygevoeg dat die land nie magasyne en ammunisie kon bekostig nie.

* Dis die gebaar wat tel.

### Relax!

Die stomme Demokratiese Party. Hulle het so 'n opdraande stryd om relevant te bly, dan baklei hulle nog met dié paar LP's wat regtig nog relevant is.

Die ontevredenheid met die Jan van Eck's en die Peter Gastrow's en Jan Mombergs wat saam met die mense deur Kaapstad gemarsjeer het, hoort mos by die ou PFP en nie by die DP nie.

* Miskien het niemand nog vir die DP gesê nie: julle is nie meer in die politiek vir mag se onthalwe nie; daar gaan nie weer 'n wit verkiesing wees nie! Relax!

### Met 'n verskil

Hier is 'n brokkie van die nuusagentskap AFP: Die Amerikaanse weermag het 775 000 kondome na die Golf gestuur. Maar die weermag hou vol dit is bedoel om geweerlope te beskerm.

* "Make love, not war" sal nooit weer dieselfde wees nie.

### Goue ring

Bittergal se oupa het altyd gesê al dra 'n aap 'n goue ring, hy bly maar 'n lelike ding.

Dis waaraan Bittergal gedink het toe hy die SA Polisie se duur advertensieveldtog op TV dopgehou het: hulle skakelmense en advertensie-ghoeroes kan maar so fensie wees as wat hulle wil met TV-foefies, maar so lank as wat hulle oordadig optree tydens (swart) optogte en byeenkomste; so lank as wat hulle 'n dosyn swartmense en nie een witmens aanhou ná 'n voorval van rassegeweld wat deur wit boewe begin is; so lank as wat 'n topgeneraal voor die hof lieg oor sy aandeel aan moord en dan bloot na sy werk terugkeer asof niks gebeur het nie; só lank sal die polisie se beeld onder die gewone mense nie verbeter nie.

* Spaar op die reklame-begroting en word 'n betroubare, geloofwaardige polisiemag. Dan sal ons almal julle geesdriftig steun - en dan het julle nie 'n reklameveldtog nodig nie.

### Bom en amnestie

Brolloks begin wonder of dit so 'n goeie idee is om aan almal sommer amnestie te gee.

Twee van die manne wat nou blykbaar op die punt staan om amnestie te kry, het Vrye Weekblad se hele voorportaal met 'n bom weggeblaas. Hoe veilig gaan ons voel as hulle weer op vrye voet is? Het hulle dan van oortuiging verander?

* Kla hulle eers aan en dink dan aan amnestie.

### Veldmaarskalk Maljan

Magnus Malan het vandeesweek met groot trots in die Parlement aangekondig dat "na 'n baie deeglike" ondersoek na die BSB deur die Weermag se interne ouditeure, hy met groot vrymoedigheid kan sê daar is geen sprake dat sowat R28 miljoen "sommer in geute afgespoel het nie".

Ai, die minister se geheue is darem maar baie kort. Hy onthou seker nie van die getuienis voor die Harmskommissie van die honderde duisende rande wat vermors is op absurde projekte soos om 'n aapfetus voor biskop Desmond Tutu se huis te plaas nie, adv Dullah Omar se hartpille wat met gifpille omgeruil moes word en 'n Durbanse prokureur wie se skeermeslemmetjies vergiftig moes word nie.

Dan het die minister seker ook nie onthou van geharde misdadigers wat gehuur en tot R20 000 betaal is om mense soos Anton Lubowski en Frank Chikane te monitor om hulle later dood te skiet nie.

Hy het seker ook vergeet van die tienduisende rande wat aan regskoste betaal is om die Ribeiro-egpaar se moordenaar te verdedig, die man te betaal wat Albie Sachs se arm afgeskiet het en 'n kleuterskool in Kaapstad op te blaas.

* Dis nie net geld wat in die geute afgespoel het nie, generaal Malan, maar onskuldige mense se bloed ook.

### Die hemel help ons

Maar dan gaan die generaal nog verder, en sê dat regter Harms bevind het dat net 'n klein deel van die BSB die hele organisasie gekontamineer het. Hy sê die aktiwiteite van die BSB, wat vir die veiligheid van al ons land se mense nodig was, het 'n ongelukkige terugslag gekry.

Nou wonder Brolloks of Malan kan onthou dat Harms maar net 'n klein deeltjie van die BSB ondersoek het. Die generaal kan sy sterre dank dat die kommissie, lam soos hy was, net opdrag gekry het om een streek te ondersoek.

* Die hemel help ons wat Suid-Afrika sou gehoor het as al tien streke van die BSB - en sy minister se rol daarin - behoorlik ondersoek is.

# 'n Nuwe soort hofgedoente wat op fish en chips werk

VRINDE, Oswald het homself sub judice verklaar. Dit praat nie en dit reageer nie, dit sweef net ontkennend in die atmosfeer rond.

Seg Miesies Klaagvoort dit is kompleet soos toe Moeder haar vows of silence geneem het, en dit was hel. Seg Moeder 'n mens moet die man sy ontvlugting gun, is die hele land dan nie sub judice nie?

Daar's skaars iets interessants waaroor jy mag praat, selfs in die parlement word die monde gesnoer wanneer daar te veel uitgevra word na wie die hofkoste gaan betaal van Zuid-Afrika se besigste en mees berugte apteker. Seg Moeder sy sweer haar slaapdruppels kom van Lothar se Lab, want hulle wil ook nie werk nie, maar dis seker ook sub judice.

Dit is moontlik dat Oswald katatonies geraak het van skok na Kobie dinges se aankondigings oor die nuwe hofprosedure wat hy in gedagte het. Jy kan glo met sekere sake voor 'n bemiddelaar in die gerief van sy kantoor begin. As dit nie werk nie, gaan jy na 'n soort hofgedoente wat met fish en chips en ander beuselagtighede werk. Daarna kan jy seker 'n landdros besoek, en dan die hooggeregshof, en dan die appèlhof.



EGBERTUS KLAAGVOORT

Wie weet?

Binne vier of vyf jaar is jou geskil met die buurman dalk opgelos. Geliefdes, dit is eg Afrikaans om vir vereenvoudigings van onse stelsels te gaan soek in 'n groter kompleksiteit. Jare gelede het die prysenswaardige gevangenisdiens omtrent 400 komitees gestig om ondersoek in te stel na maniere om red tape uit te skakel. Hulle redekawel sweerlik nog oor agendas, voorsitterskappe en reëls waarvolgens die komitees moet vergader.

Egbertus se seënwense vergesel hulle.

### TV-vrede

Is dit nie verblydend nie dat die regering die geldjies iewers kon leen om die vredesveldtog op TV te loods nie?

Seg Miesies Klaagvoort ja, foeitog, as die generaal sy saak gewen het, sou die minister straks by hom kon leen. Broeders moet mos saamstaan in dié moeilike tye.

Iedergeval, na 40 jaar aan bewind het die ou spul darem nou besef dat apartheid te duur geword het. Nou word daar bloot 'n morele grondslag gevind vir hierdie ekonomiese gewaarwording.

En wat beter as R4 miljoen se advertensies. Nou kan vrede neerdaal op diegene wat televisiestelle besit.

### Idioties

Mister Cain-Berman van die Instituut vir rasse-aangeleenthede het nou van sy goeie werk gaan staan en ongedaan maak met sy ongebreidelde aanval op bevrydingsbewegings en die kerke wat nog 'n sosiale gewete het.

Dit is laakbaar om die kerke weens aandadigheid aan die townshipgeweld te beskuldig. Die stomme siel slaan die bal skoon mis.

Die kerke het nie geweld goedgepraat nie, hulle het hul begrip uitgespreek vir geweld wat die bevrydingsbewegings jeens die onderdrukker pleeg.

Seg die Raad van Kerke Mister Cain-Berman se standpunt is ideologies. Seg Moeder nee, dit is idioties. Moeder kan 'n ding tog so delikaat opsom.

### Grensoorlog

Die Boere se imperialistiese gees het nog nie gaan lê nie. As hulle kon, sou baie van hierdie siele seker hul bure se grond wou verower in ewigdurende grensoorloë.

Nou gee die KP aan die wêreld kennis dat hulle gaan veg vir hulle grond.

Dalk kan hulle gaan kers opsteek by Zimbabwe, al is dit 'n swart voorbeeld. 'n Agbare minister aldaar bring sy eie gereedskap en werkers na die florerende plase in sy omgewing, dan oes hy vir die pot. 'n Ou-Ou ministersvooreggie, nie waar nie?

Broeders? As daar dan beswaar gemaak word, verwoes sy trekkers ganse landderye. Nie sleg nie, dokter Treurnicht, maar onthou tog die Sannas en Voorlaaiers.

Anders is julle gebrekkig soos 'n ongewapende man, en wie kan nou laer trek sonder grofgeskut?

**Hier verskyn verkorte resensies van die beste vermaak. Waar geen voorletters verskyn nie, het ons nog nie kans gekry om die betrokke stuk te resenseer nie.**

# Rolprente

**DANIE PIETERSE - DP**
**JAN KONTERDANS - JK**
**ANDREA VINASSA - AV**
**PETER GOLDSMID - PG**
**RANDY LE ROUX - RR**

**KORCZAK** - Holruggery soos die "Holocaust"-tema is, is Andrej Wajda se swart-en-wit huldeblyk aan 'n Poolse kinderdokter wat 'n weeshuis vol kinders na die Nazi's se doodskampe vergesel het, 'n uitsonderlike prent. Wajda se vernaamste prestasie is die b e h e e r s d h e i d waarmee hy dié hoogs vlambare onderwerp hanteer. - AV

**THE MUSIC TEACHER** - Dié asembenemende Franse periodestuk is Romanties in die ware sin van die woord. Die skeppingsgees en die dood, albei versier met kant. 'n Middeljarige (getroude) musiekonderwyser besef die nutteloosheid van sy liefde vir sy talentvolle jong sangstudent. Hy nooi 'n straatsanger en deeltydse misdadiger na sy huis waar hy sy natuurlike sangtalent ontwikkel. Sy op die oog af wrede metodes is ten einde lonend wanneer die twee studente hulle by 'n sangwedstryd in vyandige geselskap bevind. - AV

**MONSIEUR HIRE** - Moet nie hierdie klein juweel van 'n prent misloop nie. Michel Blanc speel 'n eensame Parysenaar wat verlief raak op die jong vrou wat hy dag en nag deur sy venster dophou. Gegrond op 'n Georges Simenon-roman wat begin met 'n misdaad, maar voortgaan om veel meer sê oor liefde en verraad as die gebruiklike riller. Dit is 'n off-beat liefdesverhaal vol subtiel erotiese oomblikke. - AV

**CHAMBRE A PART** - Michel Blanc, die akteur wie se mesmeriserende teenwoordigheid in "Monsieur Hire" die deurslag gegee het, speel 'n Fransman wat sy eensaamheid probeer oplos deur verlief te raak op 'n beeldskone "con-artist". Martin skryf sy alleenheid daaraan toe dat hy 'n Fransman in Londen is en wanneer 'n vreemde Franse egpaar hulle opdring, leer Martin dat emosies al te wispelturig kan wees. Seksuele obsessie, verraad en vervreemding word met deernis uitgebeeld. - AV

**ROGER & ME** - New Journalism op sy beste. Michael Moore se wrange dokumentêr oor die onverskilligheid van groot sake-ondernemings teenoor sy werkers. Die prent sou aanvanklik uit 'n onderhoud met General Motors se grootbaas Roger Smith bestaan het, maar hoe meer Smith vir Moore ontduik het, hoe snaakser was die materiaal wat Moore versamel het. - AV

**LONGTIME COMPANION** - Die geskiedenis van Vigs in dertien aflewerings. Goeie propaganda maak nie altyd goeie flieks nie. Gesaghebbend en simpatiek. Die prent het sy gebreke, maar is 'n groot stap vorentoe vir Hollywood. Bruce Davison palm baie pryse in. - AV

**SILENCE LIKE GLASS** - As 'n regisseur nou 'n prent oor terminale kanker móét maak, moet dit soos "Silence" lyk. Dis die ware verhaal van die vriendskap tussen twee uiteenlopende kankerpasiënte wat saam in 'n hospitaalsaal beland. Die gevaarlike onderwerp word onsentimenteel en met baie sinisme en woede gehanteer. - AV

**ROMUALD ET JULIETTE** - 'n Verregaande Franse liefdesverhaal oor 'n wit sakeman wat verlief raak op die vrou wat sy kantoor skoonmaak... maar nie voor hulle die lig kan werp op die verknorsing van Afrika-immigrante in Parys nie. Firmine Richard lewer 'n kragtoer. - AV

**PRESUMED INNOCENT** - 'n Subtiele, verwikkelde, filosofiese ontleding van korrupsie wat baie dieper kyk as die voor die hand liggende elemente van 'n moordsaak. Alan J Pakula het die volmaakte voermiddel gevind om die mensdom se neiging na korrupsie uit te beeld. Vol subtiele ironieë. Harrison Ford, Gretha Scacchi, Brian Dennehy en Raul Julia lewer uitmuntende spel. - PG

**PELLE THE CONQUEROR** - Die tema is 'n Sweedse seun as moederlose kinderarbeider op 'n Deense plaas aan die einde van die vorige eeu. Nie 'n swak prent nie, maar die regisseur trap in die slaggat op die pad van enige kunswerk wat poog om sosiale onreg aan te spreek: die hoofkarakter bly tot naby aan die einde aan die passiewe ontvangkant van baie traumas. - DP

## Onafhanklike rolprentteaters

**JOHANNESBURG**

**MINI CINE** - Pretoriastraat 49, Hillbrow. (011) 642-8915:
Vandag en môre: WINGS OF DESIRE.
Maan tot Woens: PARIS TEXAS
Vertonings is om 3.00, 6.00 en 9.00.

**SEVEN ARTS** - Grantlaan, Norwood. (011) 483-1680
THE MUSIC TEACHER daagliks 2.00, 6.00, 8.00, 10.00.

**KAAPSTAD**

**LABIA** - Oranjestraat 68. (021) 245927
'n Keur van films o.a. One deadly summer, When the whales came, a Love Story, Love me gently. Bel gerus hulle is vriendelike mense.

# Kuns

**JOHANNESBURG**
**Gallery on the Market**: groepuitstalling van Susanna Swart, Jaco Roux en Margery Bradfield Schmidt. Wolhuterstraat 50, Newtown. (011) 492-1028.
**Sanderling-galery**: Groepuitstalling "Afrika Now" met kunstenaars soos Owen Ndou, Noria Mabasa en Ronnie van der Walt. Smalstraat-deurloop 7, Johannesburg. (011) 29-3889. Maandae tot Vrydae 9vm - 5nm, Saterdae 9vm - 1nm.
**Johannesburgse Kunsmuseum:** Ukiyo-e: kleurvolle Japanese houtblok-afdrukke (c.1615 tot 1868). Hierdie afdrukke beeld die hedonistiese wêreld van die stedelike bevolking uit. Dinsdae tot Sondae 10vm-5nm.
**Goodman-gallery**: André van Zijl se "A Sojourn in America" - na twee en 'n half jaar se reis deur Amerika bied van Zijl 'n nuwe blik op landskapskuns. Hyde Park. (011) 788-1113. Dinsdae tot Saterdae 9.30vm - 6nm.
**PRETORIA**
**Kunsmueseum:** Alexis Preller (1911 - 1975). Werk wat die skilder se hele skeppende loopbaan dek. Arcadia Park. Tel. (012) 344 1807.
**KAAPSTAD**
**Natale Labia-museum**: Treen - allerlei houtgoeters, soos Japanese netsukes, kieries uit Afrika en Skandinawiese snuifdosies tot 24 Februarie. Hoofweg 192, Muizenberg. (021) 88-4106. Dinsdae tot Sondae 10vm - 5nm.
**Irma Stern-museum:** 'n Keur uit die Irma Stern versameling. Cecilweg, Rosebank. (021) 685-5686. Dinsdae tot Sondae 10vm - 1nm; 2 - 5nm.


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING: 8 - 14 FEBRUARY
BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Liotta (2-19) DAILY 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30
MEMPHIS BELLE - Matthew Modine, Eric Stoltz (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MY BLUE HEAVEN - Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GHOST - Partrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO 1-6 BEDFORDVIEW 616-6828
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Liotta (2-19) DAILY 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30
MY BLUE HEAVEN - Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DEATH WARRANT - Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GHOST - Partrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23-5871
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Liotta (2-19) DAILY: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DEATH WARRANT - Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DARKMAN - Liam Neeson, Frances McDormand (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MY BLUE HEAVEN - Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE KRAYS - Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ROCKY V - Sylvester Stallone, Talia Shire (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-7 HILLBROW 725-1095
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Liotta (2-19) DAILY 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PROBLEM CHILD - John Ritter, Michael Oliver (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DARKMAN - Liam Neeson, Frances McDormand (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MY BLUE HEAVEN - Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DEATH WARRANT - Jean-Claude Van Damme (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO RANDBURG 787-0340
THE KRAYS - Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

7 ARTS NORWOOD 483-1680
THE MUSIC TEACHER - MON-FRI 2.00, 6.00, 8.00, 10.00 (A) SAT 2.00, 4.00, 6.00, 8.00, 10.00

NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Liotta (2-19) DAILY 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30
MEMPHIS BELLE - Matthew Modine, Eric Stoltz (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU WORLD CENTRE 1-8 494-3001 (Formerly Shareworld) Baragwanath Road ALL ADMISSIONS R4,00
DAILY: 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROCKY V - Sylvester Stallone, Talia Shire (2-10)
DEATH WARRANT - Jean-Claude Van Damme (2-18)
ANOTHER 48 HOURS - Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18)
DARKMAN - Liam Neeson, Frances McDormand (2-16)
THUNDERING MANTIS - All Star Karate Action (4-14)
WILD MERCENARIES - Fred Williamson, Bo Svensor (4-16)
DELTA FORCE 2 - Churck Norris, Richard Jaskel (2-16)
MY BLUE HEAVEN - Steve Martin, Rick Moranis (A)

NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MEMPHIS BELLE - Matthew Modine, Eric Stoltz (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
3 MEN & A LITTLE LADY - Tom Selleck, Ted Danson (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROCKY V - Sylvester Stallone, Talia Shire (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
CRAZY CAMERA - Adult Candid Camery Comedy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ARACHNOPHOBIA - Jeff Daniels, Julian Sands (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MEGACITY NU METRO MMABATHO (0140) 2-3553
MON-SAT 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 SUN 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00
ROCKY V - Sylvester Stallone, Talia Shire (2-10)
DARKMAN - Liam Neeson, Frances McDormand (2-14)
MY BLUE HEAVEN - Steve Martin, Rick Moranis (A)
GHOST - Patrick Swayze, Demi Moore (2-14)

MIDRAND CONSTANTIA (011)805-4266
400 3 MEN & A LITTLE LADY - Tom Selleck, Ted Danson (A) MON-FRI. 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 MY BLUE HEAVEN - Steve Martin, Rick Moranis (A) MON-FRI 6.00, 8.30 SAT 2.30, 6.00, 8.30

CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING:- Cynthia Rothrock, Keith Cook CHINA O'BRIAN (2-16)



NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 8 - 14 February

NU METRO OSCAR Jeppe Street, Sunnyside 341-7682
Death Warrant - Action Thriller (2-18) Jean-Claude, Van Damme DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO SUNNYSIDE Esselen Street 44-9867
MY BLUE HEAVEN - Hilarious Comedy - Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO VILLAGE 1-2 Sunnyside 44-6096
GHOST - A haunting love story (2-14) Partrick Swayze, Demi Moore DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
WILD ORCHID - Adult Sex Drama (2-19) Mickey Rourke, Jacqueline Bisset No 2-19 (Proof of age may be required) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-7 Menlyn Park 47-4568
GOODFELLAS - Crime Thriller (2-19) Robert De Niro, Ray Liotta DAILY 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30
MY BLUE HEAVEN - Hilarious Comedy - Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Problem Child - Family Comedy (A) John Ritter, Michael Oliver DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Three Men and a Little Lady - Comedy Drama (A) Tom Selleck, Ted Danson DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MEMPHIS BELLE - Thrilling Adventure (2-10) Matthew Modine, Eric Stoltz DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID - Adult Sex Drama (2-19) Mickey Rourke, Jacqueline Bisset No 2-19 (Proof of age may be required) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HOME ALONE - The No. 1 Smash Hit Family Movie (A) Macauley Gulkin, Joe Pesci DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 3 MEN & A LITTLE LADY - Comedy/Drama (2-14) Tom Selleck, Ted Danson (A) MON-FRI: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 MY BLUE HEAVEN - Hilarious Comedy - Steve Martin, Rick Moranis (A) MON-FRI 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30

NU METRO NELSPRUIT 1-3 The Promenade (01311) 25767
ROCKY V - Sylvester Stallone, Talia Shire (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PRESUMED INNOCENT - Thriller (2-18) Harrison Ford, Brian Dennehy DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Problem Child - Family Comedy (A) John Ritter, Michael Oliver DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BOOK AT COMPUTICKET



TOWERFLIEKE
DIÈ WEEK OP M-NET
• DEATH BEFORE DISHONOUR OORLOG 15/2
• BREWSTER'S MILLIONS KOMEDIE 16/2
• WILDCATS KOMEDIE 17/2
• BOY IN BLUE DRAMA 19/2
M•N•E•T
BESPREEK NOU JHB (011) 889-2222 & PTA (012) 346-2222
Young & Rubicam 111010/15/026


## Kaapstad


NU METRO THEATRE
NOW SHOWING: 8 - 14 FEBRUARY
BOOK AT COMPUTICKET (EXCEPT MITCHELL'S PLAIN)

NU METRO CLAREMONT 1-6 THE ATRUM 683-1123
DELTA FORCE 2 - Chuck Norris (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) No 2-19 (Proof of age may be required) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MY BLUE HEAVEN - Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GHOST - Partrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DARKMAN - Liam Neeson, Frances McDormand (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO SEA POINT 1-4 MAIN ROAD 434-7951
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Liotta (2-19) DAILY 10.00,, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30
MEMPHIS BELLE - Matthew Modine, Eric Stoltz (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) No 2-19 (Proof of age may be required) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18) DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO OSCAR ADDERLEY STREET 45-2585
TRACK 29 - Theresa Russell, Gary Oldman (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO RONDEBOSCH MAIN ROAD 685-4569
HAUNTED SUMMER - Alice Krige, Eric Stoltz (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-2 MITCHELL'S PLAIN 32-2040
FAMILY BUSINESS - Sean Connery, Dustin Hoffman (2-18) PLUS DELTA FORCE 2 - Chuck Norris (2-16) MON-FRI 9.30, 2.00, 7.30 SAT 11.00, 3.30, 8.00
FIGHTING JUSTICE - James Woods (2-16) PLUS TOLLA IS TOPS - Tolla van der Merwe (A) MON-FRI 9.30, 200, 7.30 SAT 11.00, 3.30, 8.00

NU METRO STUTTAFORDS 1-3 TOWN SQUARE 26-1818
DELTA FORCE 2 - Chuck Norris (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) No 2-19 (Proof of age may be required) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO FISH HOEK 1-3 MAIN ROAD 82-2404
DELTA FORCE 2 - Chuck Norris (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE KRAYS - Martin Kemp, Billie Whitelaw (2-18) DAILY. 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO BRACKENFELL 1-4 MAIN ROAD 981-8100
DELTA FORCE 2 - Chuck Norris (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Liotta (2-19) DAILY 10.00,, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) No 2-19 (Proof of age may be required) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MY BLUE HEAVEN - Steve Martin, Rick Moranis (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

STARNET 1-7 GOODWOOD MAIN ROAD 595-1820
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PROBLEM CHILD - John Ritter, Michael Oliver (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Liotta (2-19) DAILY: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30
MEMPHIS BELLE - Matthew Modine, Eric Stoltz (2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DELTA FORCE 2 - Chuck Norris (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) No 2-19 (Proof of age may be required) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HOME ALONE - The No 1 Smash Hit Family Movie (A) DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

# Kaapstad


## SK NOW SHOWING MOVIES

FRIDAY and SATURDAY 8 and 9 FEBRUARY 1991

CONCESSION PRICES STUDENTS AND SCHOLARS AT ALL PERFORMANCES

## CINEMAS

ADVANCE BOOKING AT COMPUTICKET (ENQUIRIES (021) 21-4715)

### Kenilworth Centre

4 Cinema Complex – TEL. 683-1209
DAILY 9 45am. 12 00, 2 15 5 15, 7 45, 10 00 pm
• ANDREW McCARTHY •
**WEEKEND AT BERNIE'S**
WILD HILARIOUS COMEDY (2 14)

DAILY 9.45 am, 2 30 and 7 45 pm ONLY
SPARKLING COMEDY
**HOME ALONE**
IDEAL HOLIDAY ENTERTAINMENT (All)

DAILY 12 00, 5 15 and 10 00 pm ONLY
The most controversial film you ll see this year
**RIVER'S EDGE**
Chrispin Glover · Dennis Hopper (2-21)

DAILY 9 45am. 12 00 2 45, 5 45, 8 00, 10 00pm
• STEVEN SEAGAL •
**MARKED FOR DEATH**
DYNAMIC ACTION THRILLER (2 18)

DAILY 9 15am. 12 00, 2 45 5 45, 8 00 10 00 pm
TOM SELLECK • TED DANSON
**THREE MEN AND A LITTLE LADY**
PERFECT FAMILY FUN FOR EVERYONE!! (All)

### Blue Route Tokai

Blue Route Centre, TEL. 75-3030
DAILY 10 00 am, 2 00, 5 10 7 50, 10 30 pm
• ROBERT DE NERO •
**GOODFELLAS**
AWARD WINNING THRILLER (2-19)

DAILY 9 45 am 12 00 2 15 5 15 7 45, 10 00 pm
GLENN CLOSE • JEREMY IRONS
**REVERSAL OF FORTUNE**
A SAGA OF MONEY AND MYSTERY (2-13)

DAILY 9 45 am 12 00, 2 30 5 15, 7 45, 10 00 pm
SPARKLING COMEDY
**HOME ALONE**
IDEAL HOLIDAY ENTERTAINMENT (All)

DAILY 9 45am 12 15 2 45, 5 45, 8 15, 10 15pm
• SHELLY LONG •
**TROOP BEVERLY HILLS**
Fun and Laughing for Everyone (ALL)

DAILY 9 45 am, 12 15, 2 30, 5 30 8 00 10 15 pm
• MATTHEW MODINE •
**MEMPHIS BELLE**
AN EXTRAORDINARY ADVENTURE (2-10)

SATURDAY ONLY: 9 45 am, 12 15 and 2 30 pm
TOM SELLECK • TED DANSON
**THREE MEN AND A LITTLE LADY**
PERFECT FAMILY FUN FOR EVERYONE!! (All)

FRI 9 45 am, 12 15 2 30 5 15 7 45, 10 00 pm
SAT 5 15, 7 45 and 10 00 pm ONLY
• STEVEN SEAGAL •
**MARKED FOR DEATH**
DYNAMIC ACTION THRILLER (2 18)

### Maynard Mall Wynberg

MAIN ROAD, TEL. 761 0131
DAILY 9 45 am, 12 00, 2 15, 5 15, 7 45, 10 00 pm
• ANDREW McCARTHY •
**WEEKEND AT BERNIE'S**
WILD HILARIOUS COMEDY (2-14)

DAILY 9 45 am, 12 15 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
• STEVEN SEAGAL •
**MARKED FOR DEATH**
DYNAMIC ACTION THRILLER (2 18)

DAILY 9 45 am, 12 00 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
• SHELLY LONG •
**TROOP BEVERLY HILLS**
Fun and Laughing for Everyone (ALL)

DAILY. 9 45 am. 12 15, 2 30 and 5 15 pm ONLY
SPARKLING COMEDY
**HOME ALONE**
IDEAL HOLIDAY ENTERTAINMENT (All)

NIGHTLY at 7 45 and 10 15 pm ONLY
• DENNIS QUAID •
**COME SEE THE PARADISE**
AN ALAN PARKER FILM (2-16)

### Monte Carlo

FORESHORE, TEL 25-3052
FRI 10 30 am, 2 30 5 15 8 00 10 15 pm
SAT. 9 45 am 12 00 2 30 5.15 8 00 10 15 pm
MON-THURS 10 30 am, 2 30, 5 15 and 8 00 pm
GLENN CLOSE • JEREMY IRONS
**REVERSAL OF FORTUNE**
A SAGA OF MONEY AND MYSTERY (2-13)

FRI 10.30 am 2 30 5 15, 8 00 10 15 pm
SAT 9 45 am, 12 00 2 30 5 15, 8 00, 10 15 pm
MON THURS 10 30 am, 2 30 5 15, 8 00 pm
• MATTHEW MODINE •
**MEMPHIS BELLE**
AN EXTRAORDINARY ADVENTURE (2-10)

### Protea Claremont

MAIN ROAD, TEL. 61-7979
DAILY 10 00 am, 2 00, 5 10 7 50, 10 30 pm
• ROBERT DE NERO •
**GOODFELLAS**
AWARD WINNING THRILLER (2-19)

DAILY 9.45 am, 12 00, 2 15 5 30 8 00, 10 15 pm
GLENN CLOSE • JEREMY IRONS
**REVERSAL OF FORTUNE**
A SAGA OF MONEY AND MYSTERY (2-13)

DAILY 9 45 am 12 00, 2 15, 5 30 8 00 10 15 pm
• MATTHEW MODINE •
**MEMPHIS BELLE**
AN EXTRAORDINARY ADVENTURE (2-10)

### Constantia Rosebank

MAIN ROAD, TEL. 686 6649
DAILY, 9 45am. 12 15 2 30, 5 15 7 45 10 15pm
– MARCELLO MASTROIANNI –
**STANNO TUTTI BENE**
(EVERYBODY'S FINE) with sub-titles (ALL)

DAILY 9 45am, 12 20 2 30 5 15 7 45, 10 15 pm
DANIEL AUTEMIL • FIRMINE RICHARDS
**ROMUALD & JULIETTE**
(MAMA, THERE S A MAN IN YOUR BED)
FRENCH WITH ENGLISH SUB-TITLES (2-16)

DAILY 9 45am, 12 15 2 30 5 45 8 15, 10 15 pm
CHRISTOPHER WALKEN • RUPOT EVERETT
**COMFORT OF STRANGERS** (2 19)

### Golden Acre

CITY, TEL. 25 2720
DAILY 10 00 am, 2.00, 5 10 7 50, 10 30 pm
• ROBERT DE NERO •
**GOODFELLAS**
AWARD WINNING THRILLER (2-19)

DAILY. 9 45 am 12 00, 2 15, 5 15, 7 45, 10 00 pm
• STEVEN SEAGAL •
**MARKED FOR DEATH**
DYNAMIC ACTION THRILLER (2-18)

DAILY. 10 00 am, 12 30, 2 45, 5 45 8 00 10 15 pm
SPARKLING COMEDY
**HOME ALONE**
IDEAL HOLIDAY ENTERTAINMENT (All)

### Tyger Valley

Tyger Valley Centre, Bellville Tel 948-6710
DAILY 10 00 am, 2 00, 5.10 7 50, 10 30 pm
• ROBERT DE NERO •
**GOODFELLAS**
AWARD WINNING THRILLER (2-19)

DAILY 9 45 am 12 00 2 15 5 15, 7 45, 10 00 pm
GLENN CLOSE • JEREMY IRONS
**REVERSAL OF FORTUNE**
A SAGA OF MONEY AND MYSTERY (2-13)

SATURDAY ONLY 9 45 am, 12 00, and 2.45 pm
SPARKLING COMEDY
**HOME ALONE**
IDEAL HOLIDAY ENTERTAINMENT (All)

FRI 9 45 am, 12 00 2 45 5 45, 8 00, 10 15 pm
SAT. 5 45, 8 00 and 10 15 pm ONLY
• STEVEN SEAGAL •
**MARKED FOR DEATH**
DYNAMIC ACTION THRILLER (2-18)

DAILY 9 45 am 12 15, 2 30 5 10 8 00 10 15 pm
• MATTHEW MODINE •
**MEMPHIS BELLE**
AN EXTRAORDINARY ADVENTURE (2-10)

### Kine Parow

Santam Centre, Parow Tel. 92 5126
MON-THURS 9 45 am 12 00 2 30 5 30 8 00 pm
FRI/SAT 9 45 am, 12 00 2 30, 5 30 8 00, 10 00 pm
• ANDREW McCARTHY •
**WEEKEND AT BERNIE'S**
WILD HILARIOUS COMEDY (2-14)

MON-THURS 9 45 am, 12 15 2 45 5 45 8 15, pm
FRI/SAT 9 45 am 12 15 2 45 5 45 8 15, 10 15 pm
• STEVEN SEAGAL •
**MARKED FOR DEATH**
DYNAMIC ACTION THRILLER (2 18)

### Somerset West

TEL. (024) 51-5581
FRIDAY 2 00, 4 30, 6 45, 9.00 pm
SAT. 10 30 am, 2 00, 4 30, 6 45, 9 00 pm
MON THURS 2 30, 5 30 and 8 00 pm
• MATTHEW MODINE •
**MEMPHIS BELLE**
AN EXTRAORDINARY ADVENTURE (2-10)

FRI/SAT 2 00, 4 45, 7 00 and 9 30 pm ONLY
MON-THURS 3 00 6 00 and 8 30 pm ONLY
• DENNIS QUAID •
**COME SEE THE PARADISE**
AN ALAN PARKER FILM (2-16)

SATERDAY ONLY 10 30 am. AND 12 15 pm
SOMETHING MAGICAL IS ABOUT TO HAPPEN
**PRANCER**
SAM ELLIOT • CLORIS LEACHMAN (All)

### Stellenbosch

TEL (02231) 4464
MON-FRI 1 15, 4 00, 6 45 9 30 pm
SATURDAY 10 00 am, 1 15, 4 00, 6 45 9 30 pm
• ROBERT DE NERO •
**GOODFELLAS**
AWARD WINNING THRILLER (2-19)

MON-FRI 2 00, 4.30, 6 45, 9 00 pm
SATURDAY 11 00 am, 2 00, 4 30, 6 45, 9 00 pm
• STEVEN SEAGAL •
**MARKED FOR DEATH**
DYNAMIC ACTION THRILLER (2-18)

MON-FRI 1 30, 4 15, 6 30, 9.00 pm
SAT. 10 00 am, 1 30, 4 15 6 30, 9 00 pm
• DENNIS QUAID •
**COME SEE THE PARADISE**
AN ALAN PARKER FILM (2-16)

MON-FRI 2 00 and 6 45 pm ONLY
SATURDAY 11 00 am 2 00 and 6 45 pm ONLY
TOM SELLECK • TED DANSON
**THREE MEN AND A LITTLE LADY**
PERFECT FAMILY FUN FOR EVERYONE!! (All)

DAILY, 4.30 and 9 00 pm ONLY
• SYLVESTER STALONE •
**ROCKY V**
ELECTRIFYING ACTION (2-10)

### DRIVE-INS ★

NIGHTLY AT 8.30 pm
★ R12,00 per Car, Combi or L.D.V for 2 Films ★

### Goodwood-Tel 54-4339

Next to Goodwood Showgrounds
MEL GIBSON • ROBERT DOWNEY JNR
**AIR AMERICA**
HIGH POWERED ACTION DRAMA (2-16)
— PLUS —
• JAMES WOODS •
**FIGHTING JUSTICE**
POWER PACKED DRAMA (2-16)

### Seabreeze-Tel 701-3309

Pollsmoor Rd. TOKAI
• STEVEN SEAGAL •
**MARKED FOR DEATH**
DYNAMIC ACTION THRILLER (2-18)
— PLUS —
• JEAN CLAUDE VAN DAMME •
**A.W.O.L.**
THEY GAVE HIM NO CHOICE (2-16)

### Skyvue-Tel 903-5130

Main Road KUILS RIVER
• SYLVESTER STALONE •
**ROCKY V**
ELECTRIFYING ACTION (2-10)
— PLUS —
MEL GIBSON • GOLDIE HAWN
**BIRD ON A WIRE**
Thrill a minute Action Drama (P G 2-10)



## STER-KINEKOR ROLPRENTE

8 FEBRUARIE – 14 FEBRUARIE
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 – ALMAL WELKOM

LET WEL: ALLE ROLPRENTE VERANDER VRYDAE

PRETORIA COMPUTICKET
NAVRAE (012) 322-7460

### SENTRAAL

#### KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2

Maan-Don: 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8 00, 10.30 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE!
**TROOP BEVERLY HILLS** (A)
N LAGWEKKENDE AVONTUUR KOMEDIE!
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
HULLE HET DIE VERKEERDE MAN BAIE BAIE KWAAD GEMAAK!
**DARKMAN** (2-16)
N SPANNINGVOLLE DRAMA!
**SIDE OUT** (2-13)
**DEATH WARRANT** (2-18)
**ROCKY V** (2-10)
**HOME ALONE** (A)
**ANOTHER 48 HOURS** (2-18)
**PRETTY WOMAN** (2-14)

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – PREDATOR 2 (2-18)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE
NA 4 NM MAAN-VRY, SAT HELE DAG

#### KINE HILLBROW 1-3 725-3134/725-2061

Maan-Don: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12 15, 2.30, 5 30, 8 00, 10 30 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE!
**MARKET FOR DEATH** (2-18)
HULLE HET DIE VERKEERDE MAN BAIE. BAIE KWAAD GEMAAK!
**FLATLINERS** (2-16)
DIE KONTROVERSIELE DRAMA!

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – PREDATOR 2 (2-18)

#### CINE CARLTON 1-5 331-2332

Daagliks: 10 00, 2 30, 5 15, 8.00, 10.30 nm
**GOODFELLAS** (2-19)
MARTIN SCORSCESE SE SKOKKENDE WARE VERHAAL VAN DIE MAFIA!
Maan-Don 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
Vry-Sat. 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**THE DIVE** (VV2-10)
N SPANNINGVOLLE ROERENDE DRAMA!
**REVERSAL OF FORTUNE** (2-13)
Spesiale Vertoning Don 14 Feb. 10 00 n.m.
POSTCARDS FROM THE EDGE
**GHOST** (2-14)
Daagliks: 10 00, 2.30, 5 00, 7 45, 10 30 nm
**COME SEE THE PARADISE** (2-16)

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – POSTCARDS FROM THE EDGE (2-16)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR

### NOORD

#### SANDTON CITY 1-9 783-4430/1

Daagliks: 10.00, 2 30, 5.15, 8.00, 10.30 nm
**GOODFELLAS** (2-19)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**THE DIVE** (VV2-10)
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
Spesiale Vertoning Don. 14 Feb. 10 00 n.m.
POSTCARDS FROM THE EDGE
Daagliks 9.45, 12.15, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 nm
**REVERSAL OF FORTUNE** (2-13)
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 nm
**MEMPHIS BELLE** (2-10)
Daagliks 10 00, 2 30, 5.00, 7.45, 10.30 nm
**COME SEE THE PASRADISE** (2-16)
Sat 9 Feb 10 00, 12 15
SIDE OUT (2-13)
Daagliks: 10.00, 12 15, 2.30, 5 30, 7.45, 10.00 nm
**HOME ALONE** (A)
**THREE MEN & A LITTLE LADY** (A)

VOLGENDE AANBIEDINGS
15 Feb – POSTCARDS FROM THE EDGE (2-16)

#### CRESTA RANDBURG 476-3802

Daagliks 10.00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
**TROOP BEVERLY HILLS** (A)
Spesiale Vertoning Don. 14 Feb. 10.00 n.m.
POSTCARDS FROM THE EDGE
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
Sat 9 Feb 10 00 v m
HOME ALONE (A)

#### KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446

Daagliks 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7 45, 10.00 nm
**MEMPHIS BELLE** (2-10)
Sat 9 Feb 10 00 vm
SHORT CIRCUIT 2 (A)
**TROOP BEVERLY HILLS** (A)
Spesiale Vertoning Don. 14 Feb. 10 00 n.m.
POSTCARDS FROM THE EDGE

#### NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816

Daagliks. 10.00, 2 30, 5 15, 8.00, 10.30 nm
**GOODFELLAS** (2-19)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
**REVERSAL OF FORTUNE** (2-13)

#### THE MALL ROSEBANK 880-2866/7

Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**REVERSAL OF FORTUNE** (2-13)
**BETHUNE – MAKING OF A HERO** (A)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**STANNO TUTTI BENE (EVERYBODY'S FINE)** (A)
(ITALIAANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Spesiale Vertoning Don. 14 Feb. 10.00 n.m.
POSTCARDS FROM THE EDGE
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 nm
**THE DIVE** (VV2-10)
**THE COMFORT OF STRANGERS** (2-19)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**KORCZAK** (VV2-10)
(POOLSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 nm
**HOW TO GET AHEAD IN ADVERTISING** (2-19)
**CHAMBRE APART (SEPARATE ROOMS)** (2-19)
(FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
**LONGTIME COMPANION** (2-18)
**ROMUALD ET JULIETTE** (2-16)
(FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)

### SUID

#### SOUTHGATE MALL 1-7 942-2036/7

Daagliks: 10.00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE!
**TROOP BEVERLY HILLS** (A)
N LAGWEKKENDE AVONTUUR KOMEDIE!
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
HULLE HET DIE VERKEERDE MAN BAIE, BAIE KWAAD GEMAAK!
**MEMPHIS BELLE** (2-10)
Sat 2 Feb 10.00 vm
CROCODILE DUNDEE (A)
**DEATH WARRANT** (2-18)
**ROCKY V** (2-10)
Sat 9 Feb 10 00 vm
SHORT CIRCUIT 2 (A)
**HOME ALONE** (A)

VOLGENDE AANBIEDINGS
15 Feb – POSTCARDS FROM THE EDGE (2 16)
15 Feb – PREDATOR 2 (2-18)

#### CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300

Daagliks. 10 00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**MOUNTAINS OF THE MOON** (VV2-12)
**COME SEE THE PARADISE** (2-16)

### OOS

#### GOLDEN WALK 1-4 GERMISTON 825-8326

Daagliks: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE!
**GHOST** (2-14)
PATRICK SWAYZE, DEMI MOORE EN WHOOPI GOLDBERG!
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
HULLE HET DIE VERKEERDE MAN BAIE, BAIE KWAAD GEMAAK!
**DEATH WARRANT** (2-18)

VOLGENDE AANBIEDINGS
15 Feb – PREDATOR 2 (2-18)

#### EASTGATE 1-6 622-3617/8

Daagliks: 10.00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 15 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
'N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE!
**REVERSAL OF FORTUNE** (2-13)
Sat 16 Feb 10 00, 12.15
THE LITTLE MERMAID (A)
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
HULLE HET DIE VERKEERDE MAN BAIE, BAIE KWAAD GEMAAK!
Spesiale Vertoning Don. 14 Feb. 7. 45 n.m.
POSTCARDS FROM THE EDGE
**MEMPHIS BELLE** (2-10)
N VERHAAL VAN DAPPERHEID, HOOP EN OORWINNING! N AKSIE DRAMA!
Daagliks. 10.00. 12.15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 nm
**HOME ALONE** (A)
**THREE MEN & A LITTLE LADY** (A)

VOLGENDE AANBIEDINGS
15 Feb – POSTCARDS FROM THE EDGE (2 16)
15 Feb – PREDATOR 2 (2-18)

#### KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023

Maan-Don: 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7 45 nm
Vry-Sal. 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
**SIDE OUT** (2-13)
OPWINDING, ROMANSE EN PRET IN DIE SON MET STRAND VLUGBAL!
**DEATH WARRANT** (2-18)
Sat 9 Feb 10 00, 12 15
BIG (A)

#### CONSTANTIA BENONI 422-3305

Maan-Don: 12.15, 2.30, 5.30, 7 45 nm
Vry: 12.15. 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 nm
Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
HUULE HET DIE VERKEERDE MAN BAIE, BAIE KWAAD GEMAAK!
Sat 9 Feb 10 00, 12.15
SHORT CIRCUIT (A)

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – POSTCARDS FROM THE EDGE (2-16)

#### PALM SPRINGS 1 & 2 56-3223

Maan-Don: 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7.45 nm
Vry Sat: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10.00 nm
**MEMPHIS BELLE** (2-10)
N VERHAAL VAN DAPPERHEID, HOOP EN OORWINNING! 'N AKSIE DRAMA!
**DEATH WARRANT** (2-18)

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – PREDATOR 2 (2-18)

### POTCH

#### KINE POTCHEFSTROOM 930378

Daagliks: 10.00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE!
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
**MEMPHIS BELLE** (2-10)
**SIDE OUT** (2-13)
**GHOST** (2-14)

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – POSTCARDS FROM THE EDGE (2 16)

### WES

#### WESTGATE 1-6 764-2530

Daagliks. 10 00, 2.30, 5.15, 8 00, 10.30 nm
**GOODFELLAS** (2-19)
MARTIN SCORSCESE SE SKOKKENDE WARE VERHAAL VAN DIE MAFIA!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
'N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE!
**TROOP BEVERLY HILLS** (A)
'N LAGWEKKENDE AVONTUUR KOMEDIE!
Sat 9 Feb 10 00, 12 15
THE NEVER ENDING STORY 2 (A)
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
Spesiale Vertoning Don. 14 Feb. 10.00 n.m.
POSTCARDS FROM THE EDGE
**HOME ALONE** (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30 nm
**THREE MEN & A LITTLE LADY** (A)
Daagliks 5 30, 7.45, 10 00 nm
**MEMPHIS BELLE** (2-10)

VOLGENDE AANBIEDINGS
15 Feb – POSTCARDS FROM THE EDGE (2-16)
15 Feb – PREDATOR 2 (2-18)

#### KINE FLORA 1 & 2 472-1658

Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 nm
**GHOST** (2-14)
PATRICK SWAYZE, DEMI MOORE EN WHOOPI GOLDBERG!
**DEATH WARRANT** (2-18)
VEILIGE PARKERING BESKIKBAAR TOT NA LAAT VERTONINGS

#### CINE HIGHGATE 1-5 474-2013

Kaartjies: Volwassenes R8,50. Skoliere R4,50
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
'N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE!
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
Sat 9 Feb 10.00 vm
OH HEAVENLY DOG (A)
**DARKMAN** (2-16)
**ROCKY V** (2-10)
Daagliks 10.00, 12.15, 2.30 nm
**HOME ALONE** (A)
Daagliks: 5.30, 7.45, 10 00 nm
**DEATH WARRANT** 2-18

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – PREDATOR 2 (2-18)

#### KINE KRUGERSDORP 665-5330

Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7 45 nm
Vry-Sat. 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7 45, 10.00 nm
**MEMPHIS BELLE** (2-10)
**GHOST** (2-14)
Sat 9 Feb 10 00 vm
PRANCER (A)

### VAAL △

#### RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928

Daagliks. 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7 45, 10.00 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
'N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE!
Daagliks 10.00, 2.30, 5 00, 7 45, 10.30 nm
**COME SEE THE PARADISE** (2-16)
Spesiale Vertoning Don. 14 Feb. 7 45 n.m.
POSTCARDS FROM THE EDGE

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – POSTCARDS FROM THE EDGE (2-16)

#### KINE VANDERBIJLPARK 016-330072

Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
HULLE HET DIE VERKEERDE MAN BAIE, BAIE KWAAD GEMAAK!
**MEMPHIS BELLE** (2-10)

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – PREDATOR 2 (2 18)

### PRETORIA

#### STERLAND 1-8 341-7568/9

Daagliks: 10 00, 2 30, 5 15, 8.00, 10.30 nm
**GOODFELLAS** (2-19)
MARTIN SCORSCESE SE SKOKKENDE WARE VERHAAL VAN DIE MAFIA!
Daagliks: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7 45, 10 15 nm
**THE DIVE** (VV2-10)
'N SPANNINGVOLLE ROERENDE DRAMA!
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE MET ANDREW McCARTHY EN JONATHAN SILVERMAN!
**TROOP BEVERLY HILLS** (A)
'N LAGWEKKENDE AVONTUUR KOMEDIE!
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
HULLE HET DIE VERKEERDE MAN BAIE, BAIE KWAAD GEMAAK!
**HOME ALONE** (A)
**THREE MEN & A LITTLE LADY** (A)

VOLGENDE AANBIEDINGS
15 Feb – PREDATOR 2 (2-18)

#### SUNNYPARK 1-3 44-4069

Daagliks. 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7 45, 10.00 nm
**REVERSAL OF FORTUNE** (2-13)
JERMEY IRONS (WENNER VAN DIE GOLDEN GLOBE) & GLENN CLOSE IN DIE SPANNINGVOLLE DRAMA!
**MEMPHIS BELLE** (2-10)
'N VERHAAL VAN DAPPERHEID, HOOP EN OORWINNING! 'N AKSIE DRAMA!
Daagliks: 10 00, 2 30, 5 0, 7 45, 10 30 nm
**COME SEE THE PARADISE** (2-16)

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – POSTCARDS FROM THE EDGE (2 16)

#### TRANSVALIA 26-8387

Maan-Vry: 2.00, 5 00, 8.30 nm
Sat. 10 00, 2.00, 5.00, 8 30 nm
**THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING** (2-21)
DINS. 5.00 n.m. UITVERKOOP

#### VERWOERDBURGSTAD 663-2034

Maan-Don: 10.00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45 nm
Vry-Sat. 10.00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
N LAGWEKKENDE PRET KOMEDIE MET ANDREW McCARTHY EN JONATHAN SILVERMAN!
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
Sat 9 Feb 10 00, 12.15, 2 30, 5 30 nm
HOME ALONE (A)

VOLGENDE AANBIEDING
15 Feb – POSTCARDS FROM THE EDGE (2-16)

#### ICE-RINK 44-5253

**PUBLIEK SKAATS**
MAANDAE – SATERDAE
1ste Sessie: 10.00-12.30 nm
2de Sessie: 2.00-5.00 nm
3de Sessie: 7.30-10.30 nm
Son. 2.00-5.00 nm – 7.30-10.30 nm

#### Sun City Teaters 014651-21174

WORD TANS VERTOON:
OOP 7 DAE PER WEEK

CINE 3
PREDATOR 2 (2-18)
POSTCARDS FROM THE EDGE (2-16)
WILD ORCHID (2-19)

CINE 1
TWEE SPLINTERNUWE VRYSTELLINGS!
TOUGH LOVERS (Volwasse)
CORRUPTION (Volwasse)

CINE 2
THE MISTRESS (Volwasse)
SCREW LOOSE (Volwasse)

### STER-KINEKOR PRETORIA INRYE

#### LYNNWOOD 87-1633

N VERHAAL VAN DAPPERHEID, HOOP EN OORWINNING! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
**MEMPHIS BELLE** (2-10)
**PRESUMED INNOCENT** (2-18)
Spesiale Vertoning Don. 14 Feb.
POSTCARDS FROM THE EDGE

#### SWARTKOPS 374-4902

STEVAN SEAGAL IS TERUG IN AKSIE IN DIE SPANNINGVOLLE DRAMA!
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
**AIR AMERICA** (2-16)

#### WONDERBOOM 57-1108

JEAN-CLAUDE VAN DAMME IN DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR RILLER!
**DEATH WARRANT** (2-18)
**BAD INFLUENCE** (2-19)

#### UITSPAN 7-2515

SYLVESTER STALLONE IS TERUG IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE DRAMA! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
**ROCKY 5** (2-10)
**ANOTHER 48 HOURS** (2-18)

#### JAKARANDA 54-9115/9

PRET IN DIE SON MET STRAND VLUGBAL! MET C. THOMAS HOWELL!
**SIDE OUT** (2-13)
**HOME ALONE** (A)

#### WITBANK 01351-81064

TOM SELLECK, TED DANSON & STEVE GUTTENBERG IN DIE LAGWEKKENDE FAMILIE KOMEDIE!
**THREE MEN & A LITTLE LADY** (A)
**TURNER & HOOCH** (A)

#### RUSTENBURG 01421-29358

TOLLA VAN DER MERWE SE TREFFER KOMEDIE! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
**TOLLA IS TOPS** (A)
**ENEMY UNSEEN** (4-12)

### WITWATERSRAND INRYE 8 FEB. – 14 FEB.

#### TOP STAR (STAD) 412-1843/493-5877

SYLVESTER STALLONE!
**ROCKY 5** (2-10)
Plus die pret familie komedie
**UNCLE BUCK** (A)
Vry 15: PREDATOR 2/DIE HARD 2

#### VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812

TOM SELLECK (MAGNUM)
TOM SELLECK, TED DANSON EN STEVE GUTTENBURG IN DIE LAGWEKKENDE FAMILIE KOMEDIE!
**THREE MEN & A LITTLE LADY** (A)
**GREMLINS 2** (VV2-8)
Vry 15: POSTCARDS FROM THE EDGE

#### ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017

VAN DAMME!
JEAN CLAUDE VAN DAMME IN DIE GROOT AKSIE TREFFER!
**DEATH WARRANT** (2-18)
Plus Chuck Norris in
**DELTA FORCE 2** (2-16)

#### STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131

STEVEN SEAGAL IS TERUG IN DIE AKSIE-BELAAIDE RILLER!
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
**LAMBADA – THE FORBIDDEN DANCE** (VV2 10)
Vry 15: ROCKY 5

#### 5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/794-1385

SUPER DUBBEL VERTONING VIR DIE HELE FAMILIE!
**NEVER ENDING STORY 2** (A)
Plus Walt Disney se
**THE LITTLE MERMAID** (A)
Vry 15. PRESUMED INNOCENT

#### KEMPTON PARK 816-1444/976-4905

SYLVESTER STALLONE!
**ROCKY 5** (2-10)
**DAYS OF THUNDER** (A)
Vry 15 PROBLEM CHILD ALMOST AN ANGEL

#### GERMISTON 816-1444/902-1607/8

'N SUPER AKSIE DUBBEL MET JEAN-CLAUDE VAN DAMME!
**DEATH WARRANT** (2-18)
**CYBORG** (2-18)
Vry 15: ANOTHER 48 HOURS BIRD ON A WIRE

#### VEREENIGING (01612) 3211

DIE TREFFER KOMEDIE VAN TOLLA VAN DER MERWE!
**TOLLA IS TOPS** (A)
**ENEMY UNSEEN** (4-12)

#### STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468

PATRICK SWAYZE
PATRICK SWAYZE DEMI MOORE EN WHOOPI GOLDBERG IN DIE TREFFER FILM!
**GHOST** (2-14)
**PROBLEM CHILD** (A)

#### BRAKPAN 816-1444/915-3907

PATRICK SWAYZE
PATRICK SWAYZE, DEMI MOORE EN WHOOPI GOPLDBERG IN DIE TREFFER FILM!,
**GHOST** (2-14)
**CRAZY PEOPLE** (2-14)

#### SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129

DIE SUPER DUBBEL VIR DIE HELE FAMILIE!
**NEVER ENDING STORY 2** (A)
Plus Walt Disney se
**LADY & THE TRAMP** (A)
Vry 15: TOLLA IS TOPS

#### MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060

STEVEN SEAGAL IS TERUG IN DIE AKSIE-BELAAIDE RILLER!
**MARKED FOR DEATH** (2-18)
**FLATLINERS** (2-16)
Vry 15: TOLLA IS TOPS

#### HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212

VAN DAMME!
JEAN-CLAUDE VAN DAMME IN DIE GROOT AKSIE TREFFER!
**DEATH WARRANT** (2-18)
**SET THE NIGHT ON FIRE** (A)

#### SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138

VAN DAMME in . . .
DIE GROOT AKSIE TREFFER!
**DEATH WARRANT** (2-18)
Plus Chuck Norris in . . .
**DELTA FORCE 2** (2-16)

#### PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411

VAN DAMME!
**A.W.O.L.** (2.16)
Absent Without Leave
**LAMBADA – THE FORBIDDEN DANCE** (A)

#### KINANDER (EVANDER) 24117

PATRCK SWAYZE!
**GHOST** (2-14)
**CRAZY PEOPLE** (2-14)
Vry 15: THREE MEN & A LITTLE LADY

#### KRUGERSDORP 412-1843/953-1959

LAASTE WEEK! LAASTE WEEK!
**TOLLA IS TOPS** (A)
Plus Bles Bridges
**THE DEVIL AND THE SONG** (A)

#### NIGEL 816-1444/739-6616

MEL GIBSON
**AIR AMERICA** (2-16)
**NAVY SEALS** (2-12)
Vry 15: NEVER ENDING STORY

# Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê in dié skemerlig word ons melancholies en hunker na die dood

Die Bleskoppe teen Apartheid wonder hoeveel rubicons is daar dan

**Teen slegs R40 (AVB uitgesluit) sal ons u kleinadvertensie vier opeenvolgende weke in Vrye Weekblad plaas. Skakel Louwrins by 836-2151 NOU en plaas jou advertensie. (Slegs 25 woorde of minder)**

## DIENSTE

**INGEVOERDE BALE KLERE**
Van Duitsland, 200 kilogram bale beskikbaar. Tel (011) 868-2805 (nature) of 665-2631 / 665-3794 (kantoorure)

*__POWA TRAINING COURSE__*
POWA (People opposing women abuse) is a feminist organisation which focuses on violence against women. We are involved in providing a support service and educational intervention. We'll be running a training course from March to April for women who would like to become volunteer members of the organisation. Anyone interested can phone POWA before 15 February to arrange an interview. Tel: 642-4345 (From 6 to 10 pm.)

CITY COLLEGE
7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001
* Computer courses
* Secretarial courses
* English
* Enrolments accepted throughout the year
* Accommodation available
* Free job placement advice given

ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

*__DRESSMAKING & DESIGN__*
BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS
ENQUIRIES
CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

**__BEDREWE VERWER__**
Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 (Maandae)

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

**DIENSPLIG ADVIESDIENS**
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

***POWA*** (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the opportunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

## GEBEURE

*__FAMILY MENTAL HEALTH IS PRICELESS__*
This is the theme for the MARCH IS MENTAL HEALTH MONTH campaign, culminating in the MENTAL HEALTH MONTH CONFERENCE, on 2 & 4 March 1991 (7h30 - 16h00 ); at Kohonia, 115 Derby Rd, Judith's Paarl, Johannesburg.
The aim of this campaign is to create public awareness of the paramount importance of the emotional and social well-being of families, the building blocks of society, and the role families play in the development of healthy individuals and therefore a healthy nation. We would like as many families and couples as possible to attend the workshop.
ENQUIRIES: Liz Norman or Louise Eatock at 725-5800 (Tel) or 725-5853 (Fax) or write to the National Council for Mental Health, PO Box 2587, JHB 2000

**__SPECIAL SCREENINGS OF THE CIVIL RIGHTS MOVEMENT__**
**"EYES ON THE PRIZE"**
During February the US Information Service will present in honour of Dr Martin Luther King, Jr's Birthday and African-American History Month, a 14-part video series entitled "Eyes On The Prize". This award-winning series examines the American Civil Rights Movement, and the impact the millions of whites and blacks struggling to effect change had around the world.
These programs will be screened on Wednesdays at 13:00 in the USIS auditorium.

FEBRUARY 13:
**MISSISSIPPI:**
Is this America (1962-1964)
In the early 1960's, resistance to the Civil Rights Movement in Mississippi met an equally strong determination of organizers to bring Mississippi blacks into the political process.
Black citizens who had been denied the rights to vote stepped forward and demanded it. Medgar Evers, Michael Schwerner, Andrew Goodman, James Chaney, and many others died in the struggle.
But before the summer was over, a delegation of the newly formed Mississippi Freedom Democratic party would challenge the Democratic party convention in Atlantic City.
You are invited to bring your take-away lunches to the USIS auditorium on the 3rd floor of the Afican Life Centre, 111 Commissioner Street, Johannesburg.
Information: 29-3451

## MARK

**PHAMBILI BOOKS:**
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00

*STET*
*STET*
*STET*
*Lees die jongste Stet en gaan sorgeloos deur die lewe*
**Bestel by:**
**Stet**
**Posbus 39400**
**Bramley 2081**

**Kashgar**
**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

**Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**


# *Vrye* Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

## Redaksie
***Redakteur:*** **Max du Preez**
***Senior skrywers:*** **Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
***Nuusredakteur:*** **Hans Pienaar**
***Sub-redakteur:*** **Ryk Hattingh**
***Nuusredaksie:*** **Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
***Fotoredakteur:*** **Lise Joubert**
***Ontwerp:*** **Esma Anderson, Tinus Horn en Andrea Vinassa**
***Vrydag-redaksie:*** **Andrea Vinassa, Koos Prinsloo en Laetitia Pople**
***Sportredakteur:*** **Tinus Horn**
***Vrye Weekblad Boeke/Books:*** **Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**

## Bestuur
***Advertensies en bemarking:*** **Manie Eagar en Louwrins Potgieter**
***Redaksionele assistent:*** **Cathy Fennessy**
***Boekhouding:*** **Clara Nkutha**
***Kantoorbestuur:*** **Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan**

## Buitekantore
***Kaapstad-kantoor:*** **Christelle Terreblanche. Tel (021) 47-8960 en 47-8819**
***Pretoria-kantoor:*** **Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.




# Curriebeker-krieket: Wat het werklik verander?



TIM SANDHAM

ORAL in die land brom mense oor die huidige Curriebeker-krieketstelsel.

Die toeskouers sê dis vervelig. Die administrateurs kla dat dit nie winsgewend is nie, maar tog noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die "korrekte krieketvaardighede". (Engeland, wat nog al die jare groot klem lê op meerdaagse krieket, se patetiese rekord op sy toer deur Australië slaan daardie wit leuen die nek in).

Die spelers mor omdat drie dae glo te min is om 'n wedstryd af te handel. Rodney Ontong het selfs vir Clive Rice van seniliteit beskuldig toe hy toegelaat het dat nog 'n wedstryd voortsluimer na 'n onbesliste einde. Gelukkig het laasgenoemde - in die ware krieketgees - hom weerhou daarvan om enige uitlatings oor eersgenoemde se ma te maak. Wel, in elk geval nie op rekord nie.

Die spelers sê vier dae sal beter wees, maar die krieketbase se rekenkunde sê as jy die twaalf toeskouers wat deesdae na 'n Curriebekerwedstryd kyk oor vier dae versprei, sal die pawiljoene nog leër lyk, en die borge nog suurder word.

Wie kan hulle verkwalik? Wie wil sy produk koppel aan 'n reeks waar niemand wen nie? 'n Trefspreuk soos "Castle, die bier vir manne wat onbesliste uitslae kan bewerkstellig!" sal nie juis wondere vir verkope verrig nie.

Sportskrywers verdedig natuurlik meerdaagse krieket asof hul lewens daarvan afhang en steun die spelers se pleidooi om 'n ekstra dag. Hoe anders? Wie wil nou in 'n bedompige kantoor wees as jy in die Wanderers se persbank kan sit en Coke drink en toebroodjies eet?

Enige sportskrywer met 'n sweempie selfrespek sal tog sy regte beskerm.

Willie Basson het onlangs glo gesê sport moet in die toekoms ook sy sosiale verpligtinge nakom. Die afskaffing van driedaagse krieket is 'n goeie begin. Die kos wat die persmanne in een krieketseisoen sou verslind, is genoeg om die land se dreigende hongersnood die nek in te slaan.

Ek het onlangs vir die eerste keer in jare na 'n driedaagse wedstryd op die Wanderers gaan kyk. Dit het my nostalgies laat terugdink na my laerskooldae; hoe ons douvoordag 'n bus middestad toe gehaal het, ure gewag het vir 'n tweede bus na Dunkeld en nog steeds die begin van die wedstryd misgeloop het.

Net soos in die ou dae daag ons nou die dag weer laat op. Die enigste ses van die dag is reeds geslaan, maar dit is steeds lekker om daar te sit in die son en die vars lug.

So nou en dan slaan iemand 'n vier en 'n vyftig-vennootskap hier en daar gee ons iets om oor hande te klap.

Maar van groot opwinding is daar geen sprake nie. Die spelers toon 'n soort argelose gebrek aan dringendheid wat ek laas in Zambië gesien het.

Skielik val daar 'n paaltjie - maar ek is besig om 'n toebroodjie uit die kosmandjie te haal. Ek wag tevergeefs vir die "kyk weer".

Ek neem my voor om op te hou eet en te konsentreer op die westryd. Dit doen ek toe ook vir tien minute. Ek volg die bouler met die verkyker en spoor hom aan om nog 'n paaltjie te te laat kantel, maar die kolwer trek sy kolf uit die pad en kyk hoe die bal deurskiet na die paaltjiewagter.

'n Meisie van so agtien of wat kom in die paadjie afgestap. Sy is lieflik. Al die ander mans dink ook so.

Iemand wonder hardop: "Wat stel sy nou belang in krieket? Sy's net hier om te tan en ons aandag van die spel af te trek."

Dit is ook so, sy sit en trek haar bloesie uit. Die skare juig oorverdowend - nog 'n blerrie paaltjie het geval.

Die volgende kolwer sal versigtig wees; dis immers amper etenstyd. Dus 'n gawe tyd om lêwwie toe te gaan. Ek het skaars pos geneem daarbinne of die skare juig weer.

Ek maak gou klaar en haas my terug na my sitplek. Verniet. Nog 'n paaltjie is plat en die spelers het die veld verlaat om te gaan eet.

Ons spring oor die heining en speel 'n potjie krieket met 'n plastiekkolf en 'n tennisbal. Die hordes klein seuntjies daar maak die wêreld te warm vir my en ons gaan sit maar.

Die namiddag se spel verloop baie soos die oggend s'n, op enkele uitsonderings na. 'n Paaltjie val net toe ek vir die koeldrankverkoper probeer verduidelik dat ek vir hom 'n tweerandstuk en nie 'n twintigsentstuk gegee het nie.

Kort daarna trek 'n gefrustreerde pa my aandag af toe hy sy seun 'n vet klap gee omdat hy vir 'n vierde hotdog neul. Natuurlik val daar 'n paaltjie.

Die daaropvolgende paaltjie val toe ek my seun 'n vet klap gee omdat hy vir 'n vierde hotdog neul.

Dis toe dat die donderwolke al dreigender begin saampak. My seun met die seer oor voel dat ons huis toe moet gaan voor die groot reën, terwyl ek voel dat die wolke oor sal waai. Ek het in elk geval betaal vir die hele dag se krieket en in daardie stadium nog niks daarvan gesien nie.

Die demokratiese proses wen egter en ons is vort.

Die aand sit ek met my rooigebrande lyf en kyk na die nuus. Die nuusleser sê dat die reën weggebly het. Sy sê ook dat die laaste uur skitterspel opgelewer het.

Ek dink terug aan ons skooldae. Wat het verander? Niks. Behalwe die prys van die toegangskaartjie en die feit dat ek nou die een is wat klappe uitdeel.

Van Bl. 32

# Steroides: wondermiddel of plaag?

mense wat hul gesondheid skaad, is diegene wat onder wanindrukke verkeer, soos byvoorbeeld dat 'n toename in krag en vaart regstreeks verband hou met die hoeveelheid steroïdes wat jy gebruik.

"Niks kan verder van die waarheid wees nie, maar hoe kan jy sportmanne deeglik inlig as die onderwerp taboe is?" vra hy.

Argumente oor die etiese probleme verbonde aan "chemiese oorlogvoering" op die sportveld maak ook geen indruk op hom nie.

"Regverdigheid bestaan tog nie. Almal se situasies verskil en ek voel ek moet as kragopteller so goed wees soos wat ek kan. Steroïdes help my om beter te presteer."

Hy meen die feit dat Lewis 'n skoon rekord het, in teenstelling met Johnson, bewys geensins dat eersgenoemde sonder hulpmiddels deelneem nie. "Waarvan ons wel kan seker wees, is dat sy dokter weet hoe om verbode middels te verberg."

Omdat die gebruik van steroïdes 'n relatief nuwe verskynsel is, weet wetenskaplikes betreklik min van die langtermyn-gevolge. Niemand kan met sekerheid sê hoe dit gebruikers oor 30 jaar of wat gaan raak nie.

'n Vereenvoudigde omskrywing van die kommersieel-verkrygbare steroïdes lyk so: Dit is 'n stof waarvan die chemiese samestelling ooreenstem met die van die manlike hormoon testastoroon. Inname daarvan vergroot die liggaam se stikstofinhoud, wat soos proteïne die bou van spierweefsel versnel.

Dit plaas egter groot druk op die reinigings-organe, die niere en lewer, wat met gereelde gebruik beslis tot groot gesondheidsprobleme kan lei.

Die kragopteller meen egter alkohol en rook, wat sosiaal aanvaarbaar is, is minstens net so gevaarlik en moontlik veel gevaarliker.

"Ek kyk na Ben Johnson, en ek sien beslis nie 'n man wat sy liggaam skend nie, maar eerder 'n haas volmaakte voorbeeld van die menslike spesie. Hy is geen dwelmslaaf nie, maar wel 'n man wat sy liggaam tot op sy uiterste ontwikkel het.

"Wat gee 'n drinkende, rokende oorgewig beampte, wat veel groter gesondheidsrisiko's loop, die reg om hom te veroordeel?"

Volgens Gordon is dit nie so eenvoudig nie. Selfs al verkeer gebruikers van steroïdes nie in lewensgevaar nie, is die risiko's daaraan verbonde steeds groter as die voordele.

"Ek kan verstaan dat sportmanne in die internasionlae arena berekende waagstukke aangaan, omdat daar groot geld ter sprake is. Maar 'n kragopteller wat hom in Suid-Afrika aan allerlei gevare blootstel, word as hy wen met 'n gasbraaier beloon. Kan dit die prys werd wees?"

Waarskynlik nie. Maar hoe keer jy die vloedgolf? Vir baie top-sportmanne is die groot kwelling nie hoe hulle beter kan presteer sonder chemiese hulpmiddels nie, maar eerder hoe hulle kan verhinder dat hulle uitgevang word.

"Sportmanne moet voor die voet getoets word," se Gordon. "Steekproewe is nie goed genoeg nie, omdat sportmanne dan nog 'n kans het om daarmee weg te kom, en niemand glo dat hy uitgevang kan word nie. Eers as jy almal begin toets, sal jy die risiko vir hulle te groot maak."

**Sugar Ray Leonard se geveg teen Terry Norris om die Wêreld Boksraad (WBC) se junior middelgewigkroon is die hoogtepunt van die week op M-NET Supersport. Ander gebeure wat deur die betaalkanaal gedek word, sluit Britse sokker, internasionale gholf en tennis in. Die B&H-krieketreeks nader sy klimaks, en die wedstryde tussen Transvaal en Noord Transvaal, Natal en die OP, WP en die Impalas en Vrystaat en Transvaal word tussen vandag en volgende Vrydag almal regstreeks op die SAUK se kanale uitgesaai.**

## Die week se TV-Sport

**Die week se volledige sportprogramrooster is:**

**SAUK:**
**Vrydag, 8 Februarie:**
TSS, 13h00: Rolbal: SA Interprovinsiale toernooi. 14h30: AECI Classic; 17h00 en 21h00: krieket: B&H wedstryd tussen Transvaal en Noord-Transvaal in Verwoerdburg.
TV1, 18h30: Gillette World Sport Special.
TV4, 20h35: Power Mania (3)
**Saterdag, 9 Februarie**
TV1, 12h00-1756: Junior Sport; Rolbal: SA Interprovinsiale toernooi.; Seiljagvaart (BOC-uitdaagwedvaart: jongste nuus); Perdewedrenne vanaf Milnerton; Atletiek vanaf Secunda Gholf: AECI Classic. Tennis: ATP-toernooireeks.
**Sondag, 10 Februarie**
TSS 13h00: Junior Sport (heruitsending)
**Maandag, 11 Februarie:**
TV1, 21h00: Krieket-sage: episode 13. Atletiek vanaf Stellenbosch.
**Woensdag, 13 Februarie:**
TSS 16h10 en 21h00: Krieket: B&H wedstryd Natal v OP; atletiek: Transnet-byeenkoms in Germiston
**Donderdag, 7 Februarie**
TSS 16h10 en 21h00: Krieket: B&H wedstryd WP v Impalas

**M-NET:**
**Vrydag, 8 Februarie:**
World of National Panasonic
**Saterdag, 9 Februarie:**
15:00 - 19:00 - Regstreeks: Sokker: Engelse eerste liga; Motorsport News; Sportsfire.Tennis: hoogtepunte van ATP eindstryd tussen Agassi en Edberg wat verlede jaar November beslis is.
**Sondag, 10 Februarie**
05h00 - Boks: Sugar Ray Leonard teen Terry Norris. 14h00: World of National Panasonic; tennis: eindstryd van ATP se binnenshuise toernooi.
**Dinsdag, 12 Februarie:**
22h00: Nashua se Britse sokkerhoogtepunte

Bl. 31: Krieket: Wat het werklik verander?

**Opkikkers en steroïdes bly in die nuus. Veral laasgenoemde is 'n hoogs omstrede onderwerp, omdat medici wereldwyd waarsku dat die gebruik daarvan groot gesondheidsgevare inhou. Gebruikers, daarenteen, meen die doemprofete oordryf. Vir hulle is die enigste reël dat jy nie uitgevang moet word nie. TINUS HORN stel ondersoek in na die groeiende probleem en kyk na die voordele en die gevare wat die verbode middels vir sportmanne en -vroue inhou**

# Steroïdes:



# 'Chemiese oorlog' op die sportveld

ATLETIEKBASE se reaksie op volgehoue druk van top-atlete om gebruikers van verbode middels kort te vat, was bra voorspelbaar.

Hulle het 'n sondebok gesoek en maklik gekry. Die verspring-Springbok Francois Fouché is onlangs positief getoets vir die gebruik van cathine, 'n middel wat in verskeie soorte hoesstroop voorkom, en stellig geen voordele vir 'n atleet inhou nie.

Hy is vir drie maande geskors en daarmee hoop die Suid-Afrikaanse Atletiekunie waarskynlik om die storm om opkikkers en ander verbode middels te laat bedaar.

Hulle swyg egter nog soos die graf oor die Springbok-kaptein Stan Valentine se bewering dat 14 atlete verlede seisoen positief getoets is vir verbode middels.

Die hoogspringer Desiré du Plessis het verlede jaar in 'n onderhoud aan Vrye Weekblad gesê steroïdes word steeds op groot skaal deur deelnemers in veral die kragnommers gebruik.

Waarom hoor 'n mens dan nooit van hul oortredings in die media nie? Êrens is iemand besig met 'n grootskeepse toesmeer-aksie, wat atletiek se naam groot skade aandoen.

Atletiek is egter nie die enigste sportsoort met 'n probleem nie. In kragoptel en liggaamsbou word steroïdes as net so 'n belangrike deel van 'n deelnemers se program beskou as die ure wat hulle elke dag in 'n gimnasium deurbring.

En verlede maand het twee Britse klub-rugbyspelers erken dat hulle van steroïdes gebruik gemaak het om hul verrigting te verbeter.

Keith Gordon, 'n fiksheidsdeskundige en gimnasium-eienaar van Johannesburg, wat 'n jarelange verbintenis met die Transvaalse rugbyspan gehad het, sê die spanlede het hulle in dié tyd nooit aan wanpraktyke skuldig gemaak nie, maar waarsku dat dit vorentoe wel 'n probleem kan word.

"Steroïdes is deesdae so vryelik beskikbaar, dat die versoeking nou groter is as ooit. Ek het onlangs twee lede van my gimnasium uitgevang wat hulself met steroïdes ingespuit het. Ek het hulle weggejaag, maar ek weet dat liggaamsbouers by ander gimnasiums aangemoedig word om steroïdes te gebruik, vanweë die kitsresultate wat dit bied."

In Amerikaanse voetbal is spelers wat nie steroïdes gebruik nie, glo die uitsondering eerder as die reël. Rugbyspelers kan ook baat vind by die kits-krag, -vaart en -uithouvermoë. Die versoeking is dus daar.

In Suid-Afrika is rugbyspelers verlede jaar vir die eerste keer vir verbode middels getoets, maar volgens spelers was dit 'n klugtige affêre. Die manne wat getoets is, is vooraf met die hand uitgesoek omdat dit bekend was dat hulle "skoon" was. Spelers sê die president van die Transvaalse Rugbyunie, Louis Luyt, het dit vanjaar duidelik gestel dat oortreders swaar gestraf sou word. As daar nie sprake van wanpraktyke was nie, sou so 'n waarskuwing oorbodig gewees het.

Maar hoe effektief is steroïdes werklik?

Gordon, wat al gesien het hoe gebruikers van steroïdes byna oornag bultende spiere ontwikkel, wonder nietemin of die voordele werklik so groot is as wat voorstanders daarvan meen.

"Ek glo dis hoofsaaklik 'n sielkundige ding. Mense besef nie hoe 'n groot rol 'n positiewe benadering in verbeterde verrigting speel nie."

Hy meen 'n liggaamsbouer wat suikerpille neem, onder die indruk dat dit steroïdes is, sal ook vinniger vorder, net omdat hy glo dat dit gebeur.

"Ben Johnson (wat vir twee jaar geskors is nadat hy by die Olimpiese Spele in Seoel ná 'n wereldrekord in die 100-meter positief vir die gebruik van steroïdes getoets is) sou Carl Lewis geklop het, of hy 'n verbode middel gebruik het of nie."

'n Kragopteller wat steroïdes gebruik, en nie sy naam genoem wil hê nie omdat hy 'n heksejag vrees, stem saam dat dit geen wondermiddel is wat welslae waarborg nie, maar glo dat dit wel groot voordele vir sekere sportmanne inhou.

"Ek weet uit ervaring dat steroïdes werk. Dit gaan nie van 'n middelmatige deelnemer 'n kampioen maak nie, maar dit haal beslis 'n paar persent meer uit 'n top-deelnemer."

Hy stel dit onomwonde dat dit deesdae byvoorbeeld onmoontlik sou wees om 'n wêreldkampioen in kragoptel te word sonder steroïdes.

"Dit sou verkeerd wees om te sê dat sommige kragoptellers 'n onregverdige voorsprong bo hul teenstanders soek. Die gebruik van steroïdes is so wydverspreid, dat jy dit nou gebruik om op gelyke voet met jou teenstanders te kan deelneem."

Na sy mening word die gevare verbonde aan steroïdes uit verband geruk.

"Ek gee toe, daar is 'n gesondheidsrisiko, maar die stigma wat aan steroïdes kleef, is onverdiend en vergroot die gevaar. Omdat mense wat die middels gebruik dit nie openlik kan erken nie, kan hulle nie inligting inwin wat hulle teen die gevare beskerm nie."

Dis soos alles wat onder die tafel gedoen word: van beheer kan daar geen sprake wees nie. Die bogenoemde kragopteller meen die

Na bl. 31

| Voordele: | Gevare: |
|---|---|
| verbeterde vaart | lewerkanker |
| meer krag | nier-disfunksies |
| groter uithouvermoë | steriliteit |
| | verhoogde bloedcholestrol |